

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 59 | Volume 59 | **JUNIE 2019**
Nommer 2 | Number 2 | **JUNE 2019**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2019

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic
Citizenship Education

Internasionaal/International

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit
Leuven, België)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2019 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2019 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Jaargang 59 Nommer 2, Junie 2019 / Volume 59 Number 2, June 2019

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1)

MARIUS NEL

Moedertaal in die kerk: Die Apostoliese geloofsending van Suid-Afrika (AGS van SA) en Afrikaans as 'n illustrasie van die rol van moedertaal in die kerk / *Mother tongue in the church: The Apostolic Faith Mission of South Africa (AFM of SA) and Afrikaans as an illustration of the role of mother tongue in the church* 177

PIETER VERSTER

Uitdagings ten opsigte van taaldiversiteit in kerke: Die eenheid van die kerk en taal / *Challenges concerning the diversity of languages in churches: The unity of the church and language* 192

NATASCHA KIENSTRA

Theologiese bijdragen voor leraarschap / *Theological contributions for teacherhood* 203

GEORGE DE BRUIN EN ELEANOR CORNELIUS

“My pen is in my hand”: 'n Ondersoek na die leksikale aktivering in Engels-Afrikaanse algemene tweetaliges, beroepsvertalers en beroepstolke / *My pen is in my hand”: An investigation of lexical activation in English-Afrikaans general bilinguals, professional translators and professional interpreters* 216

CORNÉ VAN DER VYVER, CARISMA NEL, ELIZE VOS EN RONÉL VAN OORT

Storievertelling as onderrigstrategie ter versterking van identiteitsontwikkeling by agtergeblewe individue / *Storytelling as a teaching strategy to strengthen identity development in disadvantaged individuals* 235

FA MOUTON

“Onkruid tussen die koring”: Oswald Pirow en die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, 1940–1943 / *“Weeds amongst the wheat”: Oswald Pirow and the New Order for South Africa, 1940–1943* 251

AKTUEEL: DEBAT

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 265

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

RIAAN EKSTEEN

Brexit se politieke en ekonomiese nagevolge en historiese realiteite / *Brexit's political and economic consequences and historical realities* 266

REPLIEK

LEOPOLD SCHOLTZ

Die ramp van Brexit 292

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Nog klein jakkalsies	301
----------------------------	-----

UITNODIGING

Temanommer oor kwesbaarheid in die samelewing	303
---	-----

Moedertaal in die kerk: Die Apostoliese Geloof-sending van Suid-Afrika (AGS van SA) en Afrikaans as 'n illustrasie van die rol van moedertaal in die kerk

Mother tongue in the church: The Apostolic Faith Mission of South Africa (AFM of SA) and Afrikaans as an illustration of the role of mother tongue in the church

MARIUS NEL

Navorsingsleerstoel: Ekumene: Pentekostalisme en

Neo-Pentekostalisme

Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

E-pos: marius.nel@nwu.ac.za



Marius Nel

MARIUS NEL beklee die navorsingsleerstoel ter uitvoering van die navorsingsprojek Ekumene: Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme by die Potchefstroomkampus van Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseringsterreine sluit in apokaliptiek in die Ou en Nuwe Testament, geskiedenis van die Pinksterbeweging asook Pinksterhermeneutiek. Hy is die outeur of medewerker van 30 publikasies en 70 wetenskaplike artikels asook medewerker aan *Die Boodskap*, *Multivertalingbybel*, *Nuwe Lewende Vertaling* asook *Die Bybel: Direkte Vertaling*. Hy is betrokke by die AGS se teologiese opleiding en is lid van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van SA, die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van SA en die *Society of Biblical Literature*.

MARIUS NEL holds the research chair for the implementation of the research project Ecumene: Pentecostalism and Neo-Pentecostalism at the Potchefstroom Campus of North-West University. His specialisation areas include apocalypics in the Old and New Testament, history of the Pentecostal movement and Pentecostalism. He is the author or associate of 30 publications and 70 scientific articles. He is involved in the theological education of the AFM and is a member of the societies of Old Testament, Church History and Practical Theology Societies and the Society of Biblical Literature.

ABSTRACT***Mother tongue in the church: The Apostolic Faith Mission of South Africa (AFM of SA) and Afrikaans as an illustration of the role of mother tongue in the church***

The article is written from the perspective of an Afrikaans-speaking Christian and uses the Apostolic Faith Mission of South Africa (AFM of SA) as a case study of language, specifically mother tongue, that (probably unconsciously) perpetuates apartheid structures. The AFM originated in 1908 as a multiracial church led by two American missionaries, John G. Lake and Thomas Hezmalhalch, who from their involvement in the Azusa Street revival (since 1906) in Los Angeles came to Africa to proclaim the message of the outpouring of the Spirit. In particular, Lake was determined that worship remains multiracial and his ministry was characterised by several clashes with white believers, especially surrounding his intimate relationship with Elias Letwaba, a prominent black leader. When Pieter L. le Roux was elected as first South African president of the AFM, the church organised itself in patterns of congregations that matched the existing racial grid that characterised the South African society, by institutionalizing segregation between races by means of its church order. Especially Afrikaans-speaking whites took the lead in organising the church along racial lines. In 1996, the former four divisions of the AFM, black, Indian, white and mixed race-population churches, united in all its structures, but most congregations today still exist according to the formerly segregated appearance of languages and geographical areas, although leadership meetings and conferences within the church are multiracial with English as medium of communication. Some neighbourhoods have become multiracial but even in these the worship services still remain arranged mostly in terms of race, with the exception of English-speaking congregations and formerly white Afrikaans-speaking congregations in the Cape Province that included some of the mixed race population. However, most Afrikaans-speaking and black congregations are exclusively based on racial foundations. After a historical survey of the situation in the AFM, the article discusses the challenges that language diversity in the church implies and the sustainability to represent the diversity of the church in the local congregation. Various suggestions are being made that can accommodate the language sentiments of white Afrikaans-speaking members of the AFM, while also contributing to establishing the people of South Africa as a rainbow nation.

KEY WORDS: unification, multiraciality, Afrikaans, segregation, daughter churches, composite division, united church, Apostolic Faith Mission of South Africa

TREFWOORDE: eenwording, veelrassigheid, Afrikaans, segregasie, dogterkerke, saamgestelde afdeling, verenigde kerk, Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika

OPSOMMING

Die artikel word geskryf vanuit die perspektief van 'n Afrikaanssprekende Christen en gebruik die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (AGS) as 'n gevallestudie van moedertaal wat apartheidstrukture (waarskynlik onbewustelik) perpetueer. Die AGS ontstaan in 1908 as 'n veelrassige, Engelstalige kerk onder leiding van twee Amerikaanse sendelinge, John G. Lake en Thomas Hezmalhalch, wat vanuit hulle betrokkenheid by die Azusastraatherlewing in Los Angeles (vanaf 1906) die boodskap na Afrika bring van die uitstorting van die Gees. Veral Lake is vasbeslote dat eredienste veelrassig bly en sy bediening word deur verskeie botsings hieroor met wit gelowiges gekenmerk, veral oor sy noue verhouding met Elias

Letwaba, 'n prominente swart leier. Nog voor hulle vertrek na Amerika, wanneer Pieter L. le Roux as eerste Suid-Afrikaanse president verkies word, vervel die kerk reeds in patrone van gemeentevestiging wat ooreenstem met die bestaande patrone wat die Suid-Afrikaanse samelewing gekenmerk het, en segregasie tussen rasse institutionaliseer. Leiding hierin het veral van Afrikaanssprekende wit leiers gekom. In 1996 verenig die voormalige vier afdelings van die AGS in al sy strukture maar steeds bestaan die meeste gemeentes volgens taal en geografiese area in segregasie, alhoewel meerdere vergaderings en konferensies in die kerk veelrassig is en in Engels plaasvind. Slegs enkele Engelstalige gemeentes asook wit Kaapse Afrikaanstalige gemeentes wat enkele van die gemengde-rasbevolking insluit, het veelrassig geword. Ná 'n historiese bespreking vra die artikel na die uitdagings wat taaldiversiteit inhou en die houdbaarheid daarvan om die diversiteit wat die kerk verteenwoordig in die plaaslike gemeente gestalte te laat kry. Verskeie voorstelle word gemaak wat wit Afrikaanssprekende AGS-lidmate se taalsentimente akkommodeer terwyl dit ook 'n bydrae lewer om die mense van Suid-Afrika as 'n reënboognasie te vestig.

INLEIDING

Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (AGS) ontstaan in 1908 wanneer twee Amerikaanse sendelinge, John G. Lake en Thomas Hezmalhalch, ná hul besoek aan die Azusastraatherlewing in Los Angeles geroepe voel om die evangelie na Afrika te bring. Die eerste gemeentes van die kerk is veelrassig en Engelstalig (Paul 2006:78) en vir die sendelinge is dit belangrik dat alle rasse die eredienste bywoon, ten spyte van heftige weerstand van sommige wit gelowiges. Engels as gebruikstaal in die eredienste akkommodeer die hele bevolking.

Onder leiding van Pieter L. le Roux wat as leier verkies word wanneer Lake in 1913 na die VSA terugkeer, verander die situasie en vestig gemeentes hulle in ooreenstemming met heersende patrone wat die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerk. Segregasie of skeiding tussen rasse word kerklik geïnstitutionaliseer en later ook in die konstitusies (kerkordes) van die vier onderskeie afdelings, die swart, gemengde-ras-, Indiër- en wit afdelings, gereflekteer.¹ Eredienste is in die onderskeie tale van die gemeenskappe, Afrikaans, Engels en swart inheemse tale. Alhoewel taalsentiment 'n belangrike faktor in die kerk is, word die skeiding tussen gemeentes egter eerder op geografiese grense geskoei, wat politieke geïnspireer is.

Alhoewel die vier afdelings apart funksioneer, neem die wit afdeling leiding deur die leierskap van die ander drie afdelings vir hulleself op te eis. Dit veroorsaak dat meerdere vergaderings in die “swart” afdeling aanvanklik meestal in Afrikaans gehou is omdat die wit leiers Afrikaanssprekend was.

Na verskeie pogings wat oor verskeie dekades strek, verenig die AGS in 1996 in al sy strukture. Op die vlak van die plaaslike gemeente het eenwording egter baie min effek gehad en meeste gemeentes bestaan steeds volgens taal en geografiese area in segregasie. Alhoewel meerdere vergaderings in die kerk in Engels plaasvind om die gemene faktor te akkommodeer, sluit meeste Afrikaanssprekende en swart gemeentes steeds mense van ander tale en kulture

¹ Kgatle (2017:2) definieer “segregasie” as 'n komplekse amalgamasie van politieke, ideologiese en administratief-wetlike strategieë ontwerp om wit oppergesag op alle terreine te handhaaf en verskans. Suid-Afrikaanse segregasie het om meer as rasse-onderwerping gegaan. Onderliggend daaraan was gedwonge afskeiding van swartmense in alle sfere van die lewe, insluitend die werk, skole, blyplekke en die kerk (Czegledy 2008:289).

uit, met uitsondering van 'n deel van die gemengde-rasbevolking.² Ná 'n bespreking van ontwikkelinge in die kerk rondom taal en segregasie, en die eenwording van die kerk, val die kollig op die uitdagings van taaldiversiteit en die invloed wat dit op die diversiteit van die AGS het. Voorstelle word gemaak wat wit Afrikaanssprekende AGS-lidmate se taalsentimente kan akkommodeer terwyl dit ook 'n bydrae lewer om die mense van Suid-Afrika as 'n reënboognasie te vestig.

ONTWIKKELING VAN VIER KERKE IN EEN

John G. Lake en Thomas Hezmalhalch kom na Afrika om “sendingwerk” te doen, wat in daardie tyd verstaan is as evangelisasie onder nie-witmense. 'n Klein inheemse gemeente ontstaan in Doornfontein deur hulle werk (Du Plessis 1977:105-6; Nel 1996:245-6; Burger 1987:177-8). Kort voor lank begin wit werkgewers van swart lidmate van die gemeente die eredienste bywoon omdat Lake 'n reputasie as genesingsbedienaar opbou. Dan word die twee sendelinge as't ware deur 'n inheemse Sionistegemeente met 'n kerk in Breëstraat, Johannesburg, “gekaap” nadat hulle Amerikaanse sendeling (Daniel Bryant) deur John A. Dowie na Zion Christian City in Lake County, Illinois terruggeroep is (Burger 1987:111; Blumhofer 1988:20). Die Breëstraatgemeente was hoofsaaklik swart en eredienste is in Engels aangebied (Du Plessis 1986:42; Lake 1994:xxiv). Die gemeente groei vinnig en Afrikaanssprekende mense sluit weldra ook aan, terwyl Sionistegemeentes in Benoni en Krugersdorp ook by die Pinksterwerk aansluit. Gedurende die eerste paar maande word wit en nie-wit saam gedoop en die kerk bestaan in rasseharmonie (Horn 1991:5). Wanneer Lake egter tydens 'n erediens in 1909 'n swart medewerker, Elias Letwaba, omhels en eer vir sy prestasies as evangelis onder sy eie mense in die Waterbergdistrik, toon sommige witmense met wolwefluite en beledigings hulle afkeur. Lake reageer deur die gemeente uit te daag dat indien hulle meen swartmense is nie in die kerk tuis nie, hy saam met hulle loop (Burger & Nel 2008:46). Afrikaanse witmense poog egter om “anderskleuriges” binne die eredienste te isoleer. Kort nadat die eerste Uitvoerende Raad gevorm is, slaag hulle daarin om eers die doop van nie-witmense ná die doop van wittes te hou, en die volgende jaar om afsonderlike doopdienste vir wit- en nie-witmense af te dwing. Reeds in Februarie 1909 besluit die Raad ook dat die opsiener oor die sendingwerk onder die inheemse bevolking wit moet wees (Kgatlé 2016:330).

Vier afdelings

Ná Lake se vertrek in 1913 terug na die VSA verkies die jong kerk vir Pieter Louis le Roux as leier. Le Roux het met aansporing van Ds. Andrew Murray (jnr.) en onder leiding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as sendeling onder swartes in Wakkerstroom gewerk, totdat hy by Bryant se Sionistebeweging aansluit. Nou vestig gemeentes van die AGS regdeur die land, en omdat die Suid-Afrikaanse samelewing gesegregeerd in aparte woonbuute gevestig is, reflekteer die gemeentes die gemeenskap (Paul 2006:78). Dit het aanvanklik natuurlik ontwikkel, soos die geval met ander kerke ook was. Selfs die Engelssprekende gemeentes van die AGS was eksklusief wit. Die skeiding tussen gemeentes was eerder vir geografiese redes wat politieke gemotiveer was as om taal- en kultuursentimente te akkommodeer (Chandomba 2007:23), alhoewel die kerk se groei waarskynlik hoofsaaklik aan haar taaldiversiteit toegeskryf kan word omdat dit belangstellendes in eie idioom en kulturele vorms bedien het (Kgatlé 2017:2).

² Die term “gemengde-rasbevolking” word verkies bo “gekleurdes” of “Kleurlinge”.

Waar wit Engelssprekendes in die eerste jare die AGS se leierskap oorheers het, sluit al meer Afrikaanssprekendes weldra by die kerk aan (Wessels 1992:378). Hulle speel 'n al belangriker leiersrol sodat dié groep vanaf die twintigerjare van die twintigste eeu die oorwig in die blanke afdeling vorm.

Die konstitusie van die onderskeie afdelings bepaal dat slegs lidmate wat tot die onderskeie rassegroepe behoort aan gemeentes van die betrokke afdeling mag behoort (Burger 1987:208).³ Rassegrense is as deel van God se skeppingsordening beskou en die Bybel is gebruik om aan te toon dat dit God se wil is dat onderskeie rasse gesegregeerd bestaan (Welty 2005:46). Die swart afdeling bestaan egter uit gemeentes wat volgens inheemse tale ingerig is; gemeentes wat dieselfde taal gebruik se eredienste en liturgiese gebruike vertoon dikwels ook onderskeie kulturele kenmerke wat van ander taalgroepe verskil. Tog word alle gemeentes wat swart inheemse tale gebruik volgens die heersende politieke rasse-ideologie bymekaar geplaas om die swart afdeling te vorm.

Leierskap in die nie-wit afdelings word deur die konstitusie aan die sendingdirekteur toegeken wat deur die wit afdeling aangestel word; sendingdirekteurs is tot in 1996 almal blanke mans. Witmense dien as trustees vir die drie afdelings om hulle belange te behartig (Dubow 1989:1). Dit veroorsaak dat die kommunikasietaal tussen die vier afdelings sowel as die taal by meerdere vergaderings van al vier afdelings meestal Afrikaans was, totdat Edgar Gschwend as sendingdirekteur aangestel word, 'n pos wat hy van 1971 tot 1996 beklee.

Waar die AGS – soos die res van die Pinksterbeweging – hom nie veel aan politieke aktiwiteite gesteur het nie vanweë hulle sterk eskatologiese verwagtings (Hollenweger 1977:259-260), oefen die AGS nou selde kritiek uit op regeringsbeleid, insluitend apartheids-wetgewing en -praktyke; onder leiding van die sendingdirekteur geld dit ook van die ander afdelings waar alle kritiek in die kiem gesmoor word.

Eenwording: moeisame proses

Eenwording in die kerk het tot groot emosionele storms gelei wat talle pastore en gemeentes se aandag opgeneem het en waarvan slegs enkele draaipunte hier bespreek kan word, veral waar dit belang het vir die bespreking van die taalkwessie. Die eerste pogings tot eenwording binne die kerk kom in 1974 voor as die wit afdeling riglyne optrek vir verdere moontlike samewerking met en “ontwikkelinge” in die sogenaamde “dogterkerke” (Millard 1991:265). Die dokument se paternalistiese inslag word gedemonstreer in die verwysing na die wit afdeling se opsig- en toesigtaak teenoor die ander drie afdelings. Die volgende jaar neem die Sentrale Sendingkomitee⁴ die besluit dat die gemengde-rasafdeling binne die voorsiene toekoms parallel aan die wit afdeling moet ontwikkel om een Uitvoerende Raad te vorm (Notule van die Sentrale Sendingkomitee, 28 November 1974, 1).⁵ Die feit dat hierdie afdeling hoofsaaklik Afrikaans-

³ Dit verteenwoordig die Suid-Afrikaanse praktyk en regeringsbeleid. In 1957 aanvaar die Parlement die *Inheemse Bevolking Wysigingswet* (as opvolger vir die berugte *Natives Law* van 1937) wat alle nie-wit mense beperk tot kerkbywoning in nie-wit kerke. Hulle mag nie eredienste in enige kerk bywoon in “wit aangewese” woongebiede nie.

⁴ Die Sentrale Sendingkomitee bestaan uit verteenwoordigers van die drie nie-wit afdelings met blanke leierskap in alle leiersposisies.

⁵ Die Uitvoerende Raad bestaan uit leiers van distrikte (distrikvoorsitters) waarin die kerk verdeel is en bestuur die kerk wanneer die Algemene Werkersraad nie in sitting is nie. Die Werkersraad het alle gemeentes van 'n spesifieke afdeling verteenwoordig (Notule van die Sentrale Sendingkomitee, 20 Mei 1976, 1). Sedert 1993 is distrikte “streke” genoem en hulle leiers is streekvoorsitters (Kgatlé 2017:4).

sprekend was, het as oorsaak gedien hoekom die wit afdeling hulle bo die ander twee nie-wit afdelings bevoorreg het (Lapoorta 1996:92).

Tot op datum was alle leiers in al vier afdelings wit mense, soos bepaal deur die onderskeie konstitusies wat die produk van die wit afdeling se inmenging in die sake van die ander drie afdelings was. In 1976 kry die gemengde-rasafdeling toestemming om sy eie distrikvoorsitters te kies (Van Staden 1980:12), wat beteken dat die gemengde-rasafdeling vir die eerste keer die reg kry om besluite oor hulleself te neem. In 1978 word dieselfde reg aan die Indiërafdeling toegeken (Algemene Sendingraad, 26 Jul 1978) en in 1980 aan die swart afdeling (Algemene Sendingraad, 26 Nov 1980). Die implikasie is dat die onderskeie Uitvoerende Rade van dié afdelings nou namens hulle eie mense (en in die taal van hulle voorkeur) mag praat; voorheen het blankes op die Sentrale Sendingkomitee namens die ander drie afdelings alle besluite geneem, en dit in Afrikaans. Die sendingdirekteur wat deur die wit Uitvoerende Raad aangestel is en altyd 'n wit pastoor was, het egter steeds as moderator en voorsitter van die onderskeie Uitvoerende Rade gedien. Wanneer pastoor Gschwend verkies word, hou hy vergaderings in Engels wat reeds veel spanning in die ander drie afdelings verlig.

In 1977 gee die wit Uitvoerende Raad teësinning toe aan eise van leiers van die gemengde-rasafdeling om te oorweeg om 'n gesamentlike Uitvoerende Raad te skep wat die wit en gemengde-rasafdeling proporsioneel insluit en gemeenskaplike sake kan hanteer (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 22 Nov 1977, 8895; Burger & Nel 2008:406), as eerste stap om die AGS te verenig.⁶ Proporsionele verteenwoordiging sou beheer in die wit afdeling se hande behou omdat hulle by verre die meerderheid is. Die 1977-Werkersraad van die wit afdeling verwerp egter die voorstel met 'n groot meerderheid (Burger & Nel 2008:406). Die feit dat beide afdelings hoofsaaklik Afrikaanssprekend is, beïndruk nie die wit afdeling nie omdat hulle die apartheidsideologie van wit meerderwaardigheid onderskryf. Later die jaar ontmoet die wit en gemengde-rasafdelings se Uitvoerende Rade by Sarepta Bybelskool in die Kaap (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 19 Sep 1977, 8857). Die gemengde-rasafdeling beklemtoon dat die bestaan van vier afdelings in die AGS as afsonderlike regs persoonlikhede geheel onaanvaarbaar is en dat kerkskeiding op grond van taal en kultuur onbybels is (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 19 Aug 1980; Yong 2006:22).

Eers in 1980 word verdere vordering gemaak wanneer die Indiër-, gemengde-ras- en wit Uitvoerende Rade ontmoet om oor eenwording te besin (Notule van die Wit Werkersraad 1976, 336). Op dié stadium sluit hulle samesprekings die swart afdeling uit, in ooreenstemming met die regering se Driekamerparlement wat juis nou ingestel word (Giliomee 2004:555). Die vergadering besluit dat eenheidsbeginsels “ter geleger tyd” in terme van die swart afdeling oorweeg sal word (Burger & Nel 2008:407). In die gesprek verskans die wit afdeling sy outonomie deur te verklaar dat slegs geestelike sake soos die opleiding van pastore en gesamentlike konferensies deur 'n gesamentlike raad hanteer sal word. Nog 'n raad sal mettertyd

⁶ Dit is 'n betekenisvolle tyd vol politieke woelinge, met die Soweto-opstande wat op 16 Junie 1976 begin wanneer 20 000 leerlinge teen die gedwonge gebruik van Afrikaans in hulle skoolopvoeding protesteer (Van der Watt 1987:116; Pillay & Hofmeyr 1991:295; Giliomee & Mbenga 2007:320). Op daardie stadium spandeer die regering vyftien keer meer op wit kinders se skoolopvoeding as swart kinders (Giliomee 2004:457), met R644 wat jaarliks aan wit leerders se opvoeding spandeer is en R42 wat begroot is vir elke swart leerder. Die swart jeug kom landwyd in opstand, ook teen hulle ouers se politieke letargie, en 'n nuwe swart bewussynsbeweging onder skoolleerders ontstaan wat verreikende gevolge vir Suid-Afrika se toekoms inhou (Shubane 2007:355). Die gemengde-rasafdeling dring daarop aan dat hulle soveel in gemeen met die wit afdeling het dat dit sin maak dat hulle saam besin oor sake wat albei afdelings raak.

gevestig word wat aankoop en verkoop van eiendom hanteer. Die wit Uitvoerende Raad vra terselfdertyd die gemengde-ras Uitvoerende Raad vir meer geduld oor moontlike eenheid wat vir wit mense vir politieke redes gekompliseerd en sensitief is (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 31 Okt 1979, 9209), gegewe die politieke en ekonomiese klimaat in die land in reaksie op swart protes. Die ekonomiese mag in die land is in witmense se hande en wit AGS-lidmate se finansiële bydraes oortref by verre dié van die ander afdelings, wat daardie afdelings verleë maak vir subsidiehulp vanaf die wit afdeling en die mag van die wit afdeling versterk (Nel 2012:139).

Aan die einde van 1979 aanvaar die wit Uitvoerende Raad die beginsel dat daar nie skeiding in die kerk gebaseer op ras mag bestaan nie maar terselfdertyd ook dat die beginsel in die huidige politieke opset 'n ideaal is wat vir praktiese redes nie onmiddellik verwesenlik kan word nie. Die Raad besluit dat die pas waarteen eenheid voltrek word, deur kontak en kommunikasie met die ander afdelings bewerkstellig moet word terwyl wit mense se vrese ook aangespreek moet word (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 21 Nov 1979, 9224-5). Dit beklemtoon ook dat lidmate die reg moet behou om in hulle moedertaal te aanbid en dat eventuele samewerking met die ander afdelings wat in die toekoms voorsien word, nie die reg tot aanbidding in eie taal en in terme van eie kultuur mag benadeel nie.

Spanning tussen die afdelings in die kerk bereik 'n hoogtepunt in 1979 wanneer die Amerikaanse evangelissanger, Jimmy Swaggart, Suid-Afrika besoek en die wit afdeling besluit dat mense van ander rasse nie sy dienste by die kerk se konferensiegronde by Maranatapark in Johannesburg mag bywoon nie, omdat die konferensiegronde nie die nodige afsonderlike toiletgeriewe vir die onderskeie rasse sou hê nie (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 26 Sep 1979, 9194). 'n Versoek van Rhema Bybelkerk om in 1980 veelrassige dienste daar te hou, word vir dieselfde rede geweier (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 17 Sep 1980, Resolusie 1.14). Die Werkersraad van die gemengde-rasafdeling reageer woedend op dié verwickelinge en besluit om alle onderhandelings met die wit afdeling te staak (Burger & Nel 2008:409).

Oop lidmaatskap

'n Volgende krisis ontstaan in 1982 wanneer die gemengde-rasafdeling die wit afdeling vra om lidmaatskap oop te stel vir alle lidmate. Die afdeling aanvaar dat mense eredienste sal bywoon waar taal hulle akkommodeer; hulle eis dat geen verdere verhinderende op lidmaatskap geplaas mag word nie. Tot op datum is lidmate van die dogterkerke as “aanhangers” (“adherents”) van die AGS beskou en slegs wit lidmate was kerkregtelik lidmate (Kgatle 2015:195). In plaas daarvan om die saak met die gemengde-rasafdeling te bespreek, reageer die wit afdeling deur die integriteit van die gemengde-rasafdeling in die openbaar in twyfel te trek deur te beweer dat dit nie aandag gee aan belangrike geestelike sake nie maar moedswillig op kerkregtelike sake konsentreer. Die breuk tussen die twee groepe loop wyd en ontspoor alle verdere gesprekke (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 24 Nov 1982, Resolusie 82/25.1.1). Wanneer die Indiërafdeling in 1982 navraag doen oor vordering met die afhandeling van 'n nuwe konstitusie, moet hulle hoor dat die proses gestaak is oor die “negatiewe ingesteldheid” van die gemengde-rasafdeling (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 9 Jun 1982, Resolusie 311.A 82/16.3). Die gemengde-rasafdeling eis nou ook om sy eie moderator aan te stel. Die wit Uitvoerende Raad besluit dat dit “onder geen omstandighede” toegelaat sal word nie (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 24 Nov 1982, Resolusie 747/82/25.2.3).

In 1983 aanvaar die wit Werkersraad dat diversiteit binne die kerk van Christus beklemtoon moet word te midde van die ideaal van eenheid (Studiestuk, Algemene lidmaatskap, LEL 095/11/3/1983; Resolusie WR/029/30/3/83, 1983 Werkersraad). Die studiestuk beklemtoon dat kulturele en taaldiversiteit vereis dat beginsels soos goeie orde, gemeenskaplike aanvaarding en liefde, opbouing van mekaar en die uitbreiding van die koninkryk gehandhaaf word. Die wit afdeling se Werkersraad gee nou aan lokale kerkrade die mandaat om oor aansoeke vir lidmaatskap oor rasgrense te besluit; hulle word egter daaraan herinner dat hulle verantwoordelik is om deur hulle besluitneming goeie orde in die gemeente te handhaaf.⁷ Die kerk besluit ook dat die werklikheid aanvaar moet word dat mense afsonderlik kan aanbid omdat taal en kultuur dit vereis terwyl hulle steeds die eenheid van die liggaam van Christus ervaar en demonstreer.

So loop die verwikkelde lyn van eenwording in die AGS oor 22 jaar (Erasmus 1996:128), met die wit afdeling wat in Augustus 1984 toegee dat die AGS met een konstitusie moet verenig maar dat die Indiër- en gemengde-rasafdelings nie die proses moet probeer verhaas nie, terwyl die swart afdeling nie deel van die proses kan wees nie omdat hulle as burgers van “tuislande” nie onder die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse AGS val nie (Burger & Nel 2008:413). Die ander twee afdelings teken ernstig beswaar aan omdat die swart afdeling nie ingesluit word nie maar die wit afdeling volg regeringsbeleid wat bepaal dat swartes wat in Suid-Afrika leef burgerlike asook stemreg in tuislande of onafhanklike state het en derhalwe nie as burgers van Suid-Afrika kwalifiseer nie (Notule van die Wit Werkersraad, 1 Apr 1985, 4-5, 8a).

In 1986 word ’n Eenheidskomitee gevestig wat al vier afdelings verteenwoordig, wat ’n waterskeiding vir die AGS vorm.⁸ Die Eenheidskomitee struikel egter wanneer die wit afdeling aandring dat verpanding van eiendom nie sonder die wit afdeling se goedkeuring mag plaasvind nie, soos dit nog altyd die geval was (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 16 Sep 1986, 568, Resolusie 326). Dit is duidelik dat die wit leiers nie die ander afdelings en hulle vermoëns om besigheid te bedryf, vertrou nie. Op 19 November 1986 stel die Eenheidskomitee ’n interimkonstitusie voor. Die ander drie afdelings se Werkersrade aanvaar dit maar die wit afdeling verwerp dit beslissend (Burger & Nel 2008:414) omdat die wit afdeling nie gemaklik is met die magte wat aan die voorgestelde Presbiterie, ’n inklusiewe raad, toegeken word nie. Wit lidmate het geredeneer dit gaan op oorheersing deur die meerderheid neerkom.

Eenheid tussen die drie afdelings

Die drie afdelings gebruik die interimkonstitusie in 1987 om ’n Presbiterie op 12 Mei 1988 te konstitueer ten spyte daarvan dat die wit afdeling weier om deel daarvan te wees. Verrassend genoeg verkies die Saamgestelde Afdeling Edgar Gschwend as leier met M. George Mahlobo as sekretaris (Anderson 1992:78-82).

Intussen tree die leier van die wit AGS, dr F.P. Möller, af en die jong Isak Burger word in sy plek as leier verkies. In ’n belangrike sin beteken dit dat heelwat grond van vooraf gedek moes word en dat vertroue opnuut tussen die leiers van die onderskeie afdelings gevestig moet

⁷ Die probleem van “mense met politieke agendas wat vir lidmaatskap in wit gemeentes aansoek doen” word beklemtoon en plaaslike kerkrade word gevra om die saak sensitief maar beslissend te hanteer.

⁸ Dit is dieselfde tyd dat die Algemene Sinode van die gemengde-ras-“dogterkerk” van die Ned. Geref. Kerk die Belharbelydenis aanvaar, op 6 Oktober 1986, wat ’n *status confessionis* op apartheid plaas en dit as ’n dwaalleer verdoem (Adonis 2001:131, 142-4; Du Toit et al. 2002:214; Lubbe 2001:5).

word. Burger oortuig egter sy wit kollegas dat eenheid die enigste pad vir die wit afdeling is en dat swart leiers se integriteit onvoorwaardelik vertrou moet word (Persoonlike onderhoud, I. Burger, 10 Nov 2007).

Intussen berei die wit afdeling voor vir 'n moontlike eenwording deur regs persoonlikheid na die plaaslike gemeente af te wentel, om eiendomsreg op plaaslike vlak te beskerm teen 'n moontlike "swart oorname" (Persoonlike onderhoud, M.G. Mahlobo, 5 Des 2007; Horn, 2006:236). Dit bots met die verenigde kerk se gesentraliseerde beginsels.

Nou bestaan die AGS in twee afdelings, 'n Saamgestelde Afdeling en 'n Enkelafdeling (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 11 Aug 1992, 42, Resolusie 240.047). Die Enkelafdeling beleef baie spanning oor die rol wat die president van die Saamgestelde Afdeling, Frank Chikane, op politieke terrein vervul. Vroeg in 1994 besluit die wit Uitvoerende Raad om oor die volgende twee jaar die twee afdelings op grondvlak te laat ontmoet terwyl 'n gesamentlike raad gesels oor sake wat die wit afdeling pla, soos die Saamgestelde Afdeling se betrokkenheid by die SA Raad van Kerke, standpunt teenoor bevrydingsteologie en die intergeloofbeweging en pastore se betrokkenheid by partypolitiek, spesifiek met verwysing na Chikane (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 24 Feb 1994, 30-1).

Eenheid met die Enkelafdeling

Teen die begin van 1995 spreek die Saamgestelde Afdeling sy frustrasie uit met wat hulle beleef as die Enkelafdeling se vertragingstaktieke om eenwording uit (af) te stel en noem dat hulle op die punt is om alle gesprekke op te skort (Burger & Nel 2008:429). Chikane red egter die dag deur die Saamgestelde Afdeling te oortuig om aan te hou met samesprekings. Dit is in hierdie tyd dat die Ned. Geref. Kerk verskoning vra vir sy deelname aan die vestiging en onderhoud van apartheid (sien Botha 2010:37-48 vir 'n historiese oorsig). Vanuit die Saamgestelde Afdeling kom ook die aandrang dat die kerk sy skuld moet bely. Chikane neem weer leiding en argumenteer dat die AGS nooit amptelik apartheid ondersteun het nie maar dat die kerk in verskeie opsigte die slagoffer van die apartheidstelsel was en dat sodanige belydenis derhalwe onnodig is (De Klerk 1975:220-2, 252-5, 259-60; Persoonlike onderhoud M.G. Mahlobo, 5 Des 2007).⁹

Die twee afdelings se Uitvoerende Rade ontmoet in November 1995 en bespreek wittes se besware teen swart pastore se politieke betrokkenheid, vrese dat eenwording mense se taalregte sal ondermyn, dat nie alle gemeentes hulle statutêre verpligtinge teenoor die kerk sal nakom nie, die uitdaging om streekgrade te verenig en die vraag oor wie die eerste gesamentlike Werkersraad sal lei indien die kerk tot by eenwording vorder (hulle besluit dat Isak Burger en Fred Joseph dit gesamentlik sal doen) (Wit Uitvoerende Raad, 13 Nov 1995, 2-3, Resolusie 216). By die volgende gesamentlike vergadering op 30 en 31 Januarie 1996 besluit die leiers dat die AGS sal verenig.¹⁰

⁹ Die verenigde AGS se nuwe Uitvoerende Raad maak wel in 1997 'n voorlegging aan die Waarheids- en Versoeningskommissie waarin die kerk verklaar dat dit binne die parameters van die verlede opgetree het deur die aggressiewe stelsel van apartheid te ondersteun of nie aktief te ondermyn nie (Notule van die Uitvoerende Raad, 28-31 Jul 1997, 31, Resolusie 12.4). Die voorlegging lei tot verskeie bedankings van die kant van wit lidmate (Notule van die Uitvoerende Raad, 28-30 Okt 1997, Resolusie 15/10/97).

¹⁰ Die vergadering neem ook die kontroversiële besluit dat Chikane toestemming kry om 'n aanstelling in die Presidensie in adviserende hoedanigheid te aanvaar (Notule van die Gesamentlike Vergadering van die Uitvoerende Rade, 30-31 Jan 1995).

Intussen kook spanning in die Enkelafdeling oor en dit lyk of 'n skeuring onafwendbaar is. Talle witmense glo dat die kerk nou deur die meerderheid regeer en beheer sal word, dat wit gemeentes se eiendomsreg bedreig word en dat die AGS nou 'n Engelse kerk gaan word, en sommige bedank uit die AGS. Burger besoek stelselmatig alle streekrade voor die Eenheidswerkersraad om water op die vlamme te gooi (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 7 Maart 1996, 12, Resolusie 58.11). Hy kry dit reg om meeste se vrese te besweer.

Die Werkersrade van die Gesamentlike en Enkelafdelings hou aparte vergaderings op 1 en 2 April 1996 en dan 'n gesamentlike sitting op 3 April in Engels (Notule van die Gesamentlike Werkersraad, 3 April 1996, Notule C). By die gesamentlike vergadering is meer as 70 persent van afgevaardigdes uit die Saamgestelde Afdeling. Die verenigde raad keur die mosie van strukturele eenheid goed (Erasmus 1996:89-92) en beskryf dit as 'n "wonderwork" (Notule van die Werkersraad, 2 April 1996, 466, Resolusie 11; Mathole 2005:252). Eerste op die agenda is die verkiesing van nuwe nasionale ampsdraers vir die verenigde AGS. Teen verwagting in word Burger as president met nominasie verkies, Chikane as visepresident, Mahlobo as hoofsekretaris en Peter de Witt (wat in dié hoedanigheid in die Enkelafdeling gedien het) as hooftesourier.

Op Goeie Vrydag, 5 April 1996, hou die AGS 'n eenheidsviering by Centurion Krieketstadion waar die adjunk-president, Thabo Mbeki, die kerk gelukwens. Die AGS is die eerste hoofstroomkerk wat sy rasseseiking ná 1994 oorkom en verenig (Paul 2006:81). Burger vra dan sonder voorbedagte rade voor die kerk (wat ook op nasionale televisie gebeeldsend is) vir Chikane (as verteenwoordiger van die land se swartmense) om vergifnis vir die onreg wat wit AGS-lidmate oor jare teen hulle swart broers en susters gepleeg het. Burger het nie die toestemming of mandaat van enige raad gehad nie en sy optrede lei tot talle lidmate se instemming met die belydenis terwyl ander hom veroordeel.

Vervolgens begin die proses om streke te verenig, wat voor die vergadering van die Werkersraad in 1997 voltooi word (Notule van die Wit Uitvoerende Raad, 22 Aug 1996, 29, Resolusie 62/08/96). Tans is daar 43 nasionale streke met meer as 50 persent van die leierskap wat swart is (Report of the General Secretary, Minutes of the General Business Meeting of the AFM of SA, 9-13 Sep 2018, 33).

WERKLIKE EENHEID?

Die eenheidsproses was 'n leerkurwe waar mense van verskillende rasse en kulture moes leer om na mekaar te luister, mekaar te vertrou en te verstaan. Teen sommige se verwagting in het die proses egter redelik goed afgeloop. Talle wit lidmate moes die spoke van die bedreiginge van meerderheidsbeheer, magsoorname en gevolglike onderdrukking van minderhede en minderheidstale besweer. Een van die belangrikste gevolge van die eenheidsproses was dat mense oor grense heen bymekaar uitgekom het, na mekaar begin luister het en geleer het om hulle broers en susters van verskillende kulturele agtergronde te vertrou.

'n Belangrike oorweging vir Afrikaanssprekende witmense wat telkens op agendas opgeduik het, was dat hulle eie taal en kultuur in die eenheidsproses beskerm moes word. Dit is direk aan hulle identiteit gekoppel. Soos vir alle lidmate insluitende gemeentes wat ander inheemse tale gebruik, is dit vir Afrikaanssprekendes belangrik om in hulle moedertaal te aanbid en geloofsgemeenskap te hou. Op geen stadium in die eenheidsgesprek is die moontlikheid geopper dat plaaslike gemeentes aan taalreëlins onderwerp sou word nie.¹¹ Die

¹¹ Die konstitusie het ook geen rassekwotas of beperkende bepalings wat die AGS post-1994 struktureer nie (Richardson 2013:31).

gevolg daarvan is dat gemeentes steeds op grond van inheemse tale (asook Engels) gevestig gebly het. Woonbuurte het stadig geïntegreer maar dit het nie enige werklike verskil in die samestelling van gemeentes gemaak nie. Die nuwe swart middelklas het by Engelssprekende gemeentes ingeskakel of (in meeste gevalle) na inheemse gemeentes in oorwegend swart woonbuurte gegaan. En swart gemeentes is ook eksklusief gewy aan mense van hulle eie taal- en kultuurgroep.¹²

Eenheid bestaan op streek- asook nasionale vlak en ook in kerklike departemente in terme van meerdere vergaderings waar die kommunikasietaal Engels is, as “a middle ground for almost everyone” (Chandomba 2007:41). Engels blyk egter tot ’n belangrike mate ’n struikelblok te wees omdat slegs ’n kleiner deel van deelnemers Engels as moedertaal gebruik.¹³ Dit inhibeer dikwels mense om aan besprekings deel te neem, veroorsaak dat hulle nie hulleself na wense kan uitdruk nie, veroorsaak dat misverstande dikwels ontstaan wat dan as opinieverskille geïnterpreteer word of dat mense hulle vrymoedigheid verloor om aan die gesprek deel te neem.¹⁴

Op grondvlak het eenheid egter tot ’n groot mate nog nie plaasgevind nie, en taal en kultuur is die verdelende faktor (Kgatlé 2017:9). Kultuurverskille lei daartoe dat die onderskeie rasse- asook inheemse groepe se erediens van mekaar verskil wat liturgiese inkleding asook aanbidding- en sangstyle en selfs kleredrag betref. Waar talle swart gemeentes tydens die gemeentesang dans, is wittes se erediens meer ordelik en minder liggaamlik ekspressief. Dit veroorsaak kultuurskok wat dit moeilik vir lidmate maak om oor kultuurgrense heen gemeentes te besoek. ’n Ander oorweging kan wees dat (veral sommige konserwatiewe plattelandse) Afrikaanssprekende gemeentes moontlik doelbewus taal vir politieke motiewe aanwend om mense van ander kulture uit hulle erediens te weer.

Dit gebeur selde dat iemand van ’n ander ras ’n Afrikaanssprekende erediens bywoon of as prediker genooi word. Gegewe die oortuiging by talle lidmate dat die kerk die regte weg ingeslaan het met eenwording, bestaan daar genoeg welwillendheid in die AGS, na my mening, dat plaaslike gemeentes opnuut kan kyk na maniere waarop die eenheid van die kerk op grondsoolvlak gedemonstreer kan word, soos wat hier gemeen word belangrik en noodsaaklik is, sonder om moedertaalanbidding te bedreig.

Tydens strategiese beplannings in 2002 en weer in 2006 het die nasionale leierskap tot die gevolgtrekking gekom dat indien eenheid op grondsoolvlak nie gevestig kan word nie, die persepsie van eenheid in die kerk leeg en hol gaan bly. Die kerk se jaarlikse konferensie, wat ’n goeie geleentheid was vir mense om oor rassegrense heen oor Paasnaweek saam te aanbid, kon nie slaag nie en is afgestel. Intussen word ook gereeld geëis dat hulpbronne op regverdige wyse verdeel moet word sodat gemeentes wat histories benadeel was ’n groter deel sou kry. Die persepsie het gegroei dat eenheid eers sal gebeur wanneer dit op pastorale en plaaslike vlak plaasvind.

¹² Wat verder oor Afrikaanssprekende gemeentes gesê word, geld ook vir swart gemeentes wat een (of meer) inheemse tale in hulle erediens gebruik en hulleself so posisioneer.

¹³ Engels word as eerste taal deur minder as 10 persent van die bevolking gebruik. Van die elf amptelike tale in Suid-Afrika is die sprekers soos volg ingedeel: Zoeloe (22.7%), Xhosa (16%), Afrikaans (13.5%), Engels (9.6%), Sepedi (9.1%), Setswana (8%), Sesotho (7.6%), Tsonga (4.5%), SiSwati (2.5%) en Venda (2.4%) (https://www.sa-venues.com/sa_languages_and_culture.htm; gelees op 2019-01-19).

¹⁴ Engels is die taal in die wêreld wat deur die meeste mense as ’n tweede taal gepraat word. Van die ongeveer 1.5 miljard mense wat Engels gebruik, is slegs 400 miljoen eerste-taalsprekers (<https://www.weforum.org/agenda/2016/11/which-countries-are-best-at-english-as-a-second-language-4d24c8c8-6cf6-4067-a753-4c82b4bc865b/>; gelees op 2019-01-19).

Alhoewel die nasionale leierskap aanvaar het dat taal en kultuur as faktore wat identiteit vorm vir lidmate belangrik is, het hulle ook besef dat taal eerder funksioneel is en 'n voorwaarde vir kommunikasie. Die kerk besef dat onderskeie persepsies oor eenheid bestaan en beklemtoon dat dit tot verskillende verwagtings by lidmate en geloofsgemeenskappe aanleiding gee. Sommige eis dat totale integrasie 'n basiese voorwaarde vir eenwording is terwyl ander bedreig voel deur integrasie wat na hulle mening tot 'n verlies van identiteit sou lei, gedefinieer in terme van taal en kultuur. Om God in eie taal en kultuur te aanbid, word steeds deur die AGS as 'n voorwaarde vir 'n gesonde geloofsgemeenskap beskou (Kgatlle 2017:9). Dit kan nie weggeredeneer word nie dat taal- en kultuurverskille in aanbiddingstyle tussen swart en wit gemeentes bestaan wat moeilik oorbrugbaar is. Sodanige identifikasiemerkers van groepe moet eerbiedig en beskerm word, het die kerk besluit. Selfs die register van Afrikaans wat soms in gemengde-rasgemeentes van die AGS gebruik word, veroorsaak dat ander Afrikaanssprekendes vervreemd voel.

Die kerk se leierskap het al herhaaldelik beklemtoon dat lidmate opgevoed moet word in reduksie van vooroordele, vestiging van kulturele interaksie, kulturele sensitiviteit en diversiteit, en waardering van kulturele verskille (Kgatlle 2017:9). Lidmate moet die geleentheid gebied word om betrokke in mekaar se lewens te word deur hulpbronne met mekaar te deel. Voorstelle is gemaak dat gemeentes in arm gebiede wat finansiële swaarkry, deur sterker gemeentes aangeneem moet word en dat plaaslike gemeentes doelgerig in gemeenskapsontwikkelingsprojekte betrokke gemaak moet word (Strategie vir Meesterplan, Sewende NLF Werkswinkel, Notule van die Nasionale Leierskapsforum, 26-29 Aug 2002).¹⁵ Die resultaat sal onder andere wees dat mense oor gemeenskaps- en rasgrense by mekaar betrokke raak. Dit gebeur egter na meer as twee dekades van vereniging slegs as hoogste uitsondering.

An important component of the research methodology is the identification and inclusion of respondents. To clearly define and delineate the three respondent groups – general bilinguals, professional translators and professional interpreters – strict inclusion criteria and minimum requirements are applied that respondents must meet. These are based on ethical considerations, as well as criteria relating to language proficiency, language skills and language use. The professional translators and professional interpreters are furthermore subject to strict requirements to ensure their professionalism, which are based on experience, income, language proficiency and language use, as well as membership of and accreditation with professional language organisations.

The results obtained by applying this novel methodology complement existing evidence to support theories of language-nonselective activation of the mental lexicon of the bilingual person (Dijkstra, Timmermans & Schriefers 2000; Nakayama & Archibald 2005; Kerkhofs et al. 2006; and Szubko-Sitarek 2015) and can be explained in terms of current theories and models of lexical activation in bilinguals, most notably the BIA (1998) and the BIA+ (2002) models of Dijkstra and Van Heuven. Moreover, it provides evidence that professional translators and professional interpreters may demonstrate a higher level of language-nonselective activation compared to general bilinguals. However, as a result of the relatively small sample sizes the results of the study are not generalisable to larger populations.

KEY WORDS: psycholinguistics, mental lexicon, lexical activation, language-nonselective activation, research methodology, bilinguals, professional translators, professional interpreters, homographic sentence, cognate sentence

TREFWOORDE: psigolinguistiek, mentale leksikon, leksikale aktivering, taalnieselektiewe aktivering, navorsingsmetodologie, tweetaliges, beroepsvertalers, beroepstolke, homograafsin, kognaat sin

OPSOMMING

De Bruin (2018) stel ’n unieke metodologie voor om te bepaal of tweetalige persone ’n taalselektiewe of taalnieselektiewe aktiveringsproses van die mentale leksikon ondergaan. Dié metodologie, wat die fokus van hierdie artikel is, verskil in twee belangrike opsigte van vorige

metodologieë wat taalaktivering in tweetaliges ondersoek.² In die eerste plek verryk dit die navorsingskonteks van lekseemvlak (woordvlak) na 'n hoër tekstuele vlak in 'n poging om aan die geïdentifiseerde behoefte in die psigolinguistiek vir 'n meer natuurlike navorsingskonteks te voldoen. Tweedens is dit na die navorsers se wete die eerste studie van sy soort wat tussen verskillende tipes tweetaliges onderskei, te wete algemene tweetaliges, beroepsvertalers en beroepstolke. Om die drie tipes tweetaliges doeltreffend af te baken, word streng kwalifiseringsvereistes aan respondente van die onderskeie groepe gestel. In die studie word volledige, intertalige homograaf- en kognatsinne gebruik, vergeleke met vorige navorsing wat intertalige homograwe en kognate in andersins eentalige sinne gebruik.³ Die bevindinge van die studie dui op taalnieselektiewe aktivering van die mentale leksikon, en dat beroepsvertalers en beroepstolke moontlik 'n hoër mate van taalnieselektiewe aktivering as algemene tweetaliges ondergaan.

1. INLEIDING

Een van die fokusareas van die psigolinguistiek is om te bepaal tot watter mate die onderskeie tale van die mentale leksikon van die twee- en meertalige persoon geaktiveer is. Grosjean (2013b:52-53) noem byvoorbeeld dat 'n groot korpus navorsing reeds gedoen is oor die vraag of die ander taal ook betrokke is wanneer tweetaliges slegs een taal produseer (praat). Hierdie stelling kan egter ook vir die lees- en skryfproses geld. Die resultate van psigolinguistiese navorsing stel twee moontlikhede vir dié aktivering voor: dit is óf taalselektief, óf taalnieselektief. De Groot (2013:76) definieer taalselektiewe aktivering as die aktivering van die linguistiese elemente van slegs die taal wat op daardie oomblik benut word – die onbenutte taal is dus heeltemal gedeaktiveer en dus “afgeskakel”. Taalnieselektiewe aktivering word daarenteen gedefinieer as aktivering van die linguistiese elemente van sowel die benutte as die onbenutte taal (De Groot 2013:76) – laasgenoemde verkeer egter in 'n onaktiewe staat en is dus nóg volledig geaktiveer, nóg volledig gedeaktiveer.

Aanvanklike navorsing, onder meer deur Soares en Grosjean (in Dijkstra 2005), Gerard en Scarborough (1989) en Dijkstra, Van Jaarsveld en Ten Brinke (1998) ondersteun taalselektiewe aktivering. Marian en Spivey (2003) en Grosjean (2013a:34) dui egter aan dat toenemend meer navorsing op taalnieselektiewe aktivering dui. Voorbeelde hiervan sluit in Dijkstra, Timmermans en Schriefers (2000), Nakayama en Archibald (2005), Kerkhofs, Dijkstra, Chwilla en De Bruijn (2006) en Szubko-Sitarek (2015).

De Groot (2013:76) wys daarop dat verskeie navorsers die vraag oor taalnieselektiewe/taalselektiewe aktivering probeer beantwoord deur drie tipes woordstimuli in hulle navorsing te gebruik, naamlik intertalige homograwe, intertalige kognate en intertalige bure. Intertalige homograwe is woorde met dieselfde woordvorm (spelling of ortografie) in twee tale, maar nie dieselfde betekenis nie, byvoorbeeld <room>, wat in Afrikaans na die vetinhoud van melk verwys, maar 'n tipe vertrek in Engels aandui. Intertalige kognate het dieselfde woordvorm en betekenis in albei tale, byvoorbeeld die selfstandige naamwoorde <arm> of <hand> in

² Byvoorbeeld dié van Dijkstra, Timmermans & Schriefers (2000), Jared & Kroll (2001), Jared & Szucs (2002), Conklin (2005), Nakayama & Archibald (2005), Kerkhofs e.a. (2006), en Van Assche, Duyck & Hartsuiker (2012). Kyk ook voetnoot 1) in hierdie verband.

³ Byvoorbeeld Dijkstra, Timmermans & Schriefers (2000); Lemhöfer, Dijkstra & Michel (2004); Nakayama & Archibald (2005); Elston-Güttler, Gunter & Kotz (2005); Kerkhofs e.a. (2006); en Schwartz en Kroll (2006).

Afrikaans en Engels. Intertalige bure is woorde wat grootliks in vorm ooreenkom, maar nie in betekenis nie, byvoorbeeld <dak> in Afrikaans en <dark> in Engels.

In hul studie maak Dijkstra e.a. (2000) byvoorbeeld van intertalige homograwe gebruik. Volgens Szubko-Sitarek (2015:103) is die aanname dat, as homograwe teen dieselfde tempo as ander woorde herken word, die ander betekenis van die homograaf (in die ander taal, dus) nie geaktiveer word nie en taalselektiewe aktivering plaasvind. Neem respondente egter langer om homograwe te herken, sou dit op taalnieselektiewe aktivering dui. In die studie van Dijkstra e.a. (2000) is 'n reeks woorde een vir een aan Nederlands-Engelse tweetaliges vertoon, en respondente moes aandui of dié woorde Engelse woorde is. Daar is egter Engelse/Nederlandse homograwe as teikenwoorde ingesluit, en die reaksietyd in die geval van dié woorde was betreklik stadiger as woorde wat slegs in Engels moontlik is, wat dus op taalnieselektiewe aktivering dui.

Ander navorsers maak van kognate gebruik wat tipies in andersins eentalige sinne⁴ geplaas word. Nakayama en Archibald (2005:12) gebruik oogbewegingnasporing (Engels: “eye movement tracking”) om vas te stel of tweetaliges meer tyd gebruik om intertalige kognate wat in sinsverband gebruik word, te lees en verstaan. Langer leestyd het hulle oortuig dat beide tale gelyktydig geaktiveer moet wees, dit wil sê dat taalnieselektiewe aktivering plaasvind. Van Assche, Duyck en Hartsuiker (2012) dui aan dat taalnieselektiewe aktivering sterker is wanneer daar semantiese ooreenkomste (dus kognate) tussen woorde is eerder as ooreenkomste in leksikale vorm (dus homograwe).

De Groot (2013:78) noem dat verskeie studies wat van aanwakkeringsmetodes⁵ (Engels: “priming methods”) gebruik maak, dié aanwakkeringswoorde in 'n sinskonteks plaas om die natuurlike taalproses getrouer na te boots. Schwartz en Van Hell (2012:145) noem egter dat daar 'n besliste behoefte bestaan om dié woorde in 'n natuurliker konteks te plaas. Sover daar vasgestel kan word, is daar geen studies wat intertalige kognate en homograwe op hoër linguistiese vlakke as die lemma- of woordvlak betrek nie. Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat die skep van kognaat- en homograafsinne nie moontlik is in die taalkombinasies wat al bestudeer is nie, omdat die grammatikale en pragmatiese reëls van die taalkombinasies wat al bestudeer is nie die moontlikheid van intertalige kognaat- of homograafsinne toelaat nie.

De Bruin (2018) poog om in die navorsingsbehoefte van Schwartz en Van Hell te voorsien deur van volledige Afrikaans/Engelse homografiese en kognaatsinne eerder as bloot kognate en homograwe in sy navorsingsmetodologie gebruik te maak. De Bruin (2018:3) omskryf 'n kognaat sin as 'n sin wat dieselfde woordorde, ortografie en betekenis in Afrikaans en Engels het, byvoorbeeld <my hand is in warm water>; 'n homograafsin omskryf hy as 'n sin wat dieselfde woordorde en ortografie, maar verskillende betekenisse in Afrikaans en Engels het, byvoorbeeld <my minister is slim>.

In hierdie artikel word daar grootliks op die metodologie gefokus, naamlik hoe volledige homograaf- en kognaat sinne ingespan kan word om te bepaal of aktivering van die tweetalige se mentale leksikon taalselektief of taalnieselektief is. Drie verskillende respondentgroepe word betrek, naamlik algemene tweetaliges,⁶ beroepsvertalers en beroepstolke. Die doel is om

⁴ 'n Eentalige sin word vir die doel van hierdie artikel omskryf as 'n sin wat grammatikaal slegs in een taal moontlik is.

⁵ De Groot (2013:77) beskryf dit as metodes waarin 'n aanwakkeringswoord vóór 'n teikenwoord (die woord waarop die respondent moet reageer) gegee word en die invloed van dié aanwakkeringswoord op die teikenwoord dan gemeet word.

⁶ Vir die doeleindes van hierdie artikel word *algemene tweetaliges* gedefinieer as persone wat sowel Afrikaans en Engels in hul daaglikse lewe gebruik, maar dit nie vir professionele vertaling en tolking aanwend nie.

die gemiddelde mate van taalnieselektiewe aktivering van die drie groepe met mekaar te vergelyk.

Daar is dus twee metodologiese kwessies wat in hierdie artikel bespreek word. Die eerste is die werwing van respondente om die drie unieke groepe goed af te baken deur streng vereistes aan die respondente van die onderskeie groepe te stel. Die tweede is die ontwerp van die eksperimentele taak self, waar respondente sinne moet lees wat een vir een op 'n rekenaarskerm vertoon is. Dié twee aspekte word later in twee afdelings belig, naamlik die identifisering van respondente (afdeling 3.1) en die navorsingsinstrumente en -metodologie wat gebruik is (afdeling 3.2). Vervolgens word die aktiveringsprosesse in tweetaliges bespreek.

2. 'N OORSIG OOR LEKSIKALE AKTIVERING IN TWEETALIGES


Daar is twee gesaghebbende modelle wat leksikale aktivering in tweetaliges probeer verklaar, naamlik die tweetalige-interaktieweaktiveringsmodel (Engels: *Bilingual Interactive Activation (BIA) Model*) van Dijkstra en Van Heuven (1998) en die tweetalige-interaktieweaktivering-plus-model (Engels: *BIA+ model*)⁷ van Dijkstra en Van Heuven (2002), waarvan laasgenoemde 'n verbetering op die eersgenoemde is. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie modelle slegs op die leesproses van toepassing is wanneer die leser 'n gedrukte woord waarneem (De Groot 2013:88).

Volgens die BIA-model vind woordherkenning aanvanklik taalnieselektief plaas omdat eerstetaal- (T1-) en tweedetaal- (T2-) woorde in 'n geïntegreerde leksikon vervat word (Desmet & Duyck 2007:174; De Groot 2013:87). Die model bestaan uit vier vlakke van vormeenhede (of nodusse): visuele kenmerke, letters, ortografiese vorms van volledige woorde en taalinligting (De Groot 2013b:88).

Vir die woord <dak> stel die model die volgende aktiveringsproses voor (De Bruin 2018:70):

1. Visuelekenmerkknodusse: As die tweetalige die woord <dak> lees, word die visuelekenmerkknodusse eerste geaktiveer, maar slegs dié nodusse wat met die woord ooreenstem.
2. Letternodusse: Aktivering word dan hoër voortgesit en na die letternodusse oorgedra van letters wat met dié kenmerke ooreenstem, terwyl dié wat verskil geïnhibeer word. Die letters <d>, <a> en <k> word dus geaktiveer, en nie letters soos <l>, <m> en <s> nie.
3. Woordnodusse: Aktivering word nou oorgedra na woordnodusse wat die geaktiveerde letters bevat, insluitende intertalige bure. As die woord byvoorbeeld <dak> is, word woorde soos <dalk>, <dok> en <dik> ook geaktiveer, asook die Engelse intertalige bure soos <day>, <dark> en <duke> weens die letters wat dié woorde deel.
4. Taalnodusse: Uiteindelik dra die geaktiveerde woordnodusse die aktivering na die taalnodus van die ooreenstemmende taal oor. Weens die inhiberende skakels tussen die taalnodus en die ander taal se woordnodusse (op woordvlak) word die aktivering van die woordnodusse van die ander taal geïnhibeer. Uiteindelik word die teikenwoord geïdentifiseer wanneer die herkenningsdrempel oorskry word.

⁷ Vanweë die bekendheid en herkenbaarheid van die Engelse akronieme sal daar verder in hierdie artikel na die BIA- en BIA+-model verwys word.




Figuur 1: 'n Vereenvoudigde weergawe van die BIA-model van Dijkstra en Van Heuven (1998) (De Groot 2013:87, aangepas⁸).

Die BIA-model skiet egter te kort in twee belangrike opsigte: 1) Dit is slegs op ortografiese voorstellings van toepassing en nie ook op fonologiese voorstellings nie; en 2) dit verwys na die homograwe en kognate sonder dat dit ook na semantiese inligting verwys. Dié tekortkominge word in die BIA+-model reggestel.

Met die BIA+-model dui Dijkstra en Van Heuven (2002:182) aan dat tweetalige woordherkenning deur sowel intertalige ortografiese as interlinguistiese fonologiese en semantiese ooreenkomste beïnvloed word. Tydens die visuele inset aktiveer die tweetalige dus die ortografiese voorstellings, maar ook die verbandhoudende fonologiese en semantiese voorstellings, hoewel effens later as die ortografiese voorstellings (2002:182). Dié aktivering gebeur op sowel subleksikale (eenhede kleiner as die woord, soos letters en lettergrepe) as leksikale vlak (die woorde self).

⁸ Waar De Groot twee werklike tale aandui (Engels en Nederlands), is dié tale met die simbole T1 en T2 vervang.



Figuur 2: Die BIA+-model (Dijkstra & Van Heuven 2002:182).

Vandaar kom die aktiveringspatroon baie ooreen met die vorige BIA-model, buiten dat die aktiveringsproses met die gekoppelde taaskema gepaard gaan. Die taaskema is gemoeid met die verwerkingstappe wat met die beplande (lees-)taak gepaard gaan. Die skema word ook deurentyd van insette deur die identifikaasiesetelsel voorsien, en besluitnemingskriteria bepaal wanneer 'n reaksie getoon word (2002:182).

In hierdie artikel word ondersoek of dié modelle ondersteun word wanneer 'n nuwe metodologie gevolg word.

3. NAVORSINGSONTWERP

3.1 Identifisering van respondente

Respondente val in een van drie groepe, naamlik 1) algemene Afrikaanse/Engelse tweetaliges, 2) beroepsvertalers met 'n Afrikaanse/Engelse taalkombinasie, en 3) beroepstolke met 'n Afrikaanse/Engelse taalkombinasie.

Algemene tweetalige respondente is uit die algemene populasie van Afrikaanse/Engelse tweetaliges geneem, maar met die bepaling dat hulle nie beroepsvertalers of beroepstolke mag wees nie. Beroepsvertalers is gewerf deur die databasis op die webtuiste van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) te gebruik. Om dié doelgroep met omsigtigheid af te baken, is slegs vertalers met 'n Afrikaanse/Engelse taalkombinasie ingesluit. Taalkantore en agentskappe is uitgesluit omdat een-tot-een-onderhoude met respondente gevoer is en die gebruik van taalagentskappe en -kantore dit sou bemoeilik. Vertalers wat nie in Suid-Afrika woonagtig is nie of in verafgeleë gebiede woon, is ook uitgesluit omdat dit prakties moeilik sou wees om persoonlike onderhoude met hierdie persone te voer en uitgawes aangegaan sou moes word. Laastens is alle vertalers wat ook as tolke optree uit die groep verwyder omdat dit resultate moontlik sou kon vertroebel.

Beroepstolke is by die Noordwes- (NWU) en Stellenbosch Universiteit (SU) gewerf. Soos in die geval van vertaalrespondente, is tolkrespondente wat ook vertaalwerk doen, van die studie uitgesluit.

Elk van die groepe het uit die volgende aantal respondente bestaan:

- Algemene tweetaliges: 24
- Beroepsvertalers: 18
- Beroepstolke: 18

Die groot uitdaging was die werwing van beroepsvertalers en -tolke. Hoewel die navorser bereid was om elke respondent te ontmoet waar dit vir hulle die gerieflikste sou wees (en hulle dus geen reistyd moes afstaan of -uitgawes moes aangaan nie), het verskeie gemeld dat hulle nie aan die studie wil deelneem nie omdat dit waardevolle werkstyl in beslag sou neem waartydens hulle 'n inkomste kan verdien. Die etiese voorwaardes vir die studie bepaal dat geen aansporings (geldelik of andersins) aan respondente beskikbaar gestel mag word nie, wat verhoed dat respondente wat nie bereid is om hulle tyd (en dus inkomste) op te offer nie, hiervoor vergoed kan word.

3.1.1 *Minimum vereistes*

Alle respondente moes, afhangend van die groep waarin hulle ingedeel is, aan sekere minimum vereistes voldoen, wat onder meer taalvaardigheid in en -gebruik van die tweede taal betref, om te verseker dat respondente 'n spesifieke populasie korrek verteenwoordig. Voldoening aan die vereistes is deur middel van die vraelys bepaal (sien afdeling 3.2.1), wat tydens die onderhoud ingevul is. Om 'n gemiddelde telling vir taalgebruiksfrekwensie en taalvlotheid te bepaal, is Likert-skale gebruik. Vir taalgebruiksfrekwensie moes respondente “nooit” (1), “soms” (2), “meestal” (3) of “altyd” (4) vir 'n reeks gebruiksdomeine aandui. 'n Gemiddelde oorhoofse telling uit vier is daarna vir elke respondent bereken. Taalvlotheid in die tweede taal is op dieselfde wyse gemeet, en respondente moes “swak” (1), “gemiddeld” (2), “bodemiddeld” (3) of “uitstekend” (4) vir elk van die gemete taalvaardighede (lees, skryf en praat) aandui. Hierna is 'n gemiddelde oorhoofse telling – “swak (0 tot 0,9), “gemiddeld” (1 tot 1,9), “bodemiddeld” (2 tot 2,9) en “uitstekend (3 en hoër) – vir elke respondent bereken.

In tabel 1 word 'n opsomming gegee van die minimum vereistes waaraan respondente moes voldoen.

TABEL 1: Minimum deelnamevereistes

	Algemene tweetaliges	Beroeps- vertalers	Beroeps- tolke
Ouer as 18 jaar	✓	✓	✓
Beskik oor ten minste 'n senior sertifikaat	✓	✓	✓
Respondente moet minstens 'n deel van hul inkomste met vertaling of tolking verdien		✓	✓
Respondente moet 'n gemiddelde telling van hoër as 1 uit 4 ("soms") vir gebruiksfrekwensie in die eerste taal behaal	✓		
Respondente moet 'n gemiddelde telling van hoër as 1,5 uit 4 (meer as "soms", maar nie noodwendig "meestal" nie) vir gebruiksfre- kwensie in die eerste taal behaal		✓	✓
Respondente moet 'n gemiddelde telling van hoër as 1 uit 4 ("soms") vir gebruiksfrekwensie in die tweede taal behaal	✓		
Respondente moet 'n gemiddelde telling van 1,5 uit 4 (meer as "soms", maar nie noodwendig "meestal" nie) vir gebruiksfre- kwensie in die tweede taal behaal		✓	✓
Respondente moet gemiddeld ten minste 1 uit 4 ("gemiddeld") vir taalvlotheid in hul tweede taal behaal	✓		
Respondente moet gemiddeld ten minste 2 uit 4 ("bogemiddeld") vir taalvlotheid in hul tweede taal behaal		✓	✓

Respondente wat nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, is van die studie uitgesluit.

3.1.2 Vereistes vir professionaliteit

Streng minimum vereistes is voorts vir deelname in die beroepsvertaler- en beroepstolkgroep gestel. Dié streng insluitingskriteria is genoodsaak deur die feit dat die aktivering van die mentale leksikon in 'n baie unieke, spesifieke groep mense (te wete Afrikaanse/Engelse beroepsvertalers en Afrikaanse/Engelse beroepstolke) bestudeer word en die navorsingsresultate so objektief moontlik gehou moes word. Soos gemeld, kon vertalers wat byvoorbeeld ook tolkdienste lewer nie by die studie ingesluit word nie omdat dié respondente se reaksie nie uitsluitlik aan óf vertaal-, óf tolkprosesse toegeskryf sou kan word nie, en soortgelyk vir tolkrespondente wat vertaalwerk doen.

'n Belangrike verdere kriterium vir deelname was professionaliteit, dit wil sê dat respondente binne die beperkinge van die studie aan 'n reeks vereistes moes voldoen om as beroepsvertalers of -tolke geag te word. Hoewel verskillende bronne verskillende vereistes vir professionaliteit stel, is die mening ingewin van prof. Alan Melby, verbonde aan die Departement van Linguistiek en Engels aan die Brigham Young Universiteit, Utah, VSA. Hierbenewens stel Van Rensburg (2014) vier vereistes waaraan vertalers moet voldoen om as “professioneel” beskou te word. Die Europese Unie se EMT- (*European Master's in Translation*) program (EMT 2009) is voorts ook geraadpleeg om kriteria vir dié vereiste te bepaal. Met inagneming van hierdie inligting is vier bepalers vir professionaliteit oorweeg, naamlik ondervinding, inkomste, taalvaardighede en akkreditasie by professionele taalorganisasies. Omdat die Wet op Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014 (wet no. 8 van 2014) nie tans afgedwing kan word nie omdat die Taalpraktisynsraad nog nie in die lewe geroep is nie (De Bruin 2018:88) en akkreditasie dus nog nie verpligtend is nie, is akkreditasie slegs as vereiste beskou in gevalle waar respondente nie aan die ondervindings- én die inkomste- én die vaardigheidsvereiste voldoen het nie. Hoewel 'n vertaalverwante kwalifikasie wel deur Van Rensburg (2014:553) as 'n bepaler vir professionaliteit aangedui word, word dit deur nóg Melby, nóg die EMT-program as sodanig aangedui. Dit is daarom nie as vereiste vir professionaliteit gestel nie. Voldoening aan elke vereiste is met behulp van response op die vraelys bepaal.

Die minimum ondervinding vir deelname as beroepsvertaler- of beroepstolk is op tussen drie maande en vyf jaar vasgestel. Daar is ook van respondente vereis om ten minste 'n gedeelte van hul inkomste uit onderskeidelik vertaal- of tolkdienste te verdien.

Bykomend tot die vereistes wat in hierdie afdeling genoem is, moes beroepsvertalers aandui dat hulle ooreenkoms tussen die bron- en doelteks kan skep en dat hul skryfvermoë in beide tale minstens bogemiddeld is. Beroepstolke moes aandui dat hulle in minstens twee van drie tolkvaardighede (luister-, korrespondensie- of reproduksievaardigheid) uitstekend is.

3.2 Navorsingsinstrumente en prosedure

Nadat die respondente hul deelname bevestig en die ingeligte-instemmingsvorm voltooi het, is 'n afspraak met elkeen gemaak op tye wat hulle die beste gepas het. Alle respondente is, waar moontlik, by hulle kantore of huise ontmoet om ongerief so ver moontlik te voorkom. Enkeles het verkies om die navorser by sy kantoor te ontmoet. Onderhoude met die respondente van die NWU en SU is op die onderskeie kampusse gevoer.

3.2.1 Vraelys

Tydens die onderhoud het die respondent eers die toepaslike vraelys voltooi. In enkele gevalle het respondente versoek om die vraelys vooraf te voltooi omdat die afspraaktyd beperk was, en in dié geval is die vraelys per e-pos aan hulle voorsien.

Die vraelys het 'n tweeledige doel gehad, naamlik om te verseker dat respondente aan die minimum vereistes voldoen (sien afdeling 3.1.1 hierbo), asook om biografiese en ander data in te win wat moontlik lig op enige patrone, tendense en afwykings in die eksperimentele taak kon werp.

Vraelyste is ook aangepas om slegs data in te win wat van die onderskeie groepe verlang word. Dié besluit is geneem om verwarring by die respondent te voorkom en om te verhoed dat nietoepaslike data ingesamel word.

Die vraelyste verskil in die volgende opsigte van mekaar:

TABEL 2: Verskille tussen die drie vraelyste

	Algemene tweetaliges	Beroeps- vertalers	Beroeps- tolke
Biografiese inligting	✓	✓	✓
Kwalifikasies	✓	✓	✓
Lidmaatskap van professionele organisasies		✓	✓
Tale waarin die respondent werk		✓	✓
Moedertaalinligting	✓	✓	✓
Tweedetaalinligting	✓	✓	✓
Vertalerprofiel		✓	
Tolkprofiel			✓
Leesgewoontes	✓	✓	✓

3.2.2 Eksperimentele taak

Nadat die vraelys voltooi is, moes respondente aan 'n eenvoudige eksperiment deelneem wat van hulle vereis om 'n aantal sinne hardop te lees wat een vir een op 'n rekenaarskerm vertoon is. Klankopnames is van elke respondent se response gemaak vir latere ontleding.

Daar is veral twee aspekte van die toets wat uitgelig moet word, naamlik (i) die taakontwerp en die onderskeie toetssinne, en (ii) die aktiveringsaannames.

(i) Taakontwerp en toetssinne

Die leestaak het uit vyf sinsgroepe bestaan, wat diagrammaties soos volg voorgestel word:

TABEL 3: 'n Diagrammatiese voorstelling van die toetssinne (teikensinne is in vetdruk)

	Sin	Beskrywing
Sinsgroep 1:	The girl skips along. My pen is in my hand. My ministers is slim. My brief is my alibi.	<i>Eentalige sin</i> <i>Perfekte kognaaitsin</i> <i>Imperfekte kognaaitsin</i> <i>Homografiese sin</i>
Sinsgroep 2:	Hoeveel studente is op pad? My hand is in warm water. Students wonder more. My dye is permanent.	<i>Eentalige sin</i> <i>Perfekte kognaaitsin</i> <i>Eentalige sin</i> <i>Homografiese sin</i>
Sinsgroep 3:	Mgook riv banyong. Tsi dacn irer. Mut sei kohm? Ego sum nganga.	<i>Nonsens-sin</i> <i>Nonsens-sin</i> <i>Nonsens-sin</i> <i>Nonsens-sin</i>
Sinsgroep 4:	Wat maak oom Kalie daar? God is modern. My word is my word. My ministers word slim.	<i>Eentalige sin</i> <i>Perfekte kognaaitsin</i> <i>Eentalige sin</i> <i>Eentalige sin</i>
Sinsgroep 5:	Children like to sing. Divas sing in operas. Die man roof of steel. My minister is blind.	<i>Eentalige sin</i> <i>Perfekte kognaaitsin</i> <i>Eentalige sin</i> <i>Perfekte kognaat-/homografiese sin</i>

Vier van dié sinsgroepe (1, 2, 4 en 5) het elk uit vier sinne bestaan wat volgens grammatikale en sintaktiese reëls óf in Afrikaans, óf in Engels, óf in enige van die twee tale moontlik is.

Sinsgroep 3 het uitsluitlik bestaan uit sogenaamde nonsens-sinne, wat ontwerp is om sowel Afrikaanse as Engelse grammatikale en sintaktiese reëls te verbreek en aan geen van die fonotaktiese eienskappe van Afrikaans of Engels te voldoen nie. Die doel met hierdie sinne was om beide tale sover moontlik weer te deaktiveer, die aktiveringsproses te herstel en om enige moontlike oorblywende aanwakkeringsinvloede (Engels: “priming effects”) teen te werk. Daar is dus gepoog om met die eerste sin van die volgende sinsgroep (4) ’n enkele taal te aktiveer (in hierdie geval Afrikaans). Die nonsens-sinne is ook ontwerp om te probeer verhoed dat respondente enige patrone in die toets sou raaksien.

Die sinsgroepe sien met ’n enkele uitsondering (sien punt 4 hieronder) soos volg daaruit:

1. Elke sinsgroep word deur ’n Afrikaanse of Engelse eentalige sin ingelei. Die doel hiermee is om seker te maak dat ten minste een van die respondent se tale geaktiveer is.
2. Die eentalige sin word daarna deur ’n perfekte kognaaitsin gevolg.
3. Die derde sin tree telkens as die teikensin op – daardie sin wat ’n aanduiding van taalselektiewe of taalnieselektiewe aktivering behoort te gee. Dit word in die teenoorgestelde taal geformuleer as waarin die voorafgaande sin volgens die aktiveringsaannames (sien afdeling 3.2.2 (ii)) gelees behoort te word, en is óf ’n eentalige sin, óf ’n imperfekte kognaaitsin. Sou respondente dié teikensinne in die “verkeerde” taal lees en hulself nie

korreger nie, kan daar afgelei word dat die “korrekte” taal glad nie geaktiveer is nie. Indien wel, sal die respondente die sin in die “korrekte” taal herken. Die teenoorgestelde reaksie (dat die sin in die “korrekte” taal gelees word, of dat respondente hulself korreger, ophou lees en opnuut in die “korrekte” taal begin, of die res van die sin in die “korrekte” taal lees) is aanduidend dat die ander (“korrekte”) taal wel geaktiveer is (indien nie, sal die respondent nie die “korrekte” taal herken nie). By elkeen van dié teikensinne word daar dus aangedui of die “korrekte” taal gebruik word (’n aanduiding van taalnieselektiewe aktivering) of nie (’n aanduiding van taalselektiewe aktivering). ’n Onbepaalde respons word aangeteken in gevalle waar nóg ’n taalnieselektiewe, nóg ’n taalselektiewe respons met sekerheid waargeneem word. Een voorbeeld van response wat as onbepaalde response aangeteken word, noem De Bruin (2018:117) *voorafgaande selfaktivering* – wanneer die respondent om die een of ander rede die vorige sin lees in die taal waarin die fokussin gelees behoort te word, en die resultaat dus onbepaald laat. Ander gevalle wat as onbepaald aangeteken word, is wanneer respondente die sinne wat die teikensin voorafgaan twee keer lees – eers in die een taal en daarna in die ander. Hoewel dit op taalnieselektiewe aktivering kan dui, sou dié aktivering kunsmatig wees weens die wyse waarop die voorafgaande sin gelees word (die respondente aktiveer doelbewus albei tale).

4. Die vierde sin in elke sinsgroep is óf ’n homografiese sin (sinsgroep 1 en 2), óf ’n perfekte kognaat-/homografiese sin (sinsgroep 5) en word bygevoeg om te bepaal of respondente dit wel in dieselfde taal lees waarin die voorafgaande sin gelees word. By die vierde sinsgroep tree die vierde sin – benewens die derde sin – ook as teikensin op. Dié wysiging aan die normale vloei word ingebou om, soos in die geval van die derde sinsgroep (nonsens-sinne), te verhoed dat die respondent ’n patroon begin raaksien.

(ii) *Aktiveringsaannames*

Die volgende aktiveringsaannames geld om enige patrone wat weens dié beginsels gevorm word, vooraf uit te lig sodat dit nie later interpretasies kan beïnvloed nie:

1. Daar word aanvaar dat die eerste sin van elke sinsgroep ten minste daardie taal aktiveer waarin die sin geformuleer is.
2. Weens aanwakkeringsinvloede behoort die tweede sin in elke sinsgroep in dieselfde taal gelees te word as dié waarin die eerste sin gelees word, aangesien die tweede sin ’n perfekte kognaat-sin is.
3. Waar ’n imperfekte kognaat- of ’n homografiese sin op die derde sin volg, behoort dit ook weens aanwakkeringsinvloede in dieselfde taal as die derde sin gelees te word. Dié beginsel geld egter nie vir die vierde sin van die derde sinsgroep nie omdat dit ook as teikensin optree.

4. RESULTATE

Die resultate word in tabel 4 uiteengesit. Weens ruimtebeperking word die resultate nie per sinsgroep aangebied nie, maar per respondentgroep en in die geheel.

TABEL 4: Gemiddelde mate van taalnieselektiewe en taalselektiewe aktivering, en onbepaalde reaksie, per respondentegroep

		Taalnie- selektiewe aktivering	Taalselektiewe aktivering	Onbepaald
Tweetalige respondente	Gemiddeld	65,8%	22,5%	11,7%
	Standaardafwyking	19,1%	14,8%	19,5%
	Minimum	20,0%	0,0%	0,0%
	Maksimum	100,0%	60,0%	40,0%
	Verskil	80,0%	60,0%	40,0%
Beropesvertaler- respondente	Gemiddeld	72,2%	14,4%	13,3%
	Standaardafwyking	19,6%	13,4%	15,3%
	Minimum	40,0%	0,0%	0,0%
	Maksimum	100,0%	40,0%	40,0%
	Verskil	60,0%	40,0%	40,0%
Beroepstolk- respondente	Gemiddeld	74,4%	20%	5,6%
	Standaardafwyking	21,5%	19,4%	9,2%
	Minimum	20,0%	0,0%	0,0%
	Maksimum	100,0%	60,0%	20,0%
	Verskil	80,0%	60,0%	20,0%
Totaal	Gemiddeld	70,3%	19,4%	10,3%
	Standaardafwyking	19,9%	16,0%	15,8%
	Minimum	20,0%	0,0%	0,0%
	Maksimum	100,0%	60,0%	40,0%
	Verskil	80,0%	60,0%	40,0%

Vanuit die resultate kan die volgende afgelei word:

1. Wanneer die navorsingskonteks van 'n woordvlak na 'n hoër tekstuele (sins-) vlak uitgebrei word, word die teorie oor taalnieselektiewe aktivering in tweetaliges bevestig in respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het. Die gemiddelde taalnieselektiewe aktivering by alle respondente is 70,3%, wat bykans drie keer hoër is as taalselektiewe aktivering (19,4%), en bykans sewe keer hoër as die onbepaalde reaksies (10,3%).
2. Wanneer die BIA- en BIA+-model van leksikale aktivering in tweetaliges in ag geneem word, kan die verskille in aktivering (taalselektief/taalnieselektief) aan die hand van dié

modelle verklaar word. Die derde sin van sinsgroep 4 (<My word is my word>) word as voorbeeld gebruik. In die geval van taalnieselektiewe aktivering word sowel die Afrikaanse as die Engelse lemmas <my>, <word> en <is> geaktiveer. Volgens sowel die BIA- as die BIA+-model word die aktivering nou oorgedra van die woordnodusse (lemmas) na die taalnodusse van beide tale, wat bepaal in watter taal die sin gelees moet word (De Groot 2013:88). Dié keuse word gemaak wanneer die herkenningsdrempel oorskry word en elke woord betekenis kry deur middel van morfologiese, fonologiese, semantiese en sintaktiese kennis van een van die tale. Om hierdie rede behoort die sin in die geval van taalnieselektiewe aktivering dus in Engels uitgespreek te word. In die geval van taalselektiewe aktivering kan daar met verwysing na dieselfde modelle geredeneer word dat die lemmas van albei tale wel geaktiveer word, maar dat die skakels tussen die woordvorme en taalnodusse van een van die tale geïnhibeer word. Die derde sin van sinsgroep 4 dien weer as voorbeeld. Volgens die aktiveringsaannames sou die voorafgaande sin <God is modern> in Afrikaans gelees moet word. Wanneer die skakels tussen die woord- en die taalnodusse van die tweede taal (dus Engels) egter geïnhibeer word, word die sin <My word is my word> dus in Afrikaans herken en uitgespreek. Die leser pas die morfologiese, fonologiese, semantiese en sintaktiese kennis van die geaktiveerde taal (Afrikaans) toe, maar die sin het geen betekenis nie en die leser is verward. Die sin sou slegs betekenis gehad het as die skakels tussen die woordvorme en die taalnodusse van beide tale aktief was en die herkenningsdrempel in die “korrekte” taal (dit wil sê Engels) bereik word. Hieruit volg dat die resultate nie net ’n taalnieselektiewe aktivering van die tweetalige mentale leksikon ondersteun nie, maar dat die studie ook die BIA- en BIA+-model vir tweetalige leksikale aktivering onderskryf.

3. Dit is ook merkbaar dat daar ’n toename in die mate van taalnieselektiewe aktivering is in algemene tweetaliges vergeleke met die beroepsvertalers (72,2% teenoor 65,8%) en beroepstolke (74,4% teenoor 65,8%), asook in beroepstolke vergeleke met beroepsvertalers (onderskeidelik 74,4% teenoor 72,2%). ’n Kruskal-Wallis-toets dui egter aan dat daar nie genoegsame statistiese bewyse vir die verskille tussen die drie groepe bestaan nie.

Die resultate van die eksperimentele taak is aan ’n Shapiro-Wilk-toets onderwerp, wat aandui dat die bevindinge nie veralgemeenbaar is nie omdat dit nie ’n normale verspreiding in die populasie verteenwoordig nie. Hierdie tekortkoming kan direk aan die aantal respondente toegeskryf word wat aan die studie deelgeneem het. Soos aangedui, is deelname deels beperk omdat respondente nie vir hulle deelname vergoed kan word nie. Die studie is ook beperk tot ’n kleiner gedeelte van die groter populasie, naamlik beroepsvertalers en -tolke wat in die Afrikaans/Engelse taalkombinasie werk. Dié probleem is egter nie uniek aan die studie nie, soos Van Rensburg (2014:583) in haar studie onder vertalers ook aandui. Dit blyk ook nie tot Suid-Afrikaanse studies beperk te wees nie – daar is inderdaad studies wat óf min respondente gebruik, óf van studente as respondente gebruik maak om ’n groter steekproef te verseker. In ’n studie van Ameel e.a. (2005) word daar byvoorbeeld van ’n steekproef van slegs 25 tweetalige respondente gebruik gemaak, en dié respondente was almal studente van die Universiteit van Leuven. Nakayama en Archibald (2005) het slegs 14 respondente by hul studie ingesluit. Navorsers wat aan universiteite verbonde is, kan byna uitsluitlik van studente as respondente gebruik maak om hoër deelname te verseker, soos Szubko-Sitarek (2015) byvoorbeeld ook gedoen het. Dijkstra e.a. (1998) het 41 studente van die Universiteit van Nijmegen gebruik, en elkeen van dié studente is boonop vir hul deelname vergoed. In hierdie studie kon daar egter nie van studente gebruik gemaak word nie omdat die studie op beroepsvertalers en -tolke fokus. Die uitsondering op dié reël is die opvoedkundige tolke van die Noordwes-Universiteit (NWU) en Stellenbosch Universiteit (SU), maar dié respondente is in eie reg ook beroepstolke.

5. ANDER NAVORSINGSMETODES WAT OORWEEG IS

In verskeie studies, onder andere dié van Spivey en Marian (1999), Ju en Luce (2004), Marian en Spivey (2003) en Nakayama en Archibald (2005), maak navorsers van oogbewegingnasporing gebruik om respondente se response te meet. Dié metode stel navorsers in staat om te bepaal waar en hoe lank 'n respondent se oë op 'n gegewe teks stilstaan, wat dan uiteindelik tot aannames oor taalaktivering kan lei.

Hoewel die huidige studie by 'n soortgelyke metodologie sou kon baatvind, het onoorkombare uitdagings dié metodologie uitgeskakel.

Eerstens was dit bykans onmoontlik om veral beroepsvertalers- en tolkrespondente op een sentrale plek bymekaar te kry waar die nodige toerusting gekalibreer en opgestel kan word. (Dié toerusting is deesdae draagbaar, maar dit was nie tydens die data-insamelingsproses die geval nie.) Die feit dat respondente by hul werksplekke of huise besoek is en daar steeds respondente was wat deelname van die hand gewys het, impliseer dat deelname wat boonop bykomende reistyd en -uitgawes sou insluit nóg kleiner sou wees. Tweedens sou die vervoer en gebruik van hoogs verfynde instrumente bykomende hoë uitgawes tot gevolg gehad het, wat uiteraard ook versekeringskoste sou insluit.

Daar is wel aanlyn toepassings beskikbaar wat 'n skootrekenaar in 'n basiese instrument kan verander wat oogbewegings kan naspoor, maar dié toepassings is volgens die navorsers se kennis nog nie in laboratoriumbeheerde omstandighede getoets nie. Die integriteit van hierdie toepassings kan dus nog nie bevestig word nie. Om hierdie redes kon oogbewegingnasporing nie vir die studie oorweeg word nie.

Funksionele neurobeelding, soos funksionele magnetieseresonansiebeelding (fMRB), is oor die afgelope 20 jaar in veral neurolingvistiese navorsing gebruik om die brein se kognitiewe en linguistiese aktiwiteite te ondersoek (Li 2013:221). Hoewel fMRB ook waardevol vir hierdie studie kon wees, het dieselfde onoorkombare uitdagings as met oogbewegingnasporing ook hierdie moontlikheid uitgeskakel: Dit sou eenvoudig te duur wees om 60 respondente met behulp van fMRB te toets, en dit is prakties onmoontlik om al die respondente op een sentrale punt bymekaar te kry. Die koste hieraan verbonde is ook hoog en die navorsers het nie gereedlik toegang tot hierdie tegnologieë nie. Om hierdie rede kon fMRB-tegnologie ook nie vir hierdie studie gebruik word nie.

Die spesifieke metode waaroor daar in hierdie artikel verslag gedoen word, het dus 'n uitkoms vir dié probleme gebied omdat dit goedkoop is, maklik vir verskillende omgewings (taalkantore, kantore en koffiewinkels) aangepas kan word en betroubaar is. Die metodologie kan ook deur studente gebruik word wat nie tot voldoende finansiële steun toegang het nie.

6. GEVOLGTREKKING

Hierdie artikel beskryf 'n unieke navorsingsmetode wat spesifiek ontwerp is om te bepaal of die tweetalige, die beroepsvertaler en die beroepstolk 'n taalselektiewe of taalnieselektiewe aktivering van die mentale leksikon ondergaan. Verla twee aspekte van dié studie is innoverend:

1. Die metodologie maak gebruik van kognaat- en homograafsinne pleks van enkele kognate of homograwe wat in andersins eentalige sinne voorkom. Op dié wyse voldoen die studie aan versoeke deur psigolinguiste soos Schwartz en Van Hell (2012:145) dat navorsing oor die mentale leksikon in meer natuurlike kontekste plaasvind.
2. Sover daar vasgestel kan word, is dit die eerste studie van sy soort wat verskillende tipes tweetaliges betrek en aandui dat daar wel 'n hoër mate van taalnieselektiewe aktivering in beroepsvertalers en beroepstolke kan wees vergeleke met algemene tweetaliges.

Ten spyte van die unieke metode, is dit egter onmoontlik om onomwonde te verklaar dat ander studies wat dieselfde metodologie as die onderhawige volg tot dieselfde resultate en gevolgtrekkings sal kom – die heterogene aard van respondente (ouderdom, opleiding en kwalifikasies, aantal jare ondervinding en dies meer)⁹ is onvoorspelbaar en sulke probleme word vererger deur die beperktheid van die populasie waaruit die steekproewe saamgestel kan word. 'n Ander faktor wat herhaalbaarheid kan beperk, is dat respondente, wat die metodologie betref, sowel Afrikaans as Engels magtig moet wees. Hoewel dié vereiste in die geval van algemene tweetaliges nie problematies is nie, is dit in die geval van vertaal- en tolkrespondente wel 'n uitdaging om genoeg vertaal- en tolkrespondente (wat boonop aan streng vereistes moet voldoen) vir 'n soortgelyke studie te werf.

Die resultate van dié studie kan vir 'n reeks linguisties-georiënteerde dissiplines soos vertaling, tolking, en taalonderrig en -leer van waarde wees. Dit kan selfs die wyse beïnvloed waarop tolke en vertalers opgelei word, omdat verskillende aktiveringsprosesse verskillende opleidingsbenaderings kan vereis. Wanneer tolke byvoorbeeld opgelei word, kan beide tale van meet af aan betrek word in plaas van net een taal, soos die geval is met skadutolking, wat dikwels die vertrekpunt is in tolkopleiding. Tydens die opleiding van vertalers kan oorweeg word om spesifieke aandag te gee aan die taalrigtings waarin hulle werk (byvoorbeeld A-taal na B-taal, of B-taal na A-taal), sodat daar dus van en ná beide tale vertaal word en nie net telkens in een rigting nie. Die studie bied voorts 'n grondslag waarop verdere studies geskoei kan word. Die metodologie kan byvoorbeeld gebruik word in navorsing wat op die aanleer van 'n tweede taal fokus om te bepaal of taalnieselektiewe aktivering toeneem namate tweetaligheid toeneem.

BIBLIOGRAFIE

- Ameel, E., Storms, G., Malt, B.C. & Sloman, S.A. 2005. How bilinguals solve the naming problem. *Journal of Memory and Language*, 53:60-80.
- Conklin, K.C. 2005. *Bilingual access to interlingual homographs: An examination of effects of sentential context, word frequency and proficiency*. Buffalo: University of New York. http://linguistics.buffalo.edu/graduate/phd/recent_dissertations/dissertations/conklin%20dis.pdf. [17 November 2017].
- De Bruin, G.F. 2018. 'n Studie oor die aktiveringsproses van die mentale leksikon van tweetaliges, vertalers en tolke (ongepubliseerde M-verhandeling). Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- De Groot, A.M.B. 2013. Reading. In Grosjean, F. en Pi, L. (reds). *The psycholinguistics of bilingualism*. Chichester: Wiley-Blackwell, pp. 73-99.
- Desmet, T. & Duyck, W. 2007. Bilingual language processing. *Language and Linguistics Compass*, 1(3):168-194. DOI: 10.1111/j.1749-818x.2007.00008.x.
- Dijkstra, T. 2005. Bilingual visual word recognition and lexical access. In De Groot, A.M.B. & Kroll, J.F. (reds). *Handbook of bilingualism: Psycholinguistic approaches*. New York: Oxford University Press, pp. 179-201.
- Dijkstra, T., Timmermans, M. & Schriefers, H. 2000. On being blinded by your other language: Effects of task demands on interlingual homograph recognition. *Journal of Memory and Language*, 42:445-464.
- Dijkstra, T., Van Jaarsveld, H. & Ten Brinke, S. 1998. Interlingual homograph recognition: Effects of task demands and language intermixing. *Bilingualism: Language and Cognition*, 11:51-66.
- Dijkstra, T. & Van Heuven, W.J.B. 2002. The architecture of the bilingual word recognition system: From identification to decision. *Bilingualism: Language and Cognition*, 53:175-224. DOI: 10.1017/S1366728902003012.

⁹ Die ouderdom van respondente dien as voorbeeld: die ouderdomsverskil tussen die jongste en oudste respondent is 57 jaar.

- Elston-Güttler, K.E., Gunter, T.C. & Kotz, S.A. 2005. Zooming into L2: Global language context and adjustment affect processing of interlingual homographs in sentences. *Cognitive Brain Research*, 25:57-70.
- EMT Expert Group 2009. Competences for professional translators, experts in multilingual and multimedia communication. https://ec.europa.eu/info/sites/info/files/emt_competences_translators_en.pdf. [5 September 2017].
- Gerard, L.D. & Scarborough, D.L. 1989. Language-specific access of homographs by bilinguals. *Journal of Experimental Psychology: Learning, Memory and Cognition*, 15:305-315.
- Grosjean, F. 2013a. Speech perception and comprehension. In Grosjean, F. & Pi, L. (reds). *The psycholinguistics of bilingualism*. Chichester: Wiley-Blackwell, pp. 29-49.
- Grosjean, F. 2013b. Speech production. In Grosjean, F. & Pi, L. (reds). *The psycholinguistics of bilingualism*. Chichester: Wiley-Blackwell, pp. 50-69.
- Jared, D. & Kroll, J. 2001. Do bilinguals activate phonological representations in one or both of their languages when naming words? *Journal of Memory and Language*, 44:2-31.
- Jared, D. & Szucs, C. 2002. Phonological activation in bilinguals: Evidence from interlingual homograph naming. *Bilingualism: Language and Cognition* 5:225-239.
- Ju, M. & Luce, P. 2004. Falling on sensitive ears: Constraints on bilingual lexical activation. *Psychological Science*, 155:314-318.
- Kerkhofs, R., Dijkstra, T., Chwilla, D. & De Bruijn, E. 2006. Testing a model for bilingual semantic priming with interlingual homographs: RT and N400 effects. *Brain Research*, 1068(1):170-183.
- Lemhöfer, K., Dijkstra, T. & Michel, M. 2004. Three languages, one ECHO: Cognate effects in trilingual word recognition. *Language and Cognitive Processes*, 195:585-611. DOI: <http://dx.doi.org/10.1080/01690960444000007>.
- Li, P. 2013. Neurolinguistic and neurocomputational models. In Grosjean, F. & Pi, L. (reds.). *The psycholinguistics of bilingualism*. Chichester: Wiley-Blackwell, pp. 214-238.
- Marian, V. & Spivey, M. 2003. Competing activation in bilingual language activation processing: Within- and between-language competition. *Bilingualism: Language and Cognition*, 6:97-115.
- Nakayama, M. & Archibald, J. 2005. *Eyetracking and interlingual homographs*. Paper delivered at the Canadian Linguistic Association's annual congress in Ontario. http://westernlinguistics.ca/Publications/CLAACL/Nakayama_Archibald.pdf. [16 Februarie 2017].
- Schwartz, A.I. & Kroll, J.F. 2006. Bilingual lexical activation in sentence context. *Journal of Memory and Language*, 55:197-212.
- Schwartz, A. & Van Hell, J.G. 2012. Bilingual word recognition in sentence context. In Adelman, J.S. (red.). *Visual word recognition*. Volume 2. London: Psychology Press, pp. 131-150.
- Spivey, M. & Marian, V. 1999. Cross talk between native and second languages: Partial activation of an irrelevant lexicon. *Psychological Science*, 10:281-284.
- Szubko-Sitarek, W. 2015. *Multilingual lexical recognition in the mental lexicon of third language users*. Heidelberg: Springer.
- Van Assche, E., Duyck, W. & Hartsuiker, R.J. 2012. Bilingual word recognition in a sentence context. *Frontiers of Psychology*, 3:174.
- Van Rensburg, A. 2014. Minimum vereistes vir professionele vertalers: Vertaalvermoë volgens die teorie en in die praktyk. *Litnet Akademies* 112:553-595. https://www.litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_11_2/11_2_Van_Rensburg.pdf. [2 Januarie 2017].

Storievertelling as onderrigstrategie ter versterking van identiteitsontwikkeling by agtergeblewe individue

Storytelling as a teaching strategy to strengthen identity development in disadvantaged individuals

**CORNÉ VAN DER VYVER, CARISMA NEL, ELIZE VOS EN
RONÉL VAN OORT**

Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom

E-posse: corne.vandervyver@nwu.ac.za;
carisma.nel@nwu.ac.za; elize.vos@nwu.ac.za;
ronel.vanoort@nwu.ac.za



Corné van der Vyver



Carisma Nel



Elize Vos



Ronél van Oort

CORNÉ VAN DER VYVER is 'n lektor in die vakgroep Afrikaans vir Taalonderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy doseer Afrikaans vir voorgraadse studente in onderwys. Sy behaal die volgende kwalifikasies: BA(Ed) aan die Universiteit van die Vrystaat (1990); en daarna, agtereenvolgens aan die Noordwes-Universiteit, Honneurs in Taalpraktyk (2007), MA in Afrikaans en Nederlands (2014) en PhD (2018), met die titel van die verhandeling, “Storievertelling as onderrigstrategie ter versterking van gemeenskapsidentiteit”.

CORNÉ VAN DER VYVER is a lecturer in the subject group Afrikaans for Education in the Faculty of Education at North-West University. She holds a BA(Ed) (1990) degree from the University of the Free State; thereafter, from the North West University (NWU), she obtained a BA Honours in Language Practice (2007), MA in Afrikaans and Dutch (2014) and PhD (2018); the title of the doctoral dissertation being “Storytelling as a teaching strategy to strengthen a community’s identity”.

<p>CARISMA NEL is 'n navorsingsprofessor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy is 'n opvoedkundige taalkundige wat spesialiseer in leesgeletterdheid van die grondslagfase tot in die hoërondwyssektor. Haar navorsingsbelange sluit in leesgeletterdheidsevaluering en -intervensies, fonologiese bewustheid, klanke, vlotheid in taal, woordeskat, leesbegrip, en voor- en in-diens-onderwysopleiding in leesgeletterdheid, spesifiek kliniese-gebaseerde werkgeïntegreerde leer.</p>	<p>CARISMA NEL is a research professor in the Faculty of Education at the North-West University (Potchefstroom Campus). She is an Educational Linguist specialising in reading literacy from the foundation phase through to the higher education sector. Her research interests include reading literacy assessment and interventions, phonological awareness, phonics, fluency, vocabulary, reading comprehension, and pre- and in-service teacher training in reading literacy, specifically clinically-based work integrated learning.</p>
<p>ELIZE VOS is 'n senior lektor en vakvoorsitter in die Fakulteit Opvoedkunde in die vakgroep Afrikaans vir Taalonderwys aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Haar navorsingsbelangstelling is Afrikaanse jeugliteratuur, die leesmotivering van Afrikaanssprekende adollesentelesers, Afrikaans prosa en poësie, asook Afrikaans metodiek vir die Senior- en VOO-fase.</p>	<p>ELIZE VOS is a senior lecturer and subject chair in the Faculty of Education in the subject group Afrikaans for Education at the North-West University, Potchefstroom Campus. Her research interests include Afrikaans youth literature, the reading motivation of Afrikaans-speaking adolescents, Afrikaans prose and poetry, as well as Afrikaans methodology for the Senior and FET phase.</p>
<p>RONÉL VAN OORT is betrokke by die onderrig van Afrikaans vir Onderwys. Sy fokus op die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652. Sy is die afgelope tien jaar die projekteier van 'n suksesvolle gemeenskapsprojek waartydens Afrikaansmetodiekstudente smidde gedurende die lentemaande Afrikaans aan landelike leerders in 'n plaasskooltjie onderrig.</p>	<p>RONÉL VAN OORT teaches Afrikaans for Education. She focuses on the inclusive history of Afrikaans since 1652. For the past ten years she has been the project leader of a successful community project in which Afrikaans methodology students teach Afrikaans as additional second language to rural learners in a farm school.</p>

ABSTRACT

Storytelling as a teaching strategy to strengthen identity development in disadvantaged individuals

Inhabitants of a community in the Western Cape, heavily burdened by a negative identity caused by poverty and many of the socio-economic problems associated with poverty, formed the focus of the research. It was necessary for the participants in this study to reflect anew on their own experiences as revealed by their stories about themselves, because they are and become the stories they tell. It was assumed that storytelling would be an enabling tool to assist them in discovering their true identity, since their own stories as told by themselves in a familiar language could bring to the fore more positive aspects of an otherwise depressing existence, thereby strengthening a more positive identity. The research question in the present study can be simply stated as:

- *What contribution can storytelling as a strategy make to the construction of identity?*

A qualitative research methodology was followed by using PALAR (Participatory Action Learning and Action Research) as method of enquiry. The life stories of the participants were collected in accordance with this methodology using interviewing, Photovoice activities, journal entries, observations made by the researcher and recordings by means of field notes. The collected data were analysed using the software program ATLAS.ti™. The results were

discussed in accordance with the objectives of the study in an attempt to answer the research questions from the findings as comprehensively as possible. The results, as obtained from the literature review and the empirical investigation, were taken into consideration while implementing storytelling as a teaching strategy.

Cohesion exists between the identity of the participant and the context(s) in which the stories are constructed. The narratives are presented by the participants themselves and from the stories they tell, their individual experiences are deduced in the micro-system. The meso-system entails the relation between the micro-systems, and it could be ascertained that incidences experienced by the individual influenced the individual's relationship with other role players. Should storytelling have developed within a specific micro-system, it can serve as a solution when social problems such as poverty exert influence on the individual. In the eco-system in which a link exists between the context in which the individual plays no active role, and the context in which he actively participates, storytelling brought to the fore factors that influence individuals (for instance parents' workplace, family's social networks and the community). Stories describe the macro-system, the culture in which the individual lives, for instance customs, traditions, the economy, health services, education and values.

It was found that the individual does not understand who they are if their life forms no story, because stories are not simply something people tell, but also incidences of what people have experienced. Therefore, storytelling can expose the individual's negative identity. From the participants' storytelling it became clear that they are dependent on one another at both material and emotional levels due to the brokenness observed in family constructs and poverty (at all levels – material and emotional, as well as the socio-economic decay brought about by poverty). The group that is seen as an entity (community) dissipates uncertainty in the self by practising immoral and bad habits. Participants' storytelling brought to the fore the internalisation of symptoms (depression and fear) as well as the externalisation of symptoms, amongst others, drug and liquor abuse risks. Absent parental support has an influence on the construction of the individual's identity, as confirmed from the participants' storytelling.

From the stories told by the participants it became clear that incidents and actions around the individual can be destructive, but can in time be seen and experienced as positive. Therefore, storytelling as strategy brings to the fore a positive identity. A large number of the participants never recognised positive elements in their lives before communicating these in their stories. Specifically the positive characteristics, abilities and skills of the participants are revealed in their storytelling. Religion plays a prominent role in the lives of quite a number of the participants, and serves as a solution for restoration. It is then also especially religion that gives them insight into all the problematic aspects of their lives. It was also found in the storytelling that the focus should be centred on the individual's religion and not on the individual. The participants' dreams were revealed by the stories told by them.

The contribution stories make to identity is that stories told by individuals reveal who they are. When storytelling directs the individual's way of thinking in a positive direction, it enables them to organize their way of living and adopt a positive world view.

Storytelling has at its command a number of qualities that make it suitable to be applied as an education strategy. Therefore, stories told by individuals with a view to establish a storytelling culture serve to promote identity development.

KEY WORDS: identity; storytelling, storytelling as strategy, autobiographical stories, ecological systems theory, social identity, narrative identity, religious identity, disadvantaged individuals, Action Research

TREFWOORDE: identiteit, storievertelling, storievertelling as strategie, outobiografiese stories, ekosistemiese model, sosiale identiteit, narratiewe identiteit, religieuse identiteit, benadeelde individue, Aksienavorsing

OPSOMMING

In Suid-Afrika gaan heelwat mense gebuk onder 'n negatiewe identiteit as gevolg van armoede en die maatskaplike uitvloeisels daarvan (Bakker & Müller 2010:49-50; De Vries 2017). Die probleemvraag wat in hierdie studie ondersoek is, was: Hoe kan storievertelling as strategie ter versterking van identiteitsontwikkeling aangewend word?

'n Kwalitatiewe navorsingsmetodologie is gevolg deur gebruik te maak van Deelnemende Aksielear en -navorsing (PALAR: Participatory Action Learning and Action Research) as navorsingstrategie. Die lewensverhale van die deelnemers is ingesamel volgens hierdie metodologie aan die hand van onderhoudvoering, Photovoice-aktiwiteite, joernaalinskrywings asook die navorser se waarnemings wat deur middel van veldnotas opgeteken is. Die ingesamelde data is geanaliseer deur gebruik te maak van die sagtewareprogram ATLAS.tiTM.

1. INLEIDING, KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

Erikson (1980:20) stel dat 'n individu se identiteit herlei kan word na die sosialisering binne 'n groep waartoe hy¹ behoort; die individu se spesifieke sosiale konteks definieer die potensiaal waaruit 'n persoonlike identiteit opgebou kan word. Gevolglik sal individuele identiteite beide uit komponente en refleksies van spesifieke sosiale of kulturele eenhede bestaan. Volgens navorsingsbevindings word persoonlike krag, 'n goeie selfbeeld, sin vir doel en hoop as die vier hoofkenmerke van 'n positiewe identiteit beskou (Dutton et al. 2010:268-273). Negatiewe identiteit, daarenteen, kom voor wanneer die individu 'n identiteit in direkte teenstelling met die voorgeskrewe (positiewe identiteit) aanneem, naamlik 'n gebrek aan persoonlike krag, 'n negatiewe selfbeeld, wanhoop en 'n negatiewe siening van sy of haar persoonlike toekoms. Armoede onder agtergeblewe gemeenskappe in Suid-Afrika gee volgens Bakker en Müller (2010:49-50) en De Vries (2017) aanleiding tot wanhoop. In hierdie ondersoek word stories van 'n groep individue van 'n agtergeblewe gemeenskap in Suid-Afrika gebruik om oor hul belewenisse in hierdie konteks te besin. Indien storievertelling die individu se identiteit na vore kan bring, kan veral klem gelê word op die verteller(s) se positiewe identiteit, omdat die individu met 'n positiewe identiteit 'n beter bydrae tot die samelewing kan lewer. Die storievertellers is sodoende gehelp om hulle eie stories te herfraseer en hulle is ingelei tot nuwe betekenis in hulle eie konstitutiewe wêreld – indien hulle in die verlede as onwaardig beskou is, het hulle as gevolg van die herfrasering van hulle eie stories onderwerpe van bewondering geword. Dit was veral die vertellers se interaksie met ander vertellers in die gemeenskap wat hulle beskouing beïnvloed het en meegebring het dat hulle vernuwend kon dink en 'n sterk waardesisteem kon ontwikkel (Taylor 2006:27).

Uit hierdie kontekstualisering word dit duidelik dat agtergeblewe gemeenskappe in Suid-Afrika onder die druk van armoede, en al die uitvloeisels wat daarmee gepaard gaan, onder 'n negatiewe identiteit gebuk gaan. Storievertelling waarin lede van 'n agtergeblewe gemeenskap hul stories op 'n konstruktiewe wyse openbaar, kan 'n bydrae lewer tot identiteitsver-

¹ Gebruik van die manlike of vroulike persoonlike voornaamwoord sluit in hierdie artikel deurgaans die ander geslag in – die “individu” kan dus as manlik en/of vroulik gelees word.

sterking. Die doel van hierdie studie was om sodoende individue uit agtergeblewe gemeenskappe op te hef.

2. KONSEPTUELE EN TEORETIESE RAAMWERK – BRONFENBRENNER SE EKOSISTEMIESE MODEL


Owens (2003:206) stel dat *identiteit* en die *self* komplementerende terme is. *Identiteit* word volgens Edwards (2009:258) deur groepe of individue as selfdefiniëring beskou. Identiteit kan op talle aspekte (klas, streek, etnisiteit, nasie, godsdiens, geslag en taal) van die individu se sosiale wêreld dui – óf afsonderlik óf in kombinasie. In hierdie verband is Bronfenbrenner se ekosistemiese model (Engelbrecht & Green 2005:7) nie alleen 'n bruikbare model om die kompleksiteit van identiteit te ondersoek nie, maar het dit ook die status van storievertelling as strategie binne die konteks van identiteit in perspektief geplaas.

Volgens Swart en Pettipher (2011:14-15) veronderstel Bronfenbrenner se model sosiale konstruksionisme en die samestelling van ekologiese en sistemiese teorieë. Die model stel navorsers in staat om die gedrag van individue op verskillende vlakke van die gemeenskap te verduidelik (Engelbrecht & Green 2005:7). Volgens hierdie siening is interaksie binne die bepaalde sosiale en kulturele konteks waarbinne individue bestaan en ontwikkel noodsaaklik om sin van die wêreld te maak – die individu word immers deur sodanige interaksie blootgestel aan gemeenskaplike idees en ingesteldhede. Dit impliseer dat individuele identiteit die eindproduk is van interaksie met die meso-, ekso- en makrosisteme (Brewer 2007:13; Schoeman 2015:103;). Daarom kry individuele identiteit eers betekenis binne 'n spesifieke konteks.

Volgens Bronfenbrenner (1975) is die verskillende sisteme waarbinne menslike interaksie plaasvind (kyk Figuur 1) interafhanklik. Daarom is dit belangrik om die hele ekosistemiese stelsel waarin groei en ontwikkeling van die individu plaasvind, in ag te neem. Die veranderings in een sisteem sal noodwendig 'n invloed op die volgende sisteem uitoefen. Indien daar met ander woorde verandering plaasvind by individue en hulle verstaan van hul eie identiteit, sal hierdie veranderde identiteit 'n invloed op die onmiddellike gemeenskap (die skool, familie en portuurgroep) asook die wyer gemeenskap (industrie, plaaslike politiek en sosiale dienste) uitoefen (Hohashi & Honda 2011:354-355).

In die kern van Bronfenbrenner se ekosistemiese model is die individu, wat gebaseer is op 'n individuele en genetiese ontwikkelingsgeskiedenis, gesetel. Hierdie samestelling word intussen steeds beïnvloed en verander deur die individu se onmiddellike fisiese en sosiale omgewing (mikrosisteem), asook die interaksies tussen die sisteme binne die omgewing (mesosisteem). Ander breër sosiale, politieke en ekonomiese interaksies (eksosisteem) beïnvloed die struktuur en beskikbaarheid van mikrosisteme asook die wyse waarop hulle invloed op die individu uitoefen.

Stories bied insig in hoe die vertellers sin maak van hulleself en hul sosiale wêreld (ekosistemiese stelsel). Daarom kan stories beskou word as vertellings van gebeure asook die verteller se belewing van gebeure (Polletta et al. 2011:113). Die lewensverhaal word hierdeur 'n uitdrukking van *identiteit*, omdat die vertelling van 'n storie van 'n mens se lewensverhaal die individu help om sin te maak van sy ervarings en die stories bewerk 'n gevoel van self (wie is ek). McAdams (2001:101) se biografiese lewensverhaalbenadering fokus veral op hoe individue hul identiteit deur die proses van hul lewensverhaal konstrueer.



Figuur 1: *Verskillende subsisteme in Bronfenbrenner se ekosistemiese model (Spencer 2006:24; Swart & Pettipher 2011:14-15).*

2.1 Die mikrosisteem

Die mikrosisteem sluit al die rolspelers in wat 'n direkte invloed op die individu se optrede en gedrag uitoefen, naamlik (1) die individu; (2) die gesin; (3) die skool; (4) maats; (5) die gemeenskap; en (6) die omgewing (Donald et al. 2006:41). Hierdie rolspelers is die mense met wie die individu daagliks in direkte interaksie verkeer. Die mikrosisteem vorm die direkte omgewing (fisies, sosiaal en emosioneel) waarin nabye prosesse ontvou. Daarom was dit belangrik om na verskeie identiteitsteorieë op die mikrosisteemvlak ondersoek in te stel.

Erikson (Marcia 1993:3) het *ego-identiteit*, *persoonlike identiteit* en *identiteit op sosiale vlak*, ondersoek. Ego-identiteit is die identiteit wat aan individue die vermoë besorg om die sin van wie hulle is te ervaar en daarvolgens op te tree, sodat die individu se optrede en die sin van wie hulle is kontinu en samehorig geskied. Erikson (1968) verklaar dat die individu in die ruimte waar die self en die konteks kruis, *persoonlike identiteit* as 'n stel doelwitte, waardes en oortuigings aan die wêreld toon.

Marcia (1980:159) bou voort op Erikson (1968:23) se teorie en definieer identiteit as 'n voortdurende ontwikkelingsproses. Die individu verken sy identiteit deur voortdurend verskillende identiteitsmoontlikhede deur aktiewe vraagstelling op te weeg, voordat 'n besluit geneem word oor watter spesifieke stel doelwitte die individu stel, en watter waardes en oortuigings hy sal huldig. Hierdie verkenning verg toewyding met betrekking tot die maak van keuses in die identiteitsdomein (mikrosisteem) en deelname aan betekenisvolle aktiwiteite om hierdie keuses in daad om te sit. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat identiteit dinamies is.

Narratiewe identiteit is volgens McAdams en McLean (2013:233) die self wat die individu uit sy ervarings in die vorm van lewensverhale skep. McAdams en McLean (2013:233)

beklemtoon voorts die noodsaaklikheid dat hierdie stories oor die self binne digte sosiokulturele kontekste soos 'n gemeenskap ontwikkel sal word. Hierdie kontekste sluit aan by Bronfenbrenner se ekosistemiese benadering, wat die wedersydse invloed wat die verskillende kontekste op mekaar uitoefen, beklemtoon.

2.2 Die mesosisteem

Die mesosisteem bestaan uit 'n aantal mikrosisteme. Die individu speel 'n aktiewe rol in die mesosisteem. Die ekso- en mikrosisteme speel 'n voortdurend interaktiewe rol ten opsigte van die mesosisteem. Laasgenoemde behels die slotsom van die interaksie van verhoudings tussen die mikrosisteme in die individu.

2.3 Die eksosisteem

Die eksosisteem betrek al die skakels van die individu se sosiale omgewing, waarin die individu geen aktiewe rol speel nie, en die individu se onmiddellike konteks (Swart & Pettipher 2011:14). Hierdie sisteem omvat die groter sosiale, politieke en ekonomiese konteks waarbinne die individu tot volle wasdom kom (Schoeman 2015:106). Die eksosisteem behels daarom die toename in geleenthede sowel as die toename in risiko's (Bronfenbrenner 1975:237; Swart & Pettipher 2011:17, 81). In hierdie ondersoek is gevind dat die individu se ouer(s) byvoorbeeld in die stad werk, omdat daar nie werksgeleenthede in die gemeenskap is waar die gesin woon nie. Die individu het byvoorbeeld geen aktiewe rol te speel in hierdie aktiwiteit nie, maar dit het wel 'n invloed op die interaksie tussen die ouer(s) en die individu. Dit is gevolglik nodig om na sosiale identiteit binne die eksosisteem te kyk.


Volgens Lesch (2014:136) is 'n *gemeenskap* 'n groep mense wat aan mekaar verwant is deur volgehoue betrekkinge soos sosiale status, rolvervulling en sosiale netwerke. Die term *gemeenskap* dui op verskillende sosiale groeperinge binne die samelewing wat op enige gegewe oomblik in interaksie met mekaar is. Sosiale identiteit verwys na groeplidmaatskap soos die insluiting van 'n individu in die gemeenskap (groep) (Sen 2006:18-19). Die gemeenskap waaraan die individu behoort, speel verskeie funksies in die individu se lewe. Die individu gebruik byvoorbeeld hierdie groepe om toegang tot hulpbronne te verkry, 'n gevoel te kry dat hy êrens behoort en die konstruksie van die self voor te skryf ten opsigte van wat so iemand glo wie hy is. 'n Onvermydelike gevolg van deelname aan 'n sosiale groep soos 'n gemeenskap is dat die individu die wêreld kategoriseer en verstaan deur die oë van sy of haar groep en kognitief groepe as prototipes verteenwoordig (Wagoner et al. 2017:505). Wanneer die individu met 'n sosiale groep soos 'n gemeenskap identifiseer, internaliseer hy die prototipe van die groep en sien homself as lid van die groep. Hierdie selfkategoriseringsprosesse lei daartoe dat die individu homself, ander en die wêreld deur die lens van die groep se belangrike sosiale identiteit beoordeel (Wagoner et al. 2017:506).

2.4 Die makrosisteem

Die makrosisteem beskryf die kultuur waarin die individu leef en behels byvoorbeeld gewoontes, tradisies, die ekonomie, gesondheidsdienste, onderwys, politieke stelsel, die regstelsel en waardes inherent aan die stelsels van 'n bepaalde gemeenskap en kultuur (Bronfenbrenner 1975:258; Swart & Pettipher 2011:14; Schoeman 2015:106). Aspekte soos gesindheid en geloof, wat die individu se ontwikkeling kan beïnvloed, speel ook 'n rol in die

vorming van die individu se identiteit in die makrosisteem (Rathus 2014:23). Vervolgens word die religieuse identiteit bespreek wat die individu se geloof in hierdie sisteem verduidelik.

Markstrom-Adams en Smith (1996:248) verduidelik dat intrinsieke georiënteerdheid in religie gekenmerk word deur 'n aangename en geïnternaliseerde geloof wat weerspieël word in die individu se pogings om in ooreenstemming met beginsels te leef. Navorsers aan Driestar Educatief in Nederland sluit aan by die intrinsieke oriëntasie in religie deur religieuse identiteit vanuit 'n brongerigte benaderingsmodel (Figuur 2) te verken.



Figuur 2: Model vir brongerigte benadering (De Muynk 2011:38)

Die kern verteenwoordig geloof (die bron) wat die individu se denke en optrede bepaal. Die sirkel rondom die bron verteenwoordig visie. Visie is die deurdagte werksaamhede waarin die individu hom bevind deur middel van insigte uit geloof (die bron) bekom. Hierdie visie bepaal die rigting van die handeling (wat deur die derde sirkel verteenwoordig word) en verbind ook die handeling met geloof (die bron). Die individu bevind hom egter nie in 'n vakuum nie, maar funksioneer ook vanuit of binne 'n konteks (buite die sirkels). In die konteks vind ons al die rolspelers wat 'n invloed om die individu uitoefen, byvoorbeeld die skool, die kerk en die ouers (Vermeulen 2011:39).

Hierdie uitgangspunt sluit aan by dié van Bronfenbrenner (1975), met dié verskil dat Bronfenbrenner die individu in die kern (mikrosisteem) plaas en die brongerigte benadering die bron (geloof) in die kern plaas. Die sirkels is nie 'n geslote sisteem nie. Vermeulen (2011:39) meen dat geloof (die bron) die kern is wat gedurig die ander sirkels beïnvloed tot in die wese van die individu en uiteindelik die gemeenskap. Die invloed is egter nie net vanuit die geloof nie, maar ook andersom, omdat die sirkels aan alle kante deurlaatbaar is.

2.5 Die kronosisteem

In hierdie sisteem speel patroonvorming van gebeure in die gemeenskap 'n rol. Bepaalde oorgange en verskuiwings in die lewensverloop van die individu, sowel as sosiohistoriese omstandighede oefen 'n invloed uit (Bronfenbrenner 1994:1646). Die invloed wat patroonvorming uitoefen, kan in enige traumatiese gebeurtenis waargeneem word. Die dood van 'n ouer het aanvanklik 'n groter negatiewe impak op die individu en die gesinsinteraksie, totdat die gesin daarby aangepas het en die interaksie in die gesin stabiliseer (Rathus 2014:23).

Die empiriese ondersoek word vervolgens ondersoek in die lig van Bronfenbrenner se ekosistemiese model en die identiteitsteorieë soos hierbo bespreek.

3. EMPIRIESE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om vas te stel hoe storievertelling as onderrigstrategie ingespan kan word om die identiteit van 'n agtergeblewe gemeenskap te ontwikkel en te versterk. Die Deelnemende Aksieleer en Navorsing (PALAR) is as navorsingstrategie gebruik. Die beskouing van Merriam en Caffarella (1999) dat verandering as riglyn dien, is sinvol in hierdie ondersoek geïmplementeer. Hierdie riglyn verwys na verandering wat gebaseer is op hoe ons onself en die wêreld waarin ons woon, sien. Die navorser kon daarom hierdie navorsingstrategie gebruik om deur die stories van die deelnemers 'n beeld te vorm van hoe hulle hulself en die wêreld waarin hulle woon, sien.

Die navorser en die deelnemers het opgetree as 'n leerstel wat: (i) die algemene probleme van die individu in 'n bepaalde gemeenskap van ondersoek geïdentifiseer het, asook die moontlike oorsake daarvan, en die deelnemers in staat gestel het om 'n inklusiewe praktyk te ontwikkel wat moontlike oplossings deur middel van hul storieverteltegnieke kon bied; (ii) in 'n aksieleerstel van 21 deelnemers; (iii) wat daarna gestrewe het om deur middel van 'n proses van vrae stel en besinnend te luister, by mekaar te leer; (iv) aktief op te tree ten opsigte van die probleem waarmee hulle gekonfronteer is; (v) hulle gesamentlik daartoe te verbind om uit die proses te leer; en (vi) die groep (deur die navorser) gefokus te laat bly op dit wat belangrik sowel as dringend is (Marquardt 1999). Die lewensverhale van die deelnemers in verskillende vorme is as primêre bron gebruik om die deelnemers se identiteit te kommunikeer.

Daar is van doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak van 'n gemeenskap in die Wes-Kaap waar 98% van die inwoners in die gemeenskap staatstoelae ontvang, wat moontlik 'n bydrae lewer tot die negatiewe identiteit van die bepaalde gemeenskap. Deelnemers is uit al die generasielae van die gemeenskap gekies: graad 1 tot graad 3, graad 4 tot 7, graad 8 tot 12, 20- tot 30-jariges, 30- tot 40-jariges, 50- tot 60-jariges en ouer. Altesaam 21 deelnemers het aan die studie deelgeneem. Dit was van primêre belang dat die gekose deelnemers 'n positiewe gesindheid teenoor storievertelpraktyke moes openbaar, ongeag die moontlikheid dat deelnemers ongeletterd kon wees.

Die aksienavorsing is in verskillende fases geïmplementeer. Lewensverhale is deur middel van onderhoude, Photovoice en joernaalinskrywings ingesamel. Katalitiese² ("catalytic") vrae is deur die deelnemers deur middel van Photovoice beantwoord en deur die deelnemers self

² Volgens Pstross et al. (2014:533-535) is katalitiese vrae, dié wat dieselfde funksie vervul as die wetenskaplike proses waarby 'n katalisator gebruik word om 'n reaksie tussen stowwe aan te help ('n katalisator verhoog die spoed van 'n reaksie). Die katalitiese vrae het met ander woorde ten doel gehad om die reaksie van die deelnemers te bespoedig ten opsigte van die probleem.

deur middel van joernaalinskrywings geïnterpreteer. Die joernaalinskrywings is met sukses gedokumenteer deur gebruik te maak van stemopnames, video-opnames, veldnotas en foto's. Een van die deelnemers het na afloop van die eerste fase as fasiliteerder opgetree vir die herhaling van die fase nadat refleksie plaasgevind het en die nodige aanpassings gemaak is. Die navorser het inhoudsanalise gebruik met behulp van ATLAS.ti™ om die data te kodeer, te sorteer en te analiseer.

Die geloofwaardigheid van die data wat tydens hierdie ondersoek ingesamel is, is ook verseker deur die gebruik van die verskeie insamelingsmetodes soos reeds genoem. Deelnemers is ook die geleentheid gegun om die navorsingsverslae te hersien ("review") (portuurgroep-kontrole). Die konteks waarin vrae gestel is en die situasies waarin geobserveer is, is aan die hand van veldnotas (ryk beskrywing) beskryf.

Etiese goedkeuring is van die Etiekkomitee van die universiteit bekom en die etiese riglyne, soos deur die Etiekkomitee van die universiteit neergelê, is gevolg sodat die ondersoek ingeligte toestemming, deursigtigheid en privaatheid van die deelnemers kon verseker. Die storievertelmetode wat in hierdie ondersoek gevolg is, was ook simbolies van aard deurdat dit die verteller se identiteit kon beskerm.

4. BEVINDINGE EN BESPREKING

Bronfenbrenner se ekosistemiese model (1975) poneer dat 'n individu nie bloot 'n ontvanger van die ervarings is wat hy beleef wanneer interaksies in die mikrosisteem plaasvind nie, maar dat die individu ook bydra tot die opbou van hierdie omgewing. Uit die storievertellings kon die deelnemer(s) se ervarings afgelei word asook die ervarings van die individu se interaksie in die mikrosisteem. Die deelnemers se stories het openbaar dat hulle identiteit beïnvloed is deur die opvoeding wat hulle ontvang het, deur lewenservaring wat opgedoen is, die voorbeeld van ander, lewenslesse wat hulle geleer het en die vermoë om te onderskei tussen die leuen en die waarheid ten opsigte van hulle identiteit.

En ek dink ook van my jongsdade, kinderdade op na nou toe, dan dink ek meester (die meeste) as ek maar net geweet het. As ek maar net geweet het. Dan sou dit seker baie anderster gewees het. Dan was ek nie in die baie in die... uh... in die dingese wat ek gewees het, die messtekery en daai ding die waa waa waa outjie my so gestek het. As ek maar net geweet het. (Idina)

Uit die literatuur (McAdams & McLean 2013:233) is bevind dat narratiewe identiteit die self is wat die individu uit sy ervarings in die vorm van stories oor die eie lewe skep. Familiestories is een van die vorms van lewensverhale wat bydra tot narratiewe identiteit, omdat familiestories die individu se eie begrip van die wêreld help vorm. Familiestories dra veral by tot narratiewe identiteit deur die modellering van waardes, gedrag en perspektiewe vir kinders en adolessente (Merrill et al. 2017:119). Daarbenewens kan familiestories wat gekoppel is aan die ontwikkeling van die kind, deur die ervarings wat handel oor die ouer op dieselfde ouderdom, veral betekenisvol wees, omdat hierdie vertellings die kind kan help om hierdie stories van hul ouers aan hul eie ontwikkelende narratiewe identiteit (Merrill & Fivush 2016:74) te verbind. Uit die deelnemers se vertellings is bevind dat die gesinstruktuur van hierdie bepaalde gemeenskap nie volgens die algemeen aanvaarde tradisie saamgestel is nie. Kinders word meestal by familieledede of grootouers groot. Dit is daarom juis belangrik dat stories in hierdie gemeenskap vertel moet word en dat kinders moet weet waar hulle hul eie storie kan gaan vertel of na ander se stories kan gaan luister. Die gemeenskap neem die rol van die ouers oor wat onder ideale omstandighede stories sou

vertel het om hul kinders op te voed. Die leemte wat deur afwesige ouers gelaat word, word sodoende deur die gemeenskap gevul deur stories te vertel – nie alleen om kultuur te vestig nie, maar storievertelling te gebruik as onderrigstrategie om identiteit te ontwikkel en te versterk. Soos Taylor (2001:1) vermeld, is jy die produk van al die stories wat jy gehoor en gelewe het. Sodoende kan positiewe waardes, gedrag en perspektiewe aan die kinders gemodelleer word, asook aan adolessente wat hulle in 'n staat van identiteitsverwarring bevind.

Die positiewe karaktereienskappe wat uit die deelnemers se storievertellings afgelei is, het die negatiewe karaktereienskappe oorskadu. Die deelnemers het daarom eers tydens hul storievertellings bewus geword van hul positiewe identiteit. Senehi (2010:113) verklaar dat individue se selfbeeld bevorder word wanneer hulle bewus word van die storie van hul eie kultuur en die verband daarvan met ander kulture. Daarom kan die afleiding gemaak word dat storievertelling 'n positiewe bydrae gelewer het tot die deelnemers se selfbeeld.

Die mesosistiem behels die verhouding tussen die mikrosisteme in die individu se lewe. Die ekosistemiese model bied 'n raamwerk vir die identifisering en ontwikkeling van verskillende bates en sterkpunte in betrokke mikrosisteme (Swart & Pettipher 2011:14). Storievertelaktiwiteite, wat goed bestuur word in 'n gemeenskap waar sosiale probleme soos armoede 'n invloed het op individue, kan as 'n bate dien, omdat stories persoonlike en kollektiewe herinneringe aan mekaar koppel. Sodoende word hierdie stories geleefde ervarings wat deur die ouer generasie vertel en aan die jonger geslag oorgedra word (Reese et al. 2017:1142). Stories vervul die rol van 'n "sielkundige" en die individu kan op kreatiewe wyse uiting gee aan sy ervarings wanneer veral huislike en persoonlike probleme bespreek word. Hierdie storievertelaktiwiteite kan ook die deelnemer bemagtig, omdat die storievertelstrategie hom met nuwe perspektief na probleme laat kyk en die deelnemer dan op 'n kreatiewe wyse vasstel wie hy werklik is.

Die eksosistiem is die omgewing waarin 'n skakel voorkom tussen die konteks waarin die individu geen aktiewe rol speel nie, en dié waarin sy wel aktief deelneem. Die ouers se werkplek, gesin se sosiale netwerke en die gemeenskap is die drie ekosisteme wat die ontwikkeling van die individu direk beïnvloed. Die brose ouerskapstruktuur van hierdie bepaalde gemeenskap is dikwels die oorsaak van trauma, omdat die kinders dikwels óf hul primêre versorgers aan die dood moet afstaan óf van hulle verwyder word. Deelnemers het in die eerste plek geen aktiewe rol gespeel tydens die besluitneming oor wie hulle moet versorg nie en in die tweede plek het hulle geen aktiewe rol gespeel in die dood of verwydering van hulle versorgers nie.

Die sosiale identiteit van die individu kan ingedeel word in vermaak, verhoudings, sosiale invloed, sosiale fasiliteite en sosiale posisie. Die deelnemers het openbaar dat hierdie gemeenskap se vermaak hoofsaaklik uit verkeerde gewoontes bestaan, wat meestal tot die vernietiging van lewens lei, soos onder meer blyk uit die volgende beeld:

En dan is dit nou, Mevrouw, as ek geld het, Mevrouw, dan wil ek altyd net drank koop. (Rika)

Verkeerde gewoontes dien dikwels as 'n kruk om te ontsnap uit die effek van trauma, maar veroorsaak verslawing wat verdere vernietiging meebring.

En met die gedrinkery, was ek al gesteeke deur 'n mes.

Deur 'n mes? Waar het hulle jou gesteeke?

Op my kop. (Rika)

Destruktiewe gewoontes lei met ander woorde heel dikwels tot die dood of emosionele gebrokenheid. Ander verval in depressie as gevolg van trauma.

En die dag toe my ouma oorlede was, was dit so pynlik vir my. Toe's dit amper soos 'n stuk van my hart wat weggeneem was. (Richie)

En ek het, want my ma en my pa is oorlede. Hulle is vermoor ook. Toe't die welsyn my gekry. Op in die ashoop. En daarvanaf toe't hulle vir my welsyn toe gestuur en so't ek opgegroeï tot 18 jaar oud. Daarvanaf toe kom ek na my pleegouers toe. En nou's ek op die oomblik hier, maar soos ek vir u kan sê, voel dit ek kry nie liefde nie. Ek kry van ander mense liefde, maar van my familie se kant af kry ek nie liefde nie. Ek word net afgeskeep. (Gielliam)

Die deelnemers se familieverhoudings is vir hulle belangrik. Dit was vir die meeste deelnemers maklik om 'n rolmodel in hul familieverband te identifiseer. Diegene wat wel iemand as rolmodel buite familieverband kon identifiseer, het almal verwys na iemand wat hulle as 'n geloofsheld/in sien.

Ek kyk op na hom, want hy is baie, hy is is ... hy is 'n rolmodel vir my, want is baie hoog in die Here.

Ja-a. En jy wil ook daar wees?

Ja.

Hoekom, hoekom dink jy mens moet hoog wees in die Here? Wat sien jy by hom wat jy ook wil hê?

Is net die goedheid. (Marcell)

Die makrosisteem (Bronfenbrenner 1975:258; Schoeman 2015:106) beskryf die kultuur waarin die individu leef, byvoorbeeld gewoontes, tradisies, die ekonomie, gesondheidsdienste, onderwys en waardes inherent aan die stelsels van 'n bepaalde samelewing en kultuur. Die deelnemers se kulturele identiteit bestaan hoofsaaklik uit hul taal, gewoontes en hul sosiale bedrywighede. Die grootste faktor wat hul kulturele identiteit identifiseer, is hul gewoontes. Verkeerde gewoontes maak egter 'n groot deel van hul kultuur uit, soos byvoorbeeld moord, geweld, drankmisbruik en dwelmmisbruik.

Enne uhm, hoekom sou jy die mense van die dronkplekke af wou wegdra?

Want hulle gaan weer baklei, Tannie.

En jy hou nie van 'n bakleiery nie?

Nee. (Skud haar kop.) (Saskia)

Geloof speel 'n belangrike en sigbare rol in die deelnemers se identiteit. Geloof was byvoorbeeld hul anker toe die verkeerde lewenswyse hulle so vernietig het, dat hulle nie op die pad van hierdie verkeerde gewoontes kon voortgaan nie.

God het my nog deurgedra deur al die goete. En ek sien dat ek het nog nooit swak geword nie. Van ek het 'n klomp mense rondom my, 'n kerk vol mense. Ek het nie familie gehet nie. Ek het nie ouers gehet nie, maar God gee vir my 'n klomp mense. My maens, paens, 'n hele paar, 'n kerk vol wat omgee vir my en ek gee om vir hulle. En hulle verstaan aan my. (Richie)

Geloof het veral insig gebring in die gebrekkige ouerskapkwessie in die gemeenskap – in so 'n mate dat heelwat van die deelnemers dit as hul roeping beskou om hierdie leemte van gebrekkige ouerskap te vul met die regte voorbeeld, sodat hulle ook ander kan bemagtig in 'n gemeenskap wat gekenmerk word deur disfunksionele ouerskap.

En ek het nou die aand in die diens, sê ek Woensdagaand, sê ek my begeerte is jongmense.

Ek wil nog sit en gesels met die jongmense. En praat met die jongmense. Dan wil ek vertel wat het dit, ek sê ek kom vir, ons kom van al hierdie dinge af. Ek sê ons kom van alles af. Soos julle dit nou sal dink. Ons ken van vry. Ons ken alles. Ons ken drink. Ons ken sigarette. Ons ken al hierie snaakste dinge, ken ons wat julle in lewe. Maar die Here gaan 'n tyd maak lat ek saam met hulle gesels. (Idina)

Hierdie bevinding word ondersteun deur die Brongerigte benadering (De Muynck 2011:38). Nadat die individue 'n destruktiewe pad gestap het, het die individu die visie openbaar dat die verkeerde gewoontes van die destruktiewe pad nie die oplossing vir hul probleme was nie. Hierdie visie bepaal die rigting van die handeling en koppel ook die handeling aan geloof (die bron). Dit was toe die deelnemers geloofsbeginsels begin toepas het, dat hierdie geloofsbeginnsels werklik veranderinge in hul lewens teweeg gebring het. Hierdie bevinding bevestig die verskil tussen Bronfenbrenner se ekosistemiese model en die Brongerigte benadering, naamlik dat Bronfenbrenner die individu in die kern (mikrosisteem) plaas en die Brongerigte benadering die bron (geloof) in die kern plaas. Die bevinding bevestig daarom dat die fokus op die individu se geloof moet sentreer en nie op die individu self nie.

Uit die konsep *sosiale identiteit* word bevind dat gemeenskappe wat hoë vlakke van doeltreffendheid toon om onsekerheid by die self te laat afneem, beskou word as 'n groep met hoë entiteit ("entitativity"). Gemeenskappe met hoë entiteit is duidelik gestruktureerd, het 'n duidelike identiteit, en hul lede het soortgelyke eienskappe en is onderling afhanklik vir hul lot (Hamilton & Sherman 1996:350). Die deelnemers het openbaar dat hulle gereedelik onderling afhanklik is van mekaar vir hul lot. Uit die deelnemers se storievertellings het dit duidelik geword dat hulle afhanklik is van mekaar op materiële sowel as emosionele vlak as gevolg van die gebrokenheid soos waargeneem uit gesinskonstrukte en armoede (op alle vlakke – materieel en emosioneel), asook die sosio-ekonomiese verval wat armoede meebring. Die prominente entiteit in hierdie gemeenskap van ondersoek beoefen hoë vorme van verkeerde gewoontes as oplossing om onsekerhede by die self te verdryf. Uit die deelnemers se storievertellings is afgelei dat hulle emosies soos depressie, bekommernis, moedeloosheid, wantroue en selfbejammering ervaar. Hierdie eienskappe dui op verhoogde grade van internalisering (depressie en ang) soos bewys deur Schwartz et al. (2009:149) en eksternalisering (reëls oortree, skinder, leuens en fisiese aggressie) (Schwartz et al. 2005:396). Die afkeure wat die deelnemers in hul storievertellings noem, is veral 'n teken van die verhoogde grade van eksternalisering van simptome in dié gemeenskap wat hul negatiewe identiteit bevestig. Dit is ook interessant om daarop te let dat die afkeure wat die deelnemers genoem het, dikwels verband hou met maatskaplike probleme, soos afknouery, bakleiery en leuens en die gevolge daarvan.

Ouerlike ondersteuning het inderdaad 'n invloed op die konstruksie van die individu se identiteit soos bevestig uit die storievertellings van die deelnemers. Die samelewing waarbinne die kind uit hierdie bepaalde gemeenskap ontwikkel, is die teenoorgestelde van die gesinstruktuur wat navorsing as die model voorhou (Engelbrecht & Green 2005:4). Die afwesigheid van die ouers kan meestal toegeskryf word aan óf werksverpligtinge óf die tekort aan werkgeleenthede. Wanneer die kinders puberteit bereik, toon hulle aggressie teenoor hul ouers as gevolg van die feit dat die ouers nooit daar was vir hulle nie. Hulle verwyrt hul ouers oor hul afwesigheid in hul lewens, veral in 'n tydperk toe hulle hulle nodig gehad het, en aanvaar as gevolg daarvan geen gesag van hul ouers nie.

En nou sien ek is amper hulle kry nie daai kontak nie. Ek sê altyd uh, Mevrou, ek praat ook saam baie saam met die jongmense. Dis moeilik. As jy 'n kind het jou kind moet by

jou groot maak. Want later van tyd gaan daar probleme kom. Want dan het jy en jou kinders nie daai band, daai ma-band nie. Daai ma liefde nie. Want dan gaan jy en jou kinders mekaar nooit verstaan nie. Want dis daai kind wil net uitdruk, vernaam die oudste een. Hy wil net, hy wil net, want hy raak nou by die ouma groot. Dan sien sê jou kind mos, ma jy's nie sy ma nie. Jy't nooit tyd vir hom gehad nie en al daai klomp dinge. Enne dan voel dit daar's botsing tussen sy en haar oudste seun. (Idina)

Diegene wat gelukkig genoeg is om by hul ouers groot te word, is dan meestal deel van 'n destruktiewe gesinstruktuur. Wanneer die ouers geld ontvang, hetsy in die vorm van 'n salaris of uitbetaling van staatstoelae eenmaal per maand, word drank en dwelms gekoop en word die finansies nie bestee om in die kinders se basiese behoeftes te voorsien of om hulle daarmee te versorg nie. Dit is die voorbeeld waarmee die kinders grootword en daarom volg die meeste van die kinders die voorbeeld sodra hulle oud genoeg is om 'n salaris of die een of ander staatstoelaag te ontvang.

Soos my pa was baie bakleierig met my ma.

Dan het hy vir haar geslaan?

Hy't baie vir haar geslaan.

En dan keer julle, of nie?

Nee, ons sal nog nooit nie, hy slat ons. (Letta)

Uit die deelnemers se storievertellings het dit geblyk dat gebeure en handelinge rondom die individu destruktief kan wees, maar oor tyd heen positief beskou en beleef kan word, omdat die individue as gevolg van die negatiewe handeling en gebeure insig kry en hul identiteit heroorweeg en dan positief verander. Die negatiewe gebeure en handeling kan daarom die positiewe identiteit en verdieping van die individu meebring.

Ek het in daai skoen gestap. Ek sê nou een dag. Ek het net so, toe sê ek, weet julle ek het op my jongtyd, Mevrouw, ek werk uh uh in die Kaap. En en ek het baie manvriende gehad. Daggarokers gehad en ek was deel van hulle. En dan uh baie kinders is blanke kinders, want hulle was baie lief vir my. Enne dit ons parcels dagga gekoop. Ek sê ek wil nog sit en gesels en wat het ek gekry daaruit? Ek het niks gekry daar uit nie. Want op die ou end toe kom dit terug na my toe. En toe vang dit my. Wat jy doen aan ander mense en aan ander mense se kinders, want ek het self daai kinders op, ek kon mos met hulle gepraat het, maar ek het saam met hulle die verkeerde ding gedoen. En toe kyk waar eindig dit? (Idina)

Heelwat van die deelnemers het nie die positiewe elemente in hul lewens herken voordat hulle dit in hul storievertellings gekommunikeer het nie. Dit is veral die positiewe karaktereenskappe van die deelnemers wat deur hul storievertellings te voorskyn geroep is asook hul vermoëns en vaardighede.

Oukei en hierdie? (Verwys na "Dream"-versierings).

Die is... die sê vir my dat drome altyd waar kom.

Nou dink jy mens kan 'n prinses word?

(Knik)

Ek dink ook so. Ek dink ook mens kan 'n prinses word. Mens hoef nie noodwendig 'n prinses te wees soos daar in Engeland met 'n kroon op jou kop nie, nê?

Maar ek is 'n prinses van my ma.

Daar's hy.

Van my ma en die Here. (Nicky)

Storievertellings het tydens hierdie studie die positiewe identiteit wat verbloem was, na die oppervlak gebring sodat die deelnemers opnuut hul menswaardigheid in oënskou kon neem.

En hoe laat hierdie bladsy jou voel?

Hy laat ek baie goed voel, van hy laat ek dink aan my verlede waar ek uit kom en waar ek nou is. En dit laat my so baie goed voel daaroor. (Richie)

5. SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Met hierdie studie het die navorser gepoog om deur middel van stories hernieude betekenis van ervarings te laat herleef met die fokus op identiteit. Die stories uit die gemeenskap is op verskeie wyses gebruik om die deelnemers se stem te versterk. 'n Onderrigstrategie (vir geletterdes sowel as ongeletterdes) het uit die ondersoek voortgevloei waarvolgens 'n benadeelde en onderdrukte individu bemaatig kan word om selfvertroue en eiewaarde tot stand te bring deur hul identiteit te openbaar deur middel van storievertelling as strategie.

Deelnemers kon hul eie unieke stories skep met hulleself as die held of heldin. Die storieverteltechniek het die sin in hul bestaan na vore gebring, omdat hierdie tegniek hulle toegelaat het om met nuwe oë na hul eie stories te kyk. Omdat dit 'n lewe is wat hulle self beleef het, is die verhaal gesaghebbend. Die stories dui daarom op hoop, hoop dat dié lewe nog lewe in oorvloed kan voortbring.

Een van die kernstorielyne wat duidelik na vore gekom het uit die deelnemers se stories, was afwesige ouerskapstrukture. Die navorsing het daarom ook die nadelige impak van hierdie afwesige ouerskapstrukture op die gemeenskap se identiteit getoon. Dit is daarom duidelik dat intervensie noodsaaklik is om die gemeenskap se identiteit te versterk deur die tekorte van ouerskapstrukture aan te spreek.

BIBLIOGRAFIE

- Bakker, K. & Müller, L. 2010. Intangible heritage and community identity in post-apartheid South Africa. *Museum International*, 62(1/2):48-54.
- Brewer, J. 2007. *Early childhood education*. Boston: Pearson.
- Bronfenbrenner, U. 1975. The origins of alienation. In Bronfenbrenner, U. & Bronfenbrenner, U. 1994. Ecological models of human development. In *International Encyclopedia of Education*, 3:1643-1647.
- De Muynck, A. 2011. *Wat is de brongerichte benadering? Bilage bij het eindrapport van het lectoraat onderwijs en identiteit*. Gouda: Driestar Hogeschool.
- De Vries, W. 2017. LitNet-artikel: gesprek oor taal en identiteit: Wellingtonse gemeenskapsleiers voer oop gesprek oor taal en identiteit. <http://www.taalmuseum.co.za/gesprek-oor-taal-en-identiteit/> [Datum van gebruik: 6 Nov. 2017].
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. *Educational psychology in social context*. 2nd ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2006. *Educational psychology in social context*. 3rd ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2010. *Educational psychology in social context*. 4th ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Dutton, J.E., Roberts, L.M. & Bednar, J. 2010. Pathways to positive identity construction at work: four types of positive identity and the building of social resources. *Academy of Management Review*, 35(2):265-293.
- Edwards, J. 2009. *Language and identity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Engelbrecht, P. & Green, L. 2005. *Promoting learner development*. Pretoria: Van Schaik.
- Erikson, E.H. 1968. *Identity: youth and crisis*. New York, NY: Norton & Company.
- Erikson, E.H. 1980. *Identity and the life cycle*. New York, NY: Norton & Company.

- Hamilton, D.L. & Sherman, S.J. 1996. Perceiving persons and groups. *Psychological Review*, 103(2): 336-355.
- Hohashi, N. & Honda, J. 2011. Development of the concentric sphere family environment model and companion tools for culturally congruent family assessment. *Journal of Transcultural Nursing*, 22(4):350-61.
- Huitt, W.G.B. 2006. A systems model of human behaviour: the contact of development. <http://chiron.valdosta.edu/whuitt/materials/sysmdl.html> [Date of access: 16 May 2016].
- Lesch, H.M. 2014. Vertaalpraktyke in die sosiale media: 'n verbeterde vertaalteks vir 'n virtuele gemeenskap? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(1):129-143.
- Marcia, J.E. 1980. Identity in adolescence. In Adelson, J. ed. *Handbook of adolescent psychology*. New York: Wiley, pp. 159-187.
- Marcia, J.E. 1993. The ego identity status approach to ego identity. In Marcia, J.E., Waterman, A.S., Matteson, D.R., Archer, S.L. & Orlofsky, J.L. eds. *Ego-identity: a handbook for psychosocial research*. New York, NY: Springer-Verlag, pp. 3-21.
- Markstrom-Adams, C. & Smith, M. 1996. Identity formation and religious orientation among high school students from the United States and Canada. *Journal of Adolescence*, 19(3):247-261.
- Marquardt, M.J. 1999. *Action-learning in action, transforming problems and people for world class organizational learning*. Palo Alto: Davies-Black.
- McAdams, D.P. 2001. The psychology of life stories. *Review of General Psychology*, 2(5):100-122.
- McAdams, D.P. & McLean, K.C. 2013. Narrative identity. *Current Directions in Psychological Science*, 22(3):233-238.
- Merriam, S.B. & Caffarella, R.S. 1999. *Learning in adulthood*. 2nd ed. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Merrill, N. & Fivush, R. 2016. Intergenerational narratives and identity across development. *Developmental Review*, 40:72-92.
- Merrill, N., Srinivas, E. & Fivush, R. 2017. Personal and intergenerational narratives of transgression and pride in emerging adulthood: links to gender and well-being. *Applied Cognitive Psychology*, 31(2):119-127.
- Owens, T.J. 2003. Self and identity. In DeLamater, J.D. ed. *Handbook of social psychology*. New York: Kluwer Academic Plenum, pp. 205-232.
- Polletta, F., Chen, P.C.B., Gardner, B.G. & Motes, A. 2011. The sociology of storytelling. *Annual Review of Sociology*, 37(1):109-130.
- Pstross, M., Talmage, C.A. & Knopf, R.C. 2014. A story about storytelling: enhancement of community participation through catalytic storytelling. *Community Development*, 45(5):525-538.
- Rathus, S.A. 2014. *Childhood and adolescence: voyages in development*. Belmont: Wadsworth.
- Reese, E., Fivush, R., Merrill, N., Wang, Q. & McAnnaly, H. 2017. Adolescents' intergenerational narratives across cultures. *Developmental Psychology*, 53(6):1142-1153.
- Schwartz, S.J., Pantin, H., Prado, G., Sullivan, S. & Szapocznik, J. 2005. Family functioning, identity, and problem behavior in Hispanic immigrant early adolescents. *Journal of Early Adolescence*, 25(4):392-420.
- Schwartz, S.J., Zamboanga, B.L., Wang, W. & Olthuis, J.V. 2009. Measuring identity from an Eriksonian perspective: two sides of the same coin? *Journal of Personality Assessment*, 91(2):143-154.
- Schoeman, W.J. 2015. Identity and community in South African congregations. *Acta Theologica*, 22:103-123.
- Sen, A. 2006. *Identity and violence: the illusion of destiny*. New York, NY: Norton.
- Seneli, J. 2010. Storytelling. In *The Oxford International Encyclopedia of Peace*, 4:111-113.
- Spencer, A.P. 2006. *Childhood and adolescence*. Belmont: Thomson.
- Suid-Afrika. 1996. Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. (Kennisgewing 17579). *Staatskoerant*, 1867:1-50, 15 Nov.
- Swart, E. & Pettipher, R. 2011. A framework for understanding inclusion. In Landsberg, E. ed. *Addressing barriers to learning: a South African perspective*. Pretoria: Van Schaik, pp. 3-26.
- Taylor, C. 2006. An issue about language. In Jourdan, C. & Tuite, K. eds. *Language, culture, and society*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 16-46.
- Taylor, D. 2001. *Tell me a story: the life-shaping power of our stories*. New York: Bog Walk Press.
- Vermeulen, H. 2011. Land van die duizend bronne: over het bronmodel identiteit en de identiteitsscan. In Vermeulen, H. ed. *Gids volg het spoor*. Gouda: Driestar Educatief, pp. 37-43.
- Wagoner, J.A., Belavadi, S. & Jung, J. 2017. Social identity uncertainty: conceptualization, measurement, and construct validity. *Self and Identity*, 16(5):505-530.

“Onkruid tussen die koring”: Oswald Pirow en die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, 1940–1943

“Weeds amongst the wheat”: Oswald Pirow and the New Order for South Africa, 1940–1943

FA MOUTON

Departement Geskiedenis
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
E-Pos: moutofa@unisa.ac.za



Alex Mouton

FA MOUTON (DPhil, Universiteit van Pretoria) is Professor in Geskiedenis by die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is ’n NRF-gegradeerde navorser en die outeur van verskeie boeke oor twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse politieke persoonlikhede soos Margaret en William Ballinger, Schalk Pienaar, F.S. Malan en die leiers van die amptelike parlementêre opposisie tussen 1910 en 1993. Hy is tans besig met ’n biografie oor Oswald Pirow.

FA MOUTON (DPhil, University of Pretoria) is Professor of History at the University of South Africa. He is an NRF-rated researcher and author of a number of books on twentieth-century South African political figures such as Margaret and William Ballinger, Schalk Pienaar, F.S. Malan, and the leaders of the official parliamentary opposition between 1910 and 1993. At present he is working on a biography on Oswald Pirow.

ABSTRACT

“Weeds amongst the wheat”: Oswald Pirow and the New Order for South Africa, 1940–1943

In 1940, after Germany’s crushing victory over France, and with Britain fighting for survival, South Africa was facing a period of political uncertainty. The popular feeling amongst many Afrikaners was that Britain had lost the war; and that for its own safety South Africa had to cut ties with the British Empire. Such a step required a new political order to replace the collapsing system of a British-dominated liberal-democratic capitalism. It was against this backdrop that Oswald Pirow (1890–1959), a former minister in the J.B.M. Hertzog government between 1929 and 1939, and a member of the Herenigde Nasionale Party (HNP), formed the New Order for South Africa (NO) on 25 September 1940 as a study group within the party to espouse national-socialistic ideals. Pirow was no conviction fascist and the founding of the NO represented an opportunistic trimming of the sails to prevailing political winds, to advance his own career. Highly intelligent, charismatic and an outstanding orator; at emotional mass meetings he was treated as a messianic figure, given his message that the Afrikaner had to follow the example of an authoritarian political system based on “staatsgesag” and “volksdisipline” which had emerged in Germany, Italy, Spain and Portugal. At the beginning of 1941 Pirow and the NO seemed unstoppable. And yet, by the end of the year he was

marginalised, and by 1943 had become a pariah trapped in the political wilderness. This article argues that, after a few months during which Pirow was given free and uncritical passage to propagate national-socialism, the Afrikaans churches and the HNP launched an effective counterattack by condemning the principles of the NO as pagan and alien to the democratic traditions of the Afrikaner, while exposing Pirow's opportunism. Ultimately, the Afrikaner churches and the HNP's rejection of the principles of national-socialism, in a period when Nazi Germany was still winning the war, was the main factor leading to the collapse of the NO.

KEY TERMS: Oswald Pirow, New Order, national-socialism, Nazi Germany, Herenigde Nasionale Party, Afrikaans churches, D.F. Malan, A.J. Geyer, J.G. Strijdom, H.F. Verwoerd

TREFWOORDE: Oswald Pirow, Nuwe Orde, nasionaal-sosialisme, Nazi-Duitsland, Herenigde Nasionale Party, Afrikaanse kerke, D.F. Malan, A.J. Geyer, J.G. Strijdom, H.F. Verwoerd

OPSOMMING

Hierdie artikel bied 'n ontleding van die redes waarom dit aanvanklik in 1940 vir Oswald Pirow – wat weens opportunistiese redes nasionaal-sosialisme aangehang het met die stigting van die Nuwe Orde vir Suid-Afrika – moontlik was om hierdie ideologie suksesvol te verkondig. Daar word aangevoer dat unieke omstandighede die politieke veld vir enkele maande vir hom oopgelaat het om nasionaal-sosialisme te propageer. Ná die Afrikaanse kerke en die Herenigde Nasionale Party daarop gewys het dat dit 'n heidense en totalitêre ideologie was wat teenstrydig was met die demokratiese tradisies en volksaard van die Afrikaner, is die Nuwe Orde met 'n toenemende kritiese houding bejeën. Gevolglik was Pirow teen die einde van 1941 'n randfiguur en teen 1943 'n gebrokene, vasgevang in die politieke wildernis. Alhoewel die aanklag dat Pirow 'n opportunist was wel 'n rol gespeel het, was die Afrikaanse kerke en die HNP se verwerping van die totalitêre aard van nasionaal-sosialisme (in 'n tydperk toe dit gelyk het asof Nazi-Duitsland besig was om die oorlog te wen) die beslissende rede waarom die Nuwe Orde ten gronde sou gaan.

INLEIDING

'n Kenmerk van die historiografie oor Afrikaner-nasionalisme is dat weinig aandag geskenk word aan Oswald Pirow se nasionaal-sosialistiese Nuwe Orde (NO) wat binne die Herenigde Nasionale Party (HNP) as 'n drukgroep opgetree het. Uitstekende publikasies soos Hermann Giliomee se *Die Afrikaners: 'n biografie* (2003) en Lindie Koorts se *D.F. Malan and the rise of Afrikaner nationalism* (2014), verwys net terloops na die NO. Hierdie tekortkoming geld ook vir F.J. van Heerden se doktorsale studie, "Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek 1933–1948" (1972), Patrick Furlong se *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the Fascist era* (1991) en Christoph Marx se *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag* (2008). In al die voorgenoemde werke word die klem op die militante nasionaal-sosialisme van die Ossewabrandwag geplaas. In sy *JG Strijdom: Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948* (1980) bied J.L. Basson meer besonderhede oor die NO, maar in die konteks van Strijdom se loopbaan. Wat al die gemelde werke in gemeen het, is dat hulle geen indringende ontleding verskaf van die redes waarom Pirow misluk het in sy betoog dat 'n toekomstige Afrikanerrepubliek op nasionaal-sosialistiese beginsels gevestig moes word nie.

In 1940 is Suid-Afrika deur 'n politieke warrelwind getref weens die land se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog (in September 1939), die gedwonge bedanking van Premier J.B.M. Hertzog, die skeuring van die Verenigde Party (VP), die stigting van die HNP, Nazi-Duitsland se verpletterende oorwinning oor Frankryk, en Brittanje se stryd om oorlewing. Volgens *Die Burger* van 29 en 31 Oktober 1940 was die ineenstorting van Frankryk vergelykbaar met die Franse Rewolusie van 1789, wat die bestaande politieke orde vernietig het. 'n Nuwe politieke orde moes geskep word om die vervalle liberaal-demokratiese kapitalistiese stelsel te vervang. Dit was teen hierdie agtergrond dat Oswald Pirow (1890–1959) die NO gestig het. Pirow, 'n uiters intelligente en charismatiese man en 'n uitstekende spreker, is by emosionele massa-vergaderings as 'n messiaanse figuur ontvang, danksy sy boodskap van 'n nuwe politieke orde. Die NO het onstuitbaar gelyk, maar teen die einde van 1941 was Pirow 'n politieke randfiguur, en in 1943 'n uitgeworpene wat hom in die politieke wildernis bevind het. Hierdie artikel verduidelik waarom die NO na 'n belowende aanvang weggekwyn het, en Pirow se loopbaan vernietig is.

DIE STIGTING EN BEGINSELS VAN DIE NO

Na Junie 1940, toe die nederlaag van Brittanje onvermydelik gelyk het, was daar 'n sterk drang onder Afrikanernasionaliste om die bestaande politieke stelsel te vervang wat Suid-Afrika vir 'n tweede keer in 'n wêreldoorlog betrek het ter verdediging van Britse imperiale belange. Die droom van hierdie Afrikaners was om 'n republiek daar te stel, wat gegrond sou wees op 'n nuwe politieke en sosio-ekonomiese bedeling. Hierdie bedeling sou die Brits-gedomineerde kapitalistiese stelsel vervang wat na hul mening Afrikaners vir geslagte uitgebuit het. Ondanks hierdie sterk stroming onder Afrikaners kon die HNP, wat vroeg in 1940 gestig is nadat die gesuiwerde Nasionale Party en Hertzog se VP-volgelingen saamgesmelt het, weinig aandag daaraan skenk. Die leierskap van die nuwe party was verplig om op partystrukture en die formulering van 'n republikeinse ideaal te fokus, ten einde verskillende faksies binne die party tevrede te stel. Hierdie toedrag van sake het aan die ambisieuse Pirow die geleentheid gebied om sy eie politieke posisie te verbeter. Pirow was 'n dinamiese en bekwame persoon wat as een van die land se beste advokate geag was. Met sy aanstelling as Minister van Justisie in 1929 was hy die jongste minister om ooit in 'n Suid-Afrikaanse regering te dien. As een van die sterre in Hertzog se regering is hy as 'n toekomstige eerste minister beskou. In die HNP was hy egter 'n geïsoleerde randfiguur.¹ Die rede hiervoor was dat leiersfigure in die party, onder andere oud-gesuiwerdes soos D.F. Malan, J.G. Strijdom, C.R. Swart, N.J. van der Merwe, Paul Sauer en H.F. Verwoerd, hom met minagting as 'n opportunist bejeën het weens sy optrede in die smeltersregering van 1934 tot 1939. Dié man, wat vir jare 'n ongenaakbare vyand van die gesuiwerdes se republikanisme was, het oornag ná 4 September 1939 in 'n vurige republikein ontluk. Sodanige drastiese aanpassings van sy politieke beginsels, tesame met sy ooglopende brandende begeerte om die leier van Suid-Afrika te word, het tot gevolg gehad dat hy beskou is as iemand wie se enigste politieke beginsel sy eie ambisies was.² A.L. Geyer, redakteur van *Die Burger*, het hierdie siening soos volg opgesom, "... Pirow, wie se aandeel in die politiek is die bevordering van die politieke belange van Oswald Pirow."³

¹ Vir 'n oorsig van Pirow se politieke loopbaan sien F.A. Mouton, "'Fascist or opportunist?' The political career of Oswald Pirow, 1915–1943', *Historia*, November 2018, pp. 93–111.

² D. en J. de Villiers, *Paul Sauer* (Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers, 1977), pp. 35, 69.

³ Wes-Kaapse Provinsiale Argief (hierna WKPA), Kaapstad, A.L. Geyerversameling, vol. 3, Politieke notaboek, 9 September 1939.

Pirow het die Afrikaner se soeke na 'n nuwe politieke bestel uitgebuit met die stigting van die nasionaal-sosialistiese NO op 25 September 1940 as 'n studiegroep binne die HNP. Hy het 'n kantoor vir die beweging in Pretoria geopen, 'n betaalde organiseerder aangestel, en lede begin werf. Sestien HNP-parlementslede, waarvan vyftien voormalige VP-volksraadslede was, het by die NO aangesluit. Pirow, wat gedurende 'n Europese besoek in 1938 die fascistiese leiers Salazar, Franco, Hitler en Mussolini ontmoet het, het homself as 'n kenner van nasionaal-sosialisme voorgedou. In 'n pamflet getiteld *Nuwe Orde vir Suid-Afrika*, het hy aangekondig dat die ou orde van 'n Britse imperiaal-beheerde en kapitalisties-gedomineerde parlementêre stelsel (volgens hom die bron van alle ellende en verdriet in Suid Afrika) uitgedien was. 'n Nuwe politieke orde was nodig om die verkwistende en ondoeltreffende parlementêre stelsel te vervang. Volgens hom kon demokrasie nie die uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig gestaar het, die hoof bied nie. Die Afrikaner moes die voorbeelde van Duitsland, Italië, Spanje en Portugal nastreef, deur 'n outoritêre politieke stelsel, gegrond op staatsgesag en volksdisipline, aan te hang. Dit het vereis dat die demokrasie met wortel en tak uitgeroei moes word. Aangesien die beheer van Suid-Afrika die voorreg van die Afrikaner was, moes alle anti-nasionale, onnasionale en onopneembare elemente uitgesluit word. Jode moes verbied word om Suid-Afrika te betree, en dié wat hulle na 4 Augustus 1914 in Suid-Afrika gevestig het, moes as onwettige immigrante sonder enige regte behandel word.⁴

Vir die oud-gesuiwerdes in die HNP was die stigting van die NO 'n groot verrassing, aangesien Pirow voor September 1939 'n uitgesproke kritikus van nasionaal-sosialisme en anti-Semitisme was.⁵ In onderhandelinge rondom die stigting van die HNP het hy nie 'n enkele woord oor 'n nuwe orde geopper nie.⁶ Toe dit egter lyk asof Duitsland na Junie 1940 besig was om die oorlog te wen, het hy skielik na vore getree as 'n bewonderaar van nasionaal-sosialisme, en as anti-Joods.⁷ Vir 'n gewalgde Geyer was Pirow 'n patetiese individu wat op 'n Duits-gedikteerde vrede gedobbel het in die hoop dat Hitler hom as Suid-Afrika se heerser sou aanwys.⁸ D.F. Malan was net so ontsteld omdat hy nasionaal-sosialisme as 'n ernstige bedreiging vir die demokrasie en die Afrikaner beskou het.⁹ Alhoewel hy soos ander senior HNP-leiers pro-Duits en anti-Brits was, was hy beslis nie 'n Nazigesinde nie.¹⁰ Op 20 November 1940 het hy tydens 'n toespraak in Boksburg gewaarsku dat 'n nuwe politieke orde nóg op papier uitgewerk, nóg op die volk afgedwing kon word. Dit moes na sy mening uit die volk self gebore word.¹¹ In dié verband het hy die volle steun van senior lede van die HNP geniet. Vir J.G. Strijdom, leier van die Transvaalse HNP, en H.F. Verwoerd, redakteur van *Die*

⁴ Universiteit van die Vrystaat (hierna UVS), Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna AEA), Oswald Pirowversameling, vol 2, Oswald Pirow, *Nuwe Orde vir Suid-Afrika*.

⁵ G.H. Calpin, *There are no South Africans* (London, Thomson Nelson and Sons, 1941), p. 391; *Die Burger*, 6 Maart 1939; M. Shain, *A perfect storm: Antisemitism in South Africa 1930-1948* (Johannesburg, Jonathan Ball Uitgewers, 2015), pp. 9, 92.

⁶ *Die Transvaler*, 11 Augustus 1941.

⁷ Nasionale Argief Pretoria, J.G. Strijdomversameling, vol. 52, J.G. Strijdom – CR. Swart, 7 Desember 1940.

⁸ WKPA, A.L. Geyerversameling, vol. 3, Politieke notaboek, 23 Mei 1941.

⁹ D.F. Malan, *Afrikaner volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959), p. 190. Malan se aantekening op NO-literatuur in sy persoonlike versameling, Universiteit van Stellenbosch (hierna US), D.F. Malanversameling, 1/1/1750, "Advokaat Pirow aan die woord voor studiekring, 27 Februarie 1941" en 1/1/170, *Nuwe Orde Bulletin* no. 6, 20 November 1940, toon sy verwerping van nasionaal-sosialisme.

¹⁰ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), pp. 394-395.

¹¹ *Die Transvaler*, 21 November 1940.

Transvaler, was nasionaal-sosialisme vreemd aan die volksaard van die Afrikaner. Die Boererepublieke was demokrasieë, en die Afrikaner se demokratiese tradisie was nou verweef met die Calvinistiese opstand teen pouslike outokrasie. Demokrasie was dus die hoeksteen van die Calvinistiese beskawing.¹² Geyer het na vore getree as die mees uitgesproke kritikus van Pirow en die NO. In sy redaksionele kommentaar van 20 November 1940 in *Die Burger*, onder die opskrif “Ons glo dit nie”, het hy die verkondiging van ’n absolute diktatuur, waarin die Afrikaner sy politieke regte sou verloor, ten sterkste veroordeel.

Malan was ook bekommerd dat die vorming van die NO onenigheid in die party sou aanmoedig. Hy het Pirow tydens ’n private gesprek versoek om nie met sy planne voort te gaan nie, maar is geïgnoreer.¹³ Aangesien Malan nie die NO verbied het nie, kon Pirow aanvoer dat die propagering van sy nuwe orde met eersgenoemde se goedkeuring plaasgevind het.¹⁴ Teen die einde van Oktober 1940 het ’n gegriefde Malan by die HNP se Kaaplandse konferensie in Cradock gewaarsku dat hy hom genadeloos teen enige groeppvorming binne die party sou verset.¹⁵ Hy het dit egter moeilik gevind om teen Pirow op te tree aangesien laasgenoemde deurentyd aangevoer het dat die NO nie ’n bedreiging vir die HNP was nie. Volgens hom het sy studiegroep slegs idees vir die party se oorweging voorgestel, terwyl hy lojaal aan Malan was.¹⁶ Sy loyaliteit aan die party is bevestig toe hy op 6 November 1940 geweier het om Hertzog uit die party te volg. Oud-premier Hertzog het die HNP verlaat omdat hy van mening was dat die party se voorgestelde republikeinse planne Engelssprekendes in tweedeklas burgers sou omskep.¹⁷

PIROW SE PROPAGANDAVELDTOG

Malan en Geyer se openbare waarskuwings het nie ’n demper geplaas op belangstelling in Pirow se visie van ’n nuwe politieke orde nie. Vir talle Afrikaners was die stigting van die NO ’n opwindende gebeurtenis, en Afrikaanse koerante het breedvoerige publisiteit daaraan verleen. *Die Vaderland* (14 Oktober 1940) het Pirow toegelaat om ’n lang artikel oor die doelstellings van die NO te skryf. *Die Volksblad* (21 Oktober 1940) het Pirow gehuldig as die man wat aan die volk iets gegee het waaroor met vrug nagedink kon word. Die mees geesdriftige steun was dié van *Die Oosterlig* wie se redakteur, Otto du Plessis ’n Nazigesinde was. Hy het in Januarie 1941 by die NO aangesluit.¹⁸ Pirow se *Nuwe Orde vir Suid-Afrika* het sewe herdrukke tussen Desember 1940 en Mei 1941 beleef. Die rede hiervoor was dat omstandighede geskik was om die boodskap van nasionaal-sosialisme te versprei. Sedert 1933 was daar talle Nazi-groeperinge in Suid-Afrika, maar hulle was almal klein splinterbewegings met leiers sonder enige geloofwaardigheid. Hulle het dus weinig invloed op die hoofstroom van Afrikaner-nasionalisme uitgeoefen.¹⁹ Duitsland se oorwinnings in Europa, tesame met Pirow se reputasie

¹² J.L. Basson, *JG Strijdom. Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948* (Pretoria, Wonderboom-Uitgewers, 1980), pp. 362-363, 366.

¹³ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1751, A.L. Geyer – Otto du Plessis, 1 Maart 1941.

¹⁴ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1749, S. Bekker – P.R. Botha, 12 Februarie 1941.

¹⁵ *Die Burger*, 31 Oktober 1940.

¹⁶ *Die Burger*, 23 November 1940.

¹⁷ *Die Burger*, 9 November 1940.

¹⁸ C.F.J. Muller: *Sonop in die suide: Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1990), pp. 599-600.

¹⁹ P.J. Furlong, *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Wits, 1991), p. 22.

as 'n bekwame Minister van Spoorweë en Verdediging wat sy portefeuljes gebruik het om armblankes op te hef, het Afrikaners ontvanklik vir sy boodskap gemaak. Die welsprekende Pirow het nasionaal-sosialisme op die mees utopiese wyse as dié oplossing vir die uitdagings en probleme van die moderne wêreld voorgelê. Onkunde oor die werklike aard van nasionaal-sosialisme het talle Afrikaners help oortuig om sy standpunt te aanvaar. Een van hulle was Ben Schoeman, die HNP-parlementslid vir Fordsburg, wat in sy memoires erken het dat hy by die NO aangesluit het sonder om werklik te weet wat die beginsel van die gesagstaat behels. Schoeman het gemeen dat indien die HNP oortuig kon word om die beginsels van die NO te aanvaar, dit die party in 'n gunstige posisie sou plaas ná Duitsland die oorlog gewen het.²⁰ As iemand soos Schoeman, met sy reputasie as individualistiese parlementslid, so maklik deur Pirow oortuig kon word, was daar weinig kans dat 'n armoedige boer, of 'n klerk, 'n kritieser houding sou inneem.

Wat aan die NO geloofwaardigheid verleen het, was dat Pirow sy boodskap as 'n lid van die HNP deur partystrukture versprei het. As lid van die Ossewabrandwag (OB),²¹ 'n kulturele organisasie wat na die Groot Trek-feesvierings van 1938 gestig is, het hy ook hierdie beweging vir sy propagandaveldtog gebruik. Sy boodskap by 'n reeks openbare vergaderings was eenvoudig – dat die parlementêre demokrasie 'n volksvreemde stelsel was wat deur Britse imperialiste soos C.J. Rhodes en A. Milner op die Afrikaner afgedwing is, en dat die tyd aangebreek het om daardie verrotte stelsel te vervang.²² 'n Kenmerk van vergaderings was Pirow se emosionele heldeontvangs. Tydens 'n OB-georganiseerde Geloftedag by Coega in die Oos-Kaap het 'n skare van 2 000 hom by die spoorwegstasie in Port Elizabeth ingewag en skouerhoog by die stasiegebou uitgedra. By Coega se Piet Retief-monument het 15 000 geesdriftige mense sy boodskap van vryheid gekoppel aan volksdisipline aangehoor. Nog 'n groot en opgeswepte groep OB-ondersteuners het by die spoorwegstasie met volksliedere van Pirow afskeid geneem.²³

Teen die einde van Desember 1940 het 'n bekommerde Geyer in sy politieke notaboek na Pirow verwys as een van die “selfsoekende demagoge” in die HNP, wat Afrikanernasionalisme te radikaal en eksklusief wou maak.²⁴ Hy het rede tot kommer gehad, aangesien dit geblyk het dat Pirow besig was om met die steun van die OB geesdrif vir die nasionaal-sosialistiese ideaal op te bou. Na Januarie 1941, onder die leierskap van F.J. (Hans) van Rensburg, 'n persoonlike vriend van Pirow, het die OB toenemend radikaal geword en tot Malan se ontsteltenis die politieke magsterrein van die HNP betree, en as 'n massabeweging 'n bedreiging vir die party begin inhou. Die golf van ondersteuning vir Pirow en die NO was oënskynlik onstuitbaar.

DIE GEREFORMEERDE KERK SE VERWERPING VAN DIE NO

Teen die einde van Januarie 1941 is Pirow se veldtog om NO-propaganda sonder enige openbare kritiek in Afrikanerkringe te versprei, egter gestuit. Die Gereformeerde Kerk, wat bekommerd was oor die onverskillige wyse waarop dié ideologie onder Afrikaners aangemoedig is, het 'n

²⁰ B. Schoeman, *My lewe in die politiek* (Johannesburg, Perskor, 1978), pp. 79-81.

²¹ Tot September 1939 was hy 'n kritikus van die OB wat as Minister van Verdediging offisiere in die Unie Verdedigingsmag verbied het om lede van die beweging te wees. (*Die Suiderstem*, 8 Mei 1939)

²² *Die Vaderland*, 15 Februarie 1941.

²³ *Die Burger*, 18 Desember 1940.

²⁴ WKPA, A.L. Geyerversameling, vol. 3, Politieke notaboek, 27 Desember 1940.

ondersoek na die beginsels van die NO geloods. Die Transvaalse sinode het eenparig die verslag van Dr. C.J.H. de Wet en Dr. J.D. du Toit van die Potchefstroomse teologiese skool aanvaar. Hierdie verslag het die nasionaal-sosialisme van die NO as heidens veroordeel:

Voorop moet staan dat ons as Bybelgelowiges en Calviniste die hoofpunt van die “nuwe orde” geensins kan aanvaar nie, want die “nuwe orde” gaan uit van die vergoddeliking van die staatsmag en vergoding van die nasie as sodanig. Hieruit moet noodsaaklik volg die verloëning van God in sy hoogheid en die opheffing van die selfstandige kringe in die volkslewe, wat ingevolge die uitspraak van die skrif, hul reg van bestaan erlang het, soos bv. Die kerk, die huisgesin, die skool ens. ... Hierdie hoofbeginsel van die “nuwe orde” is in sy grond heidens en as sodanig die verwerkliging van die staatsgedagte wat ons alreeds by die heidense rykhede van die oudheid vind.²⁵

Aanvanklik het die Gereformeerde Kerk se veroordeling weinig gedoen om die momentum van Pirow se NO-veldtog te stuit. Hy het toe steeds ’n reeks uitnodigings van HNP-kiesafdelings ontvang om openbare vergaderings toe te spreek, en is deur juigende skares van tot 2 000 mense in plekke soos Brixton in Johannesburg en in Mosselbaai ontvang.²⁶ Hoe aanwesiges deur sy retoriek meegesleur is, was treffend sigbaar in Heidelberg in Februarie 1941 toe iemand in die skare luidkeels aan die einde van sy toespraak uitgeroep het: “Ons bring hulde”.²⁷

DIE HNP SE VERWERPING VAN NASIONAAL-SOSIALISME

Heidelberg was die hoogwatermerk van Pirow se NO-veldtog, wat kort daarna begin stoom verloor het. Die hoofrede hiervoor was dat Malan, wat in Januarie 1941 aangewys is as die hoofleier van die HNP, die NO aktief begin beveg het. Op 28 Februarie 1941 het die Beleidskomitee van die party die NO se beginsels kragtig veroordeel met die verduideliking dat, “... ’n voorbarige pleidooi vir die verwerping van die demokrasie vir die Afrikanervolk op ’n ernstige ramp [kan] uitloop.” In plaas daarvan om die bestaande ekonomiese en politieke stelsel in sy totaliteit te verwerp, moes dit na hul mening hervorm word. Die koerante wat die HNP ondersteun het, is aangemoedig om hierdie boodskap aan hul lesers oor te dra.²⁸ Daar was ook ’n toenemende ontevredenheid in die HNP dat Pirow toegelaat is om sy eie organisasie binne die party te bedryf. M.D.C. de Wet Nel, Sekretaris van die Transvaalse HNP, het in April 1941 na ’n toer deur die provinsie bevind dat Pirow se gebruik van partystrukture om die partystelsel te verwerp agterdog en onmin aangewakker het, en ’n demoraliserende uitwerking op partylede gehad het.²⁹

Malan se veldtog om Pirow polities te neutraliseer is deur die Nederduits Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk se veroordeling van die NO gesteun. Professor G.M. Pellisier van die Nederduits Hervormde Kerk se teologiese fakulteit (verbonde aan die Universiteit van Pretoria) het aangevoer dat dit die plig van die kerk was om te kritiseer, en beswaar aan te teken teen enige organisasie, of politieke stelsel, wat die vryheid van die individu ondermyn.³⁰ *Die Kerkbode*, die invloedryke mondstuk van die Nederduits Gereformeerde Kerk, het in Maart 1941 die beoogde nuwe orde veroordeel as staatsvergoding en

²⁵ *Die Burger*, 1 Februarie 1941.

²⁶ *Die Vaderland*, 3 Maart 1941; *Die Burger*, 26 April 1941.

²⁷ *Die Transvaler*, 19 Februarie 1941.

²⁸ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1751, A.L. Geyer – Otto du Plessis, 1 Maart 1941.

²⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, p. 162.

³⁰ *Die Burger*, 11 Maart 1941.

mensverheerliking aan die hand van 'n uitheemse ideologie.³¹ Die kerke se verdoeming van nasionaal-sosialisme was 'n terugslag vir Pirow, aangesien hulle groot invloed onder Afrikaners uitgeoefen het. As teenvoeter het hy aangevoer dat Paul Kruger die eerste nasionaal-sosialis in Suid-Afrika was, en dat hy slegs die voormalige president se idees by huidige omstandighede aangepas het.³² Hierdie poging tot skadebeheer kon egter nie die kerklike verdoeming teenwerk nie. 'n Belangrike rede hiervoor was dat Verwoerd met sy redaksionele kommentaar in *Die Transvaler* van Maart en April 1941 die totalitêre aard van nasionaal-sosialisme beklemtoon het. Die gevolg was dat Afrikaners die NO vanuit 'n kritieser ingesteldheid begin beskou het. Ben Schoeman het, nadat hy ten volle besef het wat 'n nasionaal-sosialistiese gesagstaat behels het, sy rug op Pirow en die NO gedraai.³³ P.J. Meyer, wat in Maart 1941 as 'n Broederbondbeampte die Oos-Kaap besoek het (waar Pirow 'n aantal suksesvolle vergaderings toegesprek het) het met gemak sy mede-Broeders oortuig om die beginsels van die NO te verwerp.³⁴ 'n Verdere doeltreffende wapen teen Pirow was die aanklag dat hy 'n opperste manteldraaier sonder enige beginsels was, wat slegs nasionaal-sosialisme aangehang het omdat hy geglo het Duitsland sou die oorlog wen.³⁵ Dit het talle Afrikaners oortuig om Pirow se motiewe met die NO met agterdog te bejeën. J.H. Theron het in 'n brief aan *Die Oosterlig* namens menige gepraat toe hy daarop gewys het dat Pirow steeds in die kabinet saam met Smuts sou gewees het, asook vyandig teenoor Afrikanernasionaliste, as dit nie vir die oorlog was nie.³⁶

DIE MARGINALISERING VAN DIE NO

Aansluitend by die propagandaveldtog teen die NO het Malan begin om Pirow binne die HNP te isoleer. Op 9 April 1941 het die Federale Raad van die party die NO se verwerping van demokrasie, en die aanhang van nasionaal-sosialisme, as vreemd aan Afrikanertradisies en -volksaard veroordeel. Die Hoofkomitee van die Transvaalse HNP het op 10 Mei 1941 die besluit van die Federale Raad bevestig, en verklaar dat die HNP die demokraties-gegronde stelsel van die voormalige Boererepublieke in 'n toekomstige republiek sou toepas.³⁷ Op 3 Junie 1941 het Malan by die party se nasionale kongres in Bloemfontein – in 'n tydperk waarin Duitsland as onoorwinlik bestempel is – nasionaal-sosialisme verwerp, en die skepping van groeperings binne die party veroordeel. Hy het die volle steun van die kongres geniet. Pirow het aandagtig na Malan geluister en aantekeninge gemaak maar nie 'n woord van beswaar geuiter nie.³⁸ Pirow se stilswye kan daaraan toegeskryf word dat hy besef het dat hy nie langer die nasionaal-sosialistiese ideaal deur middel van partykanale kon versprei nie, en hy daarvan oortuig was dat die NO ná sy propagandaveldtog omvattende steun op voetsoolvlak geniet het. Dit verklaar sy uitdagende en arrogante toespraak op 14 Junie tydens 'n sryddag in Brits. Hy was vasbeslote om voort te gaan met nasionaal-sosialistiese propaganda, en het geglo dat die verwerping daarvan op onkunde oor die NO se beginsels gegrond was.³⁹ *Die Cape Times*

³¹ A. Olivier, *Bode op die spoor van die woord: 150 jaar met Die Kerkbode* (Kaapstad, Lux Verbi, 1998), p. 134.

³² *Die Vaderland*, 3 Maart 1941.

³³ Schoeman, *My lewe in die politiek*, p. 82.

³⁴ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1755, P.J. Meyer – D.F. Malan, 15 Maart 1941.

³⁵ *Die Transvaler*, 1 en 13 Augustus 1941.

³⁶ UVS, AEA, J.H.O. du Plessisversameling, J.H. Theron – Du Plessis, 13 Augustus 1941.

³⁷ Basson, *JG Strijdom*, pp. 361-362, 365-367

³⁸ WKPA, A.L. Geyerversameling, vol. 3, Politieke notaboek, 6 Junie 1941.

³⁹ *Die Vaderland*, 16 Junie 1941.

van 20 Junie 1941 het die toespraak as 'n "over-weening self-assurance in the face of his party bosses" beskryf.

Pirow het verder op die tone van die HNP-leierskap getrap deur die NO as die enigste skans teen die kommunistiese bedreiging voor te hou.⁴⁰ Vir Verwoerd was Pirow se selfopgestelde taak as redder van die Afrikaner net 'n set om die HNP se steun aan parlementêre demokrasie onder verdenking te bring. Vir hom was dit die finale strooi, en hy het ongeduldig daarop aangedring dat Malan teen die NO optree.⁴¹ In *Die Transvaler* van 7 en 8 Augustus het hy Pirow se standpunt oor die NO en kommunisme as 'n diep belediging vir die Afrikaner uitgekryt. Volgens hom het die Afrikaner nie 'n ingevoerde lewensbeskouing nodig gehad om staatkundige of geestelike weerstand teen die kommunisme te bied nie. Malan het op 8 en 9 Augustus 1941 by openbare vergaderings in Nylstroom en Rustenburg tot die aanval oorgegaan deur nasionaal-sosialisme as onversoenbaar met die omstandighede, tradisie en volksaard van die Afrikaner te veroordeel.⁴² By die Transvaalse kongres van die HNP het Malan sy finale aanslag teen die NO geloods. Strijdom het 'n mosie ingedien dat partylede geen ander beleidsrigting as die amptelike beleid van die HNP kon verkondig nie. Van die 600 konferensiegangers het slegs 20 teen die mosie gestem. Die NO is in werklikheid deur die party tot 'n verbode organisasie verklaar.⁴³ Selfs 'n toegewyde Nazigesinde soos Otto du Plessis het gevolglik uit die NO bedank.⁴⁴

Wetend dat daar geen toekoms vir hom in die HNP was nie, het Pirow geweier om hom by die konferensie se besluit neer te lê. Met 16 ander parlamentslede het hy 'n verklaring uitgereik dat daar voortgegaan sou word om NO-propaganda te versprei.⁴⁵ Sy hoop was om uit die HNP geskors te word en sodoende simpatie en steun, veral onder OB-lede, te wen. In die aanloop tot die Transvaalse konferensie het dit gelyk asof Van Rensburg Pirow onder sy beskerming geneem het, deur die HNP se veldtog teen hom as 'n ketterjag af te maak, en te verklaar dat nasionaal-sosialiste in die OB welkom was.⁴⁶ Met die besef dat Pirow uit die party geskop wou word om homself as 'n martelaar voor te hou, het Malan geen dissiplinêre stappe geneem nie.⁴⁷ Pirow het intussen voortgegaan om Afrikaners te probeer oortuig dat nasionaal-sosialisme nie volksvreemd was nie, en tot hul voordeel sou strek:

Die Nuwe Orde is geen Duitse stelsel nie. In Suid-Afrika sal dit 'n Afrikaanse nasionaal-sosialisme wees. Ons kyk nie na die meerderheid van kiesers nie. Ons plan is om almal te ontkieser wat nie bereid is om hul Afrikanerskap uit te leef nie. Ons gaan nie wag op mooiweersvriende nie. In die toekoms sal net een deel tel, en dit is die stem van die regte Afrikaners. Dit is in hierdie rigting wat ons die volk wil lei en aan die party 'n leidraad gee. ... Ons staan die diktatuur van die ware Afrikanerdom voor.⁴⁸

⁴⁰ *Die Vaderland*, 26 Junie 1941.

⁴¹ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1827, Verwoerd – Malan, 28 Julie 1941.

⁴² *Die Transvaler*, 11 Augustus 1941; *Die Burger*, 9 Augustus 1941.

⁴³ *Die Transvaler*, 15 Augustus 1941.

⁴⁴ UVS, AEA, H.O. du Plessisversameling, E. Pirow – Du Plessis, 10 September 1941.

⁴⁵ *Die Transvaler*, 13 Augustus 1941.

⁴⁶ C. Marx, *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag* (Pretoria, Unisa, 2008), p. 416.

⁴⁷ F.J. Van Heerden, 'Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933–1948', (Ongepubliseerde D.Phil, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972), pp. 232–333.

⁴⁸ US, D.F. Malanversameling, 1/11847, Afskrif van Pirow se toespraak. Capital Park, Pretoria, 30 Augustus 1941.

Hierdie standpunt het op 22 September steun ontvang van Hertzog (vir wie hy gereeld op sy plaas besoek het) wat verklaar het dat nasionaal-sosialisme inherent deel van die Afrikaner se volksaard was.⁴⁹ Hertzog se aankondiging het die NO nie gebaat nie. Dit het opvattinge versterk dat Pirow 'n opportunist was wat 'n eensame en verbitterde ou man tot sy eie politieke voordeel gemanipuleer het.⁵⁰ Vir Pirow was Van Rensburg en Hertzog se uitlatings egter tekenend van steun onder Afrikaners. Daarbenewens het die NO se konferensie teen die einde van September 1941 besluit dat sy parlamentslede sou voortgaan met hul nasionaal-sosialistiese propaganda in die parlementêre koudes van die HNP totdat hulle uitgesit word.⁵¹

PIROW SE BEDANKING UIT DIE HNP

Onder die leierskap van Van Rensburg het die OB 'n anti-demokratiese en ekstreme beweging geword. Sommige lede, soos die Stormjaers, het hul tot sabotasie teen die Smutsregering gewend.⁵² Malan, wat bekommerd was oor die OB se betreding van die HNP se terrein as die politieke verteenwoordiger van die Afrikaner, asook die groeiende militantheid van sommige lede, was vasbeslote om die invloed van die beweging onder Afrikaners teë te werk. In Oktober 1941 is HNP-lede beveel om uit die OB te bedank, iets wat 'n groot aantal terstond gedoen het.⁵³ Met die oog op 'n moontlike bondgenootskap met die OB, het Pirow uit sy pad gegaan om uit die party geskop te word. Op 8 November 1941 het hy verklaar dat hy nie met die HNP se parlementêre koudes sou saamwerk nie, tensy hy met hul goedkeuring nasionaal-sosialistiese propaganda kon versprei.⁵⁴ Malan het nie daarop gereageer nie, aangesien hy oortuig was dat die NO binne enkele maande uit die parlementêre koudes sou verdwyn. Daar was geen moontlikheid dat Pirow en sy volgelinge tydens die komende algemene verkiesing van 1943 'n nominasiestryd vir die amptelike kandidatuur van die party in hul kiesafdelings kon wen nie.⁵⁵

Pirow, gefrustreer deur Malan se stilswye, was vasbeslote om 'n situasie te skep wat die HNP geen keuse sou laat as om teen hom op te tree nie. Daardeur sou die indruk geskep word dat die party besig was om volkseenheid te ondermyn. Op 12 Januarie 1942 het C.W.M. du Toit, Pirow se regterhand, vir Paul Sauer (die HNP se hoofseep) genader om 'n spesiale koudesvergadering te belê oor die kwessie of parlamentslede wel lede van die NO en OB mag wees. Sauer het die versoek geweier, aangesien 'n roetine koudesvergadering ses dae later moes plaasvind. Pirow het hom toe tot Malan gewend en aangedring dat 'n vergadering noodsaaklik was vir party- en volkseenheid. Ook hierdie versoek is van die hand gewys. Pirow het daarop verklaar dat NO-lede nie meer koudesvergaderings sou bywoon nie aangesien Malan klaarblyklik niks vir die herstel van vertroue onder partylede, of die herstel van volkseenheid gevoel het nie. Hulle sou nie as lede van die HNP bedank nie, maar wel as 'n selfstandige parlementêre groep optree.⁵⁶ Malan, vasbeslote om Pirow enige status as 'n martelaar te ontnem, het hom

⁴⁹ J.H. Le Roux, P.W. Coetzer, A.H. Marais, *Generaal J.B.M. Hertzog: Sy strewe en stryd, Vol II*, (Johannesburg, Perskor, 1978), pp. 737-749.

⁵⁰ *The Star*, 25 Oktober 1941.

⁵¹ Basson, *JG Strijdom*, p. 375.

⁵² Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 142-145.

⁵³ L. Korf, 'D.F. Malan: A political biography' (Ongepubliseerde D. Phil tesis, Universiteit van Stellenbosch, 2010), p. 412.

⁵⁴ Basson, *JG Strijdom*, p. 377.

⁵⁵ *Die Transvaler*, 14 November 1941.

⁵⁶ US, D.F. Malanversameling, 1/1/1940, Du Toit – Sauer, 12 Januarie 1941, 1/1/1943, Pirow – Malan, 13 Januarie 1942, 1/1/1945, Pirow – Malan, 14 Januarie 1942.

en sy volgelinge nie geskors nie. Die uiteinde was dat die gefrustreerde NO-parlementslede op 26 Januarie 1942 weens Malan se beweerde swak leiding as HNP-lede bedank het.

DIE POLITIEKE WILDERNIS

Na sy bedanking uit die HNP-koukus het daar 'n skok op Pirow gewag. Op 20 Januarie 1942 het die OB enige hoop op 'n moontlike bondgenootskap vernietig deur te verklaar dat die beweging hom nie tot enige party-formasie wou verbind nie.⁵⁷ Alhoewel Van Rensburg 'n persoonlike vriend van Pirow was het hy hom nie hoog geag as politikus nie. Aan sy adjutant, Heimer Anderson, het hy laat blyk dat Pirow dom was wat die politiek betref, en dat hy nooit enige raad van hom sou aanvaar nie.⁵⁸ Van Rensburg moes ook in ag neem dat Pirow, met sy Duitse agtergrond, vir talle in die OB nie 'n ware Afrikaner was nie. Hy is in Suid-Afrika gebore, maar in Duitsland geskool en Duits was sy huistaal, terwyl hy nie 'n lidmaat van enige van die Afrikaanse susterskerke was nie. Soos 'n senior OB-lid dit aan Nic Deacon, 'n NO-organiseerder, probeer verduidelik het:

Ek kan dit nie vir jou beskryf nie. As jy nie die aanvoeling as 'n Afrikaner het wat die verskil tussen Pirow en jouself is nie, dan kan ek dit eintlik nie verduidelik nie, maar hy val nie in dieselfde geestesveld as die deursnee-Afrikaner of die goeie Afrikaner [...] nie.⁵⁹

Dan was daar ook die vrees onder senior OB-lede dat Pirow met sy reputasie as 'n opportunist die beweging vir sy eie ambisie wou misbruik.⁶⁰ Daarbenewens was talle vuurvreter OB-lede van hom vervreem nadat hy die Stormjaers se sabotasiedade veroordeel het. Hy is met minagting as 'n blote prater beskou wat niks gedoen het om Britse imperialisme te beveg nie.⁶¹ Met die OB se verwerping van enige bondgenootskap was Pirow vasgevang in 'n politieke niemandsland tussen die HNP en OB. Tog was daar steeds die hoop op 'n militêre oorwinning deur Nazi-Duitsland. In 'n internasionale wêreldorde wat dan deur Hitler en nasionaal-sosialisme oorheers sou word, sou die NO 'n posisie van krag inneem. Met die oog op 'n uiteindelijke Duitse oorwinning was dit dus noodsaaklik om die NO aan die gang te hou, maar die organisasie was in werklikheid gedoem.

Talle faktore was vir die NO se weggwyning verantwoordelik. Die belangrikste was dat die die HNP die beweging as vyandiggesind afgemaak het.⁶² Op 6 Februarie 1942 het Malan tydens 'n openbare vergadering in Piketberg 'n verdoemende aanval op Pirow geloods. Hy het daarop gewys dat Pirow, nadat hy nie 'n posisie van leierskap in die HNP kon verkry nie, uit persoonlike ambisie met die NO op 'n Duitse oorwinning gedobbel het. Aan die hand van 'n Bybelse gelykenis het hy verduidelik waarom hy getalm het om teen Pirow op te tree: 'n Vyandiggesinde persoon het in die nag onkruid in 'n skoon akker gesaai, maar die onkruid kon nie onmiddellik uitgetrek word nie, omdat dit die jong gewasse sou beskadig. Met oestyd kon daar egter duidelik tussen koring en onkruid onderskei word. Danksy sy tydsame benadering, het Malan aangevoer, kon

⁵⁷ Van Heerden, 'Nasionaal-sosialisme as 'n faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948', p. 278.

⁵⁸ Noordwes-Universiteit (NU), OB-argief, Onderhoud met H. Anderson, Band nrs. 16-18, geen datum.

⁵⁹ NWU, OB-argief, Onderhoud met Nic Deacon, Band nr. 69, Januarie 1975.

⁶⁰ NA Archives, Kew, DO35/588/3, High Commissioner's despatch, 18 Mei 1942.

⁶¹ NWU, OB-argief, Onderhoud met H. Anderson, Band nrs. 16-18, geen datum.

⁶² P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party, Deel V, Van oorlog tot oorwinning, 1940-1948* (Bloemfontein, INEG, 1994), pp. 78-79.

die volk nou die onkruid identifiseer wat in die nag onder die Afrikaner gesaai is. Hierdie kragtige toespraak, wat landswyd deur die Afrikaanse pers versprei is, het enige moontlike geloofwaardigheid vernietig wat Pirow nog onder Afrikaners geniet het.⁶³

'n Verdere onoorkombare struikelblok in die weg van die NO was die kerklike standpunt dat die Afrikaner se Calvinisme en die ideologie van nasionaal-sosialisme onversoenbaar was. Dit is deur professor H.G. Stoker, 'n dosent in Filosofie verbonde aan die universiteit in Potchefstroom, in 'n persoonlike brief aan Pirow oorgedra. Hy het daarop gewys dat hy met die NO se stryd teen liberalisme en kommunisme akkoord gegaan het, maar dat die Calvinisme 'n fundamentele kenmerk van die Afrikaner was, wat gevolglik nasionaal-sosialisme onaanvaarbaar vir hulle gemaak het. Deur nasionaal-sosialisme aan te hang, was Pirow strydig met diepgewortelde kragte in die Afrikaner se volkslewe en volksgeloof.⁶⁴ Die aggressie en brutaliteit wat Nazi-Duitsland in sy besette gebiede uitgeoefen het, het ook talle Afrikaners van die NO vervreem. In 'n brief aan *Die Oosterlig* het A. van Tonder daarop gewys dat die HNP nie die rol van 'n Quisling⁶⁵ vir Duitse imperialisme moes speel nie. Die Afrikaner-ideaal het 'n onafhanklike Suid-Afrika vooropgestel wat Britse en Duitse imperialisme verwerp het.⁶⁶ Talle Afrikaners is ook vervreem deurdat NO-parlementslede oorwegend op die propagering van nasionaal-sosialisme gefokus het, eerder as om na die plaaslike belange van hul kiesers om te sien. So het A.A. le Roux aan J.M. Conradie, VP-parlementslid vir Rustenburg, oor sy NO-volksraadslid (vermoedelik Jan Grobler van Brits) gemor:

Ek wil graag 'n versoek aan jou rig, want ons lid is nou in daardie opsig 'n nul. Hy is besig met 'n nuwe order, en wie hom die order gegee het weet ek nie, hy praat in elk geval van so 'n Nuwe Orde, omdat Pirow so praat.⁶⁷

Hoe moeilik dit was om lede vir die NO te werf, blyk uit die ervaringe van Rudolph Hiemstra, 'n voormalige lugmagoffisier wat uit die weermag bedank het omdat hy nie teen Duitsland wou veg nie. As 'n NO-amptenaar kon hy nie sy mede-offisiere, wat ook bedank het, oortuig om by die organisasie aan te sluit nie.⁶⁸ Met sy sewentien volksraadslede en gebrek aan steun op voetsoolvlak is daar spottend na die NO verwys as 'n "collection of generals without an army".⁶⁹ Pirow se laaste hoop op politieke oorlewing met die NO het in Januarie 1943 verdwyn met die vernietiging van die Duitse Sesde Lëer by Stalingrad. Hierdie rampspoedige terugslag, gepaardgaande met die toenemende militêre betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika, het Duitsland se nederlaag onvermydelik laat lyk. Teen hierdie agtergrond het Pirow teen die einde van Maart 1943 aangekondig dat die NO nie die komende parlementêre verkiesing sou betwis nie. Met die ontbinding van die parlement was Pirow volgens die Britse hoë kommissaris 'n gebroke man.⁷⁰

⁶³ *Die Burger*, 7 Februarie 1942.

⁶⁴ H.G. Stoker – Pirow, 26 September 1942. (Die brief is in die private besit van Prof. P. Stoker, Potchefstroom. Ek is dank verskuldig aan Victor Correia vir 'n afskrif van die brief.)

⁶⁵ Vidkun Quisling was 'n Noorweegse nasionaal-sosialis wat in 1940 Duitsland met die inval en besetting van sy vaderland bygestaan het.

⁶⁶ UVS, ACA, J.H.O. du Plessisversameling, A. van Tonder – J.H.O. Du Plessis, 13 Augustus 1941.

⁶⁷ Unisa, Verenigde Party Argief, J.M. Conradieversameling, File 9 Correspondence 1940, A.A. le Roux – J.M. Conradie, geen datum.

⁶⁸ R.C. Hiemstra, *Die wilde haf* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001), p. 217.

⁶⁹ M. Roberts & A.E.G. Roberts, *The South African opposition 1939-1945. An essay in contemporary history* (Kaapstad, Longmans, Green and CO, 1947), p. 147.

⁷⁰ NA Kew, DO 35/111p, File G581/18, High Commissioner's despatch, 4 Junie 1943.

Pirow het na 1943 desperaat, maar sonder enige sukses, gepoog om die NO as 'n anti-kommunistiese organisasie te laat herleef. Teen die vroeë 1950's het die organisasie in die niet verdwyn, en Pirow sou nooit sy weg uit die politieke wildernis vind nie. Alhoewel hy in 1958 as hoofaanklaer in die Hoogverraadsaak (die verhoor van 'n groot aantal anti-apartheid aktiviste) aangestel is, het die leierskap van die Nasionale Party hom nooit vir sy handeling met die NO vergewe nie. Hy is in 1959 as 'n politieke uitgeworpene oorlede.

GEVOLGTREKKING

Pirow se aanvanklike sukses met die verspreiding van NO-propaganda was die gevolg van unieke heersende omstandighede in Suid-Afrika. Dit het die politieke veld vir enkele maande vir hom oopgelaat om nasionaal-sosialisme sonder enige kritiek, of teenstand, onder Afrikanernasionaliste te versprei. Nadat die Afrikaanse kerke en die HNP besef het watter bedreiging Pirow en die NO vir Suid-Afrika ingehou het, is daarop gewys dat nasionaal-sosialisme 'n totalitêre ideologie was wat met die demokratiese tradisies van die Afrikaner gebots het, en die volk sou benadeel. Daar is ook aangevoer dat Pirow se verkondiging van 'n nuwe politieke orde 'n daad van opportunisme was. Die gevolg was dat die NO met 'n toenemende kritiese houding deur Afrikaners bejeën is. In die woorde van Malan is Pirow as onkruid tussen die koring beskou. Afrikaners het dus hul rug op die NO begin draai, en die organisasie het stelselmatig weggekwyn. Alhoewel die aanklag dat Pirow 'n opportunist was wel 'n rol gespeel het, was die Afrikaanse kerke en die HNP se verwerping van die totalitêre aard van nasionaal-sosialisme, in 'n tydperk toe dit gelyk het asof Nazi-Duitsland besig was om die oorlog te wen, die beslissende faktor in die verwerping van sowel die NO as Pirow.

Redakteursnota

Voortbouend op die gelyktydige bekendstelling van verskillende en/of aanvullende gesigspunte oor bepaalde kwessies in vorige uitgawes, word **Leopold Scholtz** se repliek op **Riaan Eksteen** se artikel oor die voortslepende Brexit-vraagstuk in hierdie afdeling geplaas.

In die artikel word indringend gekyk na die verreikende ekonomiese en politieke nagevolge van Brexit. Drie jaar na die referendum waarin Britse kiesers gestem het om van die Europese Unie te onttrek – en na talle mislukte pogings onder leiding van eerste minister Theresa May om sodoende die ideaal van Britse soewereiniteit te verwesenlik – is daar steeds geen onderhandelde skikkingsooreenkoms bereik tussen enersyds die Verenigde Koninkryk as die voornemende wegbreekstaat en andersyds die Europese Unie bestaande uit ’n alliansie van 27 lidlande nie.

Onversetlike standpunte aan beide kante dui volgens Riaan Eksteen onder meer op die invloed wat binnelandse aangeleenthede op buitelandse betrekkings kan uitoefen: “Waar Brexit vir die Europese Unie (EU) ’n ernstige buitelandse beleidsonderwerp is, gaan dit vir die Verenigde Koninkryk (VK) amper meer oor ’n oorlewingstryd om binnelandse politieke mag en die voortbestaan van die VK as ’n politieke eenheid”. In hierdie verband is dit veral die huidige en toekomstige rol van die Europese Geregshof (EG) wat aanleiding gee tot sowel eerste minister Theresa May se ononderhandelbare voorwaardes of rooilyne, as die EU-onderhandelaars se eweneens onbuigbare standpunte oor die kernrol van die Europese Geregshof binne die Europese Unie.

In sy repliek vestig **Leopold Scholtz** veral die aandag op die historiese aanloop tot die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) en daarna die Europese Unie (EU). Aanvullend tot die problematiese aspekte van die onderhandelinge wat in die artikel uitgelig word, verskaf die repliek die nodige historiese reliëf vir die ingesteldheid van die EU teenoor die VK se pogings om verlore soewereiniteit terug te wen.

Die ekonomiese en politieke nagevolge van Brexit betreffende die VK én die EU word oortuigend geskets in sowel die navorsingsartikel as die repliek daarop. Sonder twyfel sal ook Suid-Afrika nie kan ontsnap aan die uitkringende effek daarvan nie – iets wat moontlik in verdere artikels ondersoek kan word?

Die redaksie rig hiermee weer eens ’n ope uitnodiging aan belangstellende lesers om gesigspunte en standpuntinnames in hierdie rubriek te deel, hetsy by wyse van ’n korter stuk, of ook ’n volwaardige artikel.

INA WOLFAARDT-GRÄBE
Mei, 2019

Brexit se politieke en ekonomiese nagevolge en historiese realiteite*

Brexit's political and economic consequences and historical realities

RIAAN EKSTEEN

Senior Research Associate

Faculty of Humanities

University of Johannesburg

E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973-76) en van Beplanning (1981-93). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur en hoof van die Missie by die VN in New York (1976-1981); Namibie (1990-1991); VN Geneve (1992-1995) en Turkye, insluitend Azerbeidzjan, Kirgizstan; Ozbekistan en Turkmenistan. Hierdie laasgenoemde aanstelling is deur President Mandela gemaak. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens (SAUK) van 1983 tot 1988 en politieke ontleder op die Johannesburgse Aandeelbeurs (JSE) van 1988 tot 1990.

RIAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973-1976) and Head of Planning (1981-1983). In addition, from 1968-1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador and Head of Mission for 12 years at the U.N. New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992-1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995-1997). The latter ambassadorial assignment being endorsed by President Nelson Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation.

* Gebaseer eerstens op 'n tesis getiteld "The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs" waarvoor die doktorsgraad deur die Universiteit van Johannesburg in Oktober 2018 toegeken is en wat nou in 'n boek verwerk is met die titel *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* en gedurende Julie 2019 in Europa vrygestel word. Tweedens op 'n toespraak oor Brexit wat tydens die "Commonwealth Lawyers Association" se jaarkonferensie in Livingstone, Zambië, op 10 April 2019 gelewer is. As opvolgartikel (kyk Eksteen 2019) fokus die huidige skrywe op die onderhandelinge rondom Brexit en spesifiek op die VK se afkeer in die Europese Geregshof en die gevolge daarvan.

ABSTRACT

Brexit's political and economic consequences and historical realities

In an attempt to determine the significance of Brexit, I analyse both the internal (national) and international consequences of Prime Minister (PM) Theresa May's ongoing attempts at negotiating the United Kingdom's (UK's) withdrawal from the European Union (EU).

At the time of writing this article (May 2019), it has become clear that Brexit is a foreign-policy issue for the rest of Europe. In London, however, it revolves primarily around a battle for domestic power and the survival of the UK as a political unit. Seldom before has the impact of domestic affairs on foreign affairs been so vividly demonstrated as in the case of political divisions in the UK driving foreign-policy positions on Brexit and, in particular, PM May's hard line position with respect to the European Court of Justice (ECJ). Because of this fixation on and preoccupation with the ECJ the UK views many of its position points through this ECJ-prism. The issue of the Irish border touches the soul of the UK. The continuation of its four united entities is at stake. As are peace arrangements that have lasted now for more than 30 years. Of all the remaining EU countries the Republic of Ireland (RI) will experience the consequences of Brexit the most – in whatever shape or form it materialises. The emergence of the Irish backstop border issue as a deal breaker during the parliamentary debates on Brexit in the latter part of 2018 caused havoc. In the final analysis Brexit is not just about tariffs or trade and their consequences: it is about history, and making sure it is not repeated. This is a real concern. The backstop was an attempt to avoid renewed instability in Northern Ireland (NI) and is an effort to avoid a hard border between the RI and NI. Opponents argue that it could keep the UK trapped in the EU's customs union and keep the UK enmeshed in the EU.

The siren call of the Brexit campaign was for the UK to "take back control". It was stubbornly determined to regain its distinctive identity in the world, how it chooses to proceed in the world and to formulate a previously untested approach. To achieve that PM May adopted a hard line approach to Brexit. She drew red lines and endorsed previous ones. Each one of them – and the one on the ECJ in particular – was incompatible with the relationship between the UK and the EU. But, she drew them nevertheless. More so in an effort to appease the anti-EU wing of her party. Brexiteers mobilised around the slogan of regaining control which then became a policy objective. Three years later nobody was in control. The failure to take back control was due to the PM failing to take and keep control. With her laid down contradictory red lines, breaking them was inevitable.

Removing the UK from the purview of the ECJ is a delicate and sensitive issue with questions being raised over whether the UK can totally sever all ties with the Court without harming relations with the EU. The reasons why any future relationship with the EU will be nearly impossible without the Court are equally numerous. Whatever position the UK adopted it would not escape ECJ-related consequences. Considered from PM May's hard line standpoint on the Court it was a fact that she could hardly bear to contemplate.

The EU has one common purpose. Foremost, it was determined to ensure that its Court continues to be the protector of all that have been created by the Union for the well-being of its Member States and their citizens, whether the negotiations with the UK succeeded or failed. European integration has brought peace and prosperity to Europe and allowed for an unprecedented level of cooperation on matters of common interest in a rapidly changing world. For the EU economic and political integration are intertwined and have been advanced and enhanced by the ECJ. PM May's red line on the ECJ overshadowed the negotiations and caused her headaches both internally and with the EU. Her negotiations with the EU on this

issue and other crucial matters required patience, diplomatic ability and skill, together with an in depth understanding of the workings of all the EU institutions. The UK displayed no sign of any of these qualities.

The Withdrawal Agreement, which PM May negotiated would be legally binding once it was approved by the UK Parliament and EU Members and ratified by the EU Parliament. It will thereafter govern the terms of the UK's departure from the EU. Its draft provisions include a transition period ending on 31 December 2020. Coupled with this Agreement is the non-binding Political Declaration. It details the UK's longer-term relationship with the EU. It envisages an ambitious, broad, deep and flexible partnership.

On Brexit the EU stands united as never before; the UK is regarded simply as a divisive entity. To exacerbate matters, the UK government consistently underestimated the EU's resolve to stay united. Furthermore, it tried and failed dismally to drive a wedge between Member States and the EU Commission. Its Ministers misled themselves and the public in the UK into believing that the continentals would cave in because of their trade surplus with the UK. Ministers were either not briefed or ignored briefings on critical core features of the EU that conditioned the latter's approach and drove its ambition to stay united and speak with one voice. Seldom before have 27 States acted in such unison. By contrast, divisiveness characterised the UK's performance.

UK officials knew right from the start that a leaving state was required to accept the EU position as the basis for the talks. In the Brexit talks, it was 27 to one. But their Ministers and not least of all their PM gave the impression that the UK had equal political weight to the EU in the negotiations. They minimised the difficulties. They implied the talks would be a walkover. When reality dawned, they accused the EU of stubbornness and unwillingness to cooperate. They questioned the good faith of their EU interlocutors. When they were not doing that they cried victory after every encounter with the EU negotiators. It would serve the UK well to approach the new round of negotiations with a new frame of mind so as to give substance to a future relationship with the EU. One that would treat their European counterparts as worthy negotiating partners and not as foil for use in domestic politics.

KEY WORDS: Dead lines, red lines, European Arrest Warrants, European Court of Justice, European integration, European Union, Irish backstop, Jurisdiction, Parliament, Political Declaration, Prime Minister May, Territorial integrity, White Papers, Withdrawal Agreement

TREFWOORDE: eerste minister May, Europese lasbriewe, Europese Geregshof, Europese integrasie, Europese Unie, Ierse terugval-opsie, jurisdiksie, onttrekkingsooreenkoms, Parlement, politieke verklaring, rooilyn, sperdatums, territoriale integriteit, voorwaardes, witskrifte

OPSOMMING

Hierdie oorsigartikel is nie 'n kronologiese weergawe van alles wat rondom Brexit gebeur het nie. Dit gee eerder die hoofemas weer wat op hul beurt onvermydelik lei tot duplikasie van verwysings en gevolgtrekkings in sekere gevalle.

Waar Brexit vir die Europese Unie (EU) 'n ernstige buitelandse beleidsonderwerp is, gaan dit vir die Verenigde Koninkryk (VK) amper meer oor 'n oorlewingstryd om binnelandse politieke mag en die voortbestaan van die VK as 'n politieke eenheid. Die impak van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid word gedemonstreer deur eerste minister May

se onversetlike standpunt oor die Europese Geregshof (EG).¹ Die VK ervaar die EG as 'n soewereiniteitsbedreiging. Daarom is die wekroep van die Brexit-veldtog vir die VK om “weer volle beheer terug te kry”. Om die VK van die EU se menige instellings en beleidsvoorskrifte los te maak en te organiseer, sou altyd 'n moeilike taak wees. Die aanvanklike pogings om volle betekenis aan Brexit te gee en ook 'n toekomstige verhouding met die EU te bewerkstellig – een sonder die EG se betrokkenheid – is kil deur die Europese gespreksgenote ontvang. Aangesien die eerste minister se ononderhandelbare voorwaardes en rooilyne dwaaslik en teenstrydig neergelê is, was dit onvermydelik dat hulle nie sou steekhou nie. Dat die EG in die proses sou verdwyn, was wensdenkery aan die kant van die VK. Daarenteen was die EU nou meer vasberade dat geen voorstel wat die EG se rol minimaliseer, nog minder die Hof se betrokkenheid uitsluit, oorweeg sou word nie. Om die VK se oordrewe fokus op die EG te verstaan, is dit belangrik om die gebeure voor en na die referendum in ag te neem.

INLEIDING

Die EU het uit die staanspoor die agenda vir die onderhandelinge ferm neergelê. Waarmee saamgestem sou word, sou beperk wees. Die EU was vasbeslote om die waarde van lidmaatskap vir sy lede te behou. Afwatering van al die kompromieë wat sorgvuldig oor baie dekades gemaak is, is verhoed. Na twee jaar van onderhandeling het dit duidelik vir die VK geword dat dit nie moontlik is om die EU en sy Hof te skei nie en dat laasgenoemde steeds 'n prominente rol sal speel in die interpretasie van alle verdrae en wetgewing wat die Unie vorm en in stand hou en wat sodoende dus ook 'n bepalende invloed op buitelandse aangeleenthede uitoefen en wat lidstate nog altyd aanvaar en onvoorwaardelik gehoorsaam.

Die eise wat aan mev. May gestel is om Brexit meer presies te definieer sonder om net haar slagspreuke tot vervelens toe te herhaal, het ondraaglik begin word. Onstuimige politieke storms het oor haar onderhandelingspogings en aanbieding van oplossings losgebars. Om aan die referendum te voldoen, het nou nie meer so maklik gelyk nie, en sy is meermale polities verwond. Dit het alles daartoe gelei dat sy later eerder verdra as aanvaar is. Selfs groter struikelblokke het aan die begin van Desember 2018 voorgelê, waarvan baie na die eerste maande van 2019 oorgespoel het. Die Parlement se betrokkenheid het ook nie juis gehelp nie. Drie maal is haar onttrekkingsooreenkomste afgestem en vir die eerste keer in parlementêre geskiedenis is 'n eerste minister gerepudieer. In die plaaslike verkiesings wat aan die begin van Mei 2019 dwarsdeur die hele VK gehou is, is die Konserwatiewe Party swaar gestraf. Brexit was die oorsaak dat kiesers se geduld opgeraak het met die oneindige gesloer om dit af te handel.

Oor Brexit staan die EU verenig soos nog nooit vantevore nie. Die VK bly 'n skerp verdeelde entiteit en onderhandelingsvennoot en sy regering het deurgaans die EU se vasberadenheid onderskat om verenig te bly.

The EU has a long track record of conducting wide-ranging negotiations. It has developed a complex decision-making process that reflects years of fine tuning. A large part of this process involves continually consulting a multitude of actors both within and outside of EU institutions. This has helped to ensure that, as much as is possible, the EU speaks with one voice when negotiating with third parties.²

¹ Hierdie standpunt het sy as 'n rooilyn (“red line”) gestel wat sy nie bereid was om oor te steek nie.

² Durrant et al. (2019:16).

Die situasie het nog nooit so beroerd gelyk soos tans met die sperdatum van 31 Oktober 2019 in sig nie. Die VK sien nie kans vir 'n geen-ooreenkoms nie en die Parlement ondersteun ook nie 'n ander plan nie. Die VK sal nie 'n sterk genoeg argument vir verdere uitstel kan aanbied nie. Dit is selfs twyfelagtig of die tussentydse sperdatum van 23 Mei 2019 haalbaar gaan wees wanneer eerste minister May aan die EU moet verslag doen oor haar pogings om die ooreenkoms goedgekeur te kry soos wat die EU op aandrang van die Franse President bepaal het.

Dit is onduidelik watter van die onderskeie buitelandse beleidsaspekte van die EU en VK na Brexit prioriteit sal geniet. Eerste minister May se buitelandse beleid is deur Brexit verswelg, en dit begin lyk asof die VK uit internasionale debatte getree het, terwyl die wêreld 'n tragiese mislukking van diplomatie aanskou het. Die verlies aan geloofwaardigheid was tasbaar. Vrae oor die voortgesette geo-strategiese waarde van die VK het begin opduik. Die VK gaan nie noodwendig in 'n sterker posisie wees as wat dit was nie of wat voorstanders van Brexit die heeltyd voorgegee het dit sou wees nie. Die EU gaan ook nie aan gevolge ontsnap nie.

Van al mev. May se rooilyne en haar aanvanklike ferm standpunt dat "Brexit beteken Brexit" het nog niks gekom nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Sy het haar rooilyne gestel en verkondig sonder dat sy die werklike implikasies van elkeen afsonderlik en almal gesamentlik deurdink en begryp het.

Binne enkele weke het die hele Brexit-proses ontrafel. Die eerste minister se nalatenskap lê aan skerwe. Sy en haar regering sal beslis nie onthou word vir enige bepalende gebeure of oomblikke nie, maar eerder vir 'n reeks foute wat gelei het tot die mees katastrofiese mislukking in die geskiedenis van die VK die afgelope sewe dekades, naamlik Brexit.

Vir die VK en die EU was die Brexit-proses in Mei 2019 nog steeds 'n onverkwiklike ondervinding. Vir buitelanders was dit 'n pynlike ervaring om eerste minister May se halsstarrige optredes en die VK-parlement se betrokkenheid wat net tot meer verwarring en chaos bygedra het, gade te slaan. Om nie van die binnegevegte in mev. May se eie party te praat nie. Dat die EU uiters gefrustreerd met haar en die hele proses is, verbaas eintlik niemand nie.

Meer as 1 000 dae na die referendum wat die regering opdrag gegee het om die EU te verlaat en maande na die eerste sperdatum van 29 Maart 2019 wat die VK-regering self gestel het om daaraan te voldoen, is die VK se toekomsverhoudinge met die EU onduideliker as ooit. Nuwe spertye is neegelê en steeds is daar geen duidelikheid oor wanneer en óf die VK die EU wel gaan verlaat nie. In meer as twee jaar kon die VK met sy hardkoppige mev. May, wat verbeelding, buigbaarheid, flair en geskiktheid kortkom, nie daarin slaag om 'n oplossing te vind wat vir die Parlement aanvaarbaar was nie. Eerste minister May regeer wel, maar haar party is onregeerbaar. Haar kabinet is ontevrede en onbedwingbaar. Hulle luister nie na haar nie, maar dank haar ook nie af nie. Hulle bedank net een na die ander, en meer as 15 het al haar kabinet verlaat. Die stortvloed van parlementêre stemmery het allermins tot 'n oplossing bygedra. Dit het geen duidelikheid gebring nie maar eerder bygedra tot 'n gekkehuis van verwarring.

Cabinet collective responsibility has broken down. The Prime Minister has struggled to unify her Cabinet, leading to repeated paralysis on key issues. Theresa May's Government has set records for ministerial resignations, but the extent to which she has been forced to tolerate dissent without being able to remove ministers has been even more striking. ... The two-party system is under threat. Brexit has divided both main parties, with neither managing to reach an internal consensus on how to leave the EU.³

³ Lloyd (2019:5).

Vir die EU is Brexit 'n ernstige buitelandse beleidsonderwerp. In Londen gaan dit amper meer oor 'n stryd om binnelandse mag en die oorlewing van die VK as 'n politieke eenheid. Selde voorheen is die impak van binnelandse kwessies op buitelandse aangeleenthede so duidelik gedemonstreer soos in die geval van die politieke verdeling in die VK se buitelandse beleidsposisies oor Brexit, en in besonder die eerste minister se rooilyn oor die EG. As gevolg van hierdie preokkupasie met die Hof beskou die VK baie van sy standpunte deur die EG-prisma. Dan sny die kwessie van die Ierse grens ook diep aan die VK. Die voortsetting van sy vier verenigde entiteite is op die spel, asook die vredesooreenkomste wat oor meer as 30 jaar strek. Uit al die oorblywende 27 EU-lidlande sal die nagevolge van Brexit die Republiek van Ierland (RI) die meeste raak – in watter vorm dit ook al uiteindelik materialiseer. Die verskyning van die Ierse terugval-opsie (“Irish backstop”) as ooreenkomstreker gedurende die parlementêre debatte oor Brexit later in 2018 het chaos veroorsaak. Uiteindelik gaan Brexit nie net oor tariewe of handel en die gevolge daarvan nie: dit gaan oor geskiedenis en die versekering dat dit nie herhaal word nie. Dit is 'n wesenlike bekommernis. Die Ierse terugval-opsie was 'n poging om hernieude onstabiliteit in Noord Ierland (NI) en 'n harde grens tussen die RI en NI te vermy. Opponente voer aan dat dit die VK in die EU se doeane-unie, en uiteindelik die EU, sal vaskeer. Dit is juis waarop mev. May onvermydelik afstuur, indien sy aan die samesprekingseise voldoen van haar Arbeidsparty-mededinger en leier van die amptelike opposisie, Jeremy Corbyn, met wie sy in April 2019 onverwags in gesprek begin tree het om 'n aanvaarbare oplossing vir Brexit te vind.

Maar Brexit skep ook vroeë en uitdagings vir Skotland en sy toekomstige status en bande met Engeland wat terugdateer tot die Unie van die Krone in 1603 en die “Acts of Union” in 1707. In die referendum van September 2014 het die Skotte met 'n aansienlike meerderheid gestem om in die VK te bly, maar in die referendum oor Brexit twee jaar later, het 62% van kiesers in Skotland (insluitend die meerderheid in alle distrikte) verkies om in die EU te bly. Tydens parlementêre debatte oor haar ooreenkoms met die EU, het mev. May heelwat skerp woordewisseling met die Skotse parlementslede gehad. Dit het beslis nie haar gewildheid onder hulle en die Skotte in die algemeen versterk nie en laasgenoemde se geduld begin al minder raak. Die sentimente wat Harris uitspreek, word al hoe meer gehoor:

If the three-year saga of Brexit tells us anything, it is that the United Kingdom is irretrievably breaking apart. Beyond the glaring fact that Scottish and English politics now have almost nothing in common, there is a deep sense that Brexit is testing some of the UK's already-fragile institutions to destruction.... The Scottish body politic displays precious few of the ailments that have so disfigured debate in England. ... In that context, the case for splitting away from England is easier to make than ever, and when first minister Nicola Sturgeon spoke last week to the Scottish parliament, she did a pretty eloquent job. “Scotland should be a thriving and driving force within Europe,” she said. “Instead we face being forced to the margins”. Independence, she went on, “would mean that decisions against our will and contrary to our interests cannot be imposed on us by Westminster”.⁴

Die woorde van die Skotse volkslied kry nuwe betekenis wanneer hulle sing dat die Engelse Koning, Edward II, huiswaarts moet keer om te gaan herbesin toe hy na sy nederlaag teen *Robert the Bruce* in 1314 verdryf is. Uiteindelik moet daar besef word dat die gevolge van Brexit moontlik die einste struktuur van die Unie kan destabiliseer. Tony Blair, 'n voormalige

⁴ Harris (2019).

eerste minister, het kampvegters vir Brexit aan die einde van April 2019 hewig blameer dat hulle hierdie Unie onder te veel spanning plaas.⁵ In 'n onderhoud rig hy die volgende waarskuwing:

Brexit places the Union of the United Kingdom at risk, with politicians “underestimating the struggle” that will follow if the UK leaves the European Union.⁶

Nadat die VK die moeilike pad gestap het met die samestelling van wesenlike voorstelle om volle betekenis aan Brexit te gee, is die aanvanklike pogings om hierdie toekomstige verhouding met die EU, wel sonder die EG se betrokkenheid, te struktureer kil afwysend deur Europese gespreksgenote ontvang. Tydens die gebeure van Julie 2018, met die publikasie van die tweede Witskrif oor die VK se toekomstige verhouding met die EU, is die hele kwessie van die EG na vore gebring. In November 2018 het eerste minister May die onttrekkingsooreenkoms afgehandel. Daarin is nou verskeie rolle vir die Hof in 'n toekomstige verhouding tussen die VK en die EU uiteengesit. Die insluiting van hierdie verwysings na die EG het egter net meer probleme vir mev. May geskep. Daarbenewens het die Ierse terugval-opsie nie net verdere omstredeheid in die VK veroorsaak nie, maar ook beroeringe in beide die RI en in NI tot gevolg gehad. Die ooreenkoms het ook die £40 miljard-betaling van die VK aan die EU en die regte van EU-burgers in die VK en Britse burgers in EU-lande gedek. Daarby het dit die oorgangsperiode van 21 maande waartydens die VK die EU se reëls moet gehoorsaam, maar wel lidmaatskap van sy instellings verloor, uiteengesit. Die onttrekkingsooreenkoms moes deur die VK-Parlement en bepaalde EU-instellings aanvaar word voor die VK die EU met 'n ooreenkoms verlaat. Voor 29 Maart 2019 het die ooreenkoms drie noodlottige nederlae in die Britse Laerhuis gely. Daar is nie gestem vir die politieke verklaring wat terselfdertyd as die onttrekkingsooreenkoms onderhandel is nie. Die verklaring spreek die aard van die verhouding tussen die EU en die VK in die era na Brexit aan en vorm die basis van toekomstige gesprekke om onder meer handelsbande te vestig. Durrant rig die volgende waarskuwing oor hierdie volgende fase om Brexit af te handel:

Those negotiations will be more complicated and wide-ranging than the first phase; covering trade and security co-operation, and involving issues as diverse as fisheries and financial services, intelligence sharing and intellectual property, student exchanges, and sanitary and phytosanitary regulation. Even if the UK leaves with no deal, it will still need to talk to its nearest neighbour and most important trading partner.⁷

Die oorangstigtheid waarmee die VK Brexit wil afhandel, kan uiteindelik weer tot allerlei probleme en mislukkings aanleiding gee.

The Government wants to start negotiating this relationship as soon as the Withdrawal Agreement is ratified. But there are many things it needs to consider before it can start the detailed negotiations required to convert the Political Declaration into a treaty that will be thousands of pages long. Given the extension of the Article 50 period to October, and the European elections, it is unlikely that negotiations will start before November 2019.⁸

⁵ O'Donoghue (2019).

⁶ Blair (2019).

⁷ Durrant et al. (2019:3).

⁸ Durrant et al. (2019:38).

Parlementslede was raadop en die proses het ingewikkelder geraak. Die VK is in verdere chaos en verwarring gedompel en aantygings van politieke oneerlikheid is teen die eerste minister gemaak. Brexit was nou bestem vir 'n lang vertraging. Die EU het nie eintlik simpatie met eerste minister May gehad vir haar pogings om die gemors wat die VK immers self geskep het, reg te stel nie. Op 10 April 2019 het 'n noodberaad van EU-leiers 'n VK-versoek vir verdere uitstel oorweeg. Vir die versoek om toegestaan te kon word, moes die VK verduidelik watter doel dit sal dien. Verdere uitstel is tot 31 Oktober 2019 verleen op voorwaarde dat eerste minister May op 23 Junie 2019 – enkele dae voor die verkiesing van die Europese Parlement – aan die EU verslag moet doen oor haar vordering om parlementêre goedkeuring vir haar voorstelle te bekom. Gevolglik is dit op daardie datum – drie jaar na die referendum – baie moontlik dat die VK steeds 'n lid van die EU gaan wees; gebruik sal moet maak van die tydperk tot einde Oktober 2019 om finaliteit oor die ooreenkoms te bereik; aan die verkiesing van die Europese Parlement moet deelneem; en tot die EU-begroting sal moet bydra. Anders verval die addisionele verlengtydperk en kom die VK se voortgesette lidmaatskap van die EU dadelik in gedrang. Sou mev. May egter die Parlement se goedkeuring vir haar onttrekkingsooreenkoms kry, kan die VK die EU enige tyd gedurende hierdie verlengde tydraamwerk verlaat.⁹

SPERDATUMS

Die jongste spedatum en die voorwaarde daaraan gekoppel, is op aandrang van die Franse President so bepaal. Hy was geensins oortuig van eerste minister May se argumente vir uitstel nie. Hy beskou Brexit as 'n groot mors van tyd vir die EU. Dit oorheers elke byeenkoms van die leiers van die EU en dit ontnem hom van geleenthede om sy eie agenda vir verdere en dieper integrasie in die EU te propageer. Tyd vir hom om 'n naam in die EU na te laat word min. Frankryk se posisie in die EU is wankelrig en nie alle lidlande steun sy planne vir verdere integrasie nie. Die stremming in die verhouding tussen President Macron en Bondskanselier Merkel van Duitsland is ernstig. Sy gaan ook nie meer veel langer op die toneel wees nie. Brexit laat die EU ook met 'n lang lys onbeantwoorde vrae vir beide politici en burgers regdeur die Unie. Indien hulle nie spoedig beantwoord word nie kan Europese politiek ook meer probleme ondervind. Brexit het anti-EU populiste wat binne die EU aktief is verder aangehits. Nasionalistiese politici dwarsdeur Europa het hul ambisies dadelik begin aanpas. Hul oogmerk is nie dat hul lande die EU moet verlaat nie maar eerder om veranderinge te weeg te bring waardeur die EU van binne ondergrawe en selfs vernietig kan word.

DIE EUROPESE GEREESHOF AS ONOORKOMELIKE STRUIKELBLOK IN VK-ONDERHANDELINGE

Die wekroep van die Brexit-veldtog was vir die VK om “weer beheer terug te kry”. Sodoende wil die VK sy unieke identiteit in die wêreld herwin. Om dit te bereik, het die eerste minister 'n onversetlike benadering tot Brexit ingeneem. Sy het rooilyne gestel en vorige standpunte hieromtrent beaam. Elkeen daarvan – veral die een oor die EG – was teenstrydig met die verhouding tussen die VK en die EU, maar, in 'n poging om die anti-EU faksie in haar party te paai, het sy dit nogtans gestel en daarmee volhard. Een van die ander hoofredes hoekom

⁹ Matthews (2019).

kiesers besluit het om die EU te verlaat, is die wydstrekkende aard van die EG en die sentiment dat dit heeltemal te veel in die sake van die VK inmeng en die daaglikse lewens van sy burgers beïnvloed het. Gedurende die VK se 45 jaar van EU-lidmaatskap moes die VK byna 19 000 EU-wette en regulasies inkorporeer. Die Lissabonverdrag van 2009 is die EU se grondwet. Dit beslaan 274 bladsye. Die VK het geen so 'n dokument nie.

Die aanhangers van Brexit het rondom hierdie slagspreuk van die terugwin van verlore beheer, wat uiteindelik 'n beleidsdoelwit geword het, gemobiliseer. Drie jaar later was niemand meer in beheer nie; eerste minister May het misluk om beheer te neem en te behou. Aangesien haar rooilyne dwaas en teenstrydig neergelê is, was dit onvermydelik dat dit onuitvoerbaar sou blyk te wees.

Die EU het uit die staanspoor aangedui dat dit waarmee hulle sou saamstem en wat hulle van die VK sou aanvaar, beperk was. Die EU was vasbeslote om die waarde van lidmaatskap vir sy lede te behou en die verwatering van al die kompromieë wat sorgvuldig oor baie dekades gemaak is, te verhoed. Boonop moet die afdwingingsmeganismes van die EG konsekwent toegepas word om enige ooreenkoms met die VK te ondersteun.¹⁰ Wat in gedagte gehou moes word, is dat so 'n ooreenkoms 'n wet van 'n instelling van die EU sal verteenwoordig.¹¹ Gevolglik sal dit binne die jurisdiksie van die EG val om die regsgeldigheid daarvan te hersien, die bepalinge te interpreteer en die eenvormige toepassing daarvan te verseker.¹² Vir mev. May was dit 'n gruwel.

Die moeilike taak was om die losmaking van die VK van die EU se menige instellings en beleidsvoorskrifte te bewerkstellig. Verwydering van die VK van die jurisdiksie van die EG is 'n delikate en sensitiewe kwessie wat die vraag laat ontstaan het of die VK ooit heeltemal bande met die Hof sal kan verbreek.¹³ Die redes waarom enige toekomstige verhouding met die EU sonder die Hof byna onmoontlik gaan wees, is talryk. Watter posisie die VK ook al inneem, sal daar nie aan EG-verwante gevolge ontkom kan word nie. In ag genome die onverbiddelike standpunt van die eerste minister oor die Hof, was dit 'n feit wat sy skaars kon verdra. Sy het die vier hoekstene van die EU (vrye beweging van goedere, mense, kapitaal en dienste) geëgnoreer wat noukeurig oor baie dekades heen opgestel is en ten volle deur die EG ondersteun en afdedwing word as onverdeelbaar, onskendbaar en onvervreembaar.¹⁴ Sy wou slegs fokus op die behoud van bewegingsvryheid van goedere tussen die VK en EU – maar nie die ander drie nie. Terwyl dienste die grootste deel van die VK se ekonomie verteenwoordig, het die debat oor Brexit min aandag aan die behoeftes van hierdie erg diverse en gefragmen-

¹⁰ Hillion (2018:147).

¹¹ Die regsopinie van die EG se Advokaat-generaal Sharpston in 2016. In paragraaf 36 bevestig sy dat 'n EU eksterne ooreenkoms van die EU wel 'n wet van die Unie is.

¹² Hillion (2018:147).

¹³ Sir David Edward, 'n voormalige regter by die EG en een van die VK se mees gesiene regskenner, het die eerste minister veroordeel as onkundig oor Europese reg. Hy het gewaarsku dat die regering die gevaar loop om op 'n ramp af te stuur. Vir hom was dit 'n fout om die EG in Brexit-onderhandelinge te probeer uitskakel en as rooilyn te verklaar:

Of course, it was daft, frankly. The ECJ is not this big bogeyman. Why has Theresa May got this obsession in her head? ... She had failed to grasp the ECJ's role in upholding EU single market rules – something one of her Tory predecessors had understood. It is manifest PM May doesn't understand the working of the Court or of the single market. She does not totally accept the function of the ECJ, which Mrs Thatcher fully recognised, as the arbiter of the single market. (Rankin 2017)

¹⁴ Grasso (2018).

teerde sektor geskenk. Die gevolg van die verwaarloosing van hierdie sektor blyk duidelik uit die raming dat firmas in finansiële dienste reeds bykans US\$ 1,2 triljoen se bates vanuit die VK na Europa verskuif het.¹⁵ In die laaste kwartaal van 2018 het die VK reeds 'n krygskas van US\$ 146 miljard se buitelandse valutareserwes opgebou om die geldeenheid te beskerm en 'n moontlike valutastorm te oorleef in geval van 'n geen-ooreenkoms.

Dit was geen verrassing dat haar Chequers-plan van Julie 2018 wat die basis van die tweede Witskrif en die latere onttrekkingsooreenkoms gevorm het, onaanvaarbaar was nie. Die voorstelle wat in albei vervat is, was teenstrydig met die behoeftes en vereistes wat die EU gestel het. Dit is nie net ingewortel in die hele EU-sisteem nie, maar vorm ook die kern van die enkelmark ("single market"). Hierdie poging om die vier vryhede te verdeel, het nooit uitvoerbaar gelyk nie. Dit het die afkeer en verwerping van die eerste minister se Chequers-voorstelle aan beide kante, in die VK en in Europa, om verskillende redes tot gevolg gehad. Wrywing tussen die VK en die EU het verder toegeneem. Daarbenewens het die VK heengegaan om voor te stel dat die EU se doeanereëls toegepas moet word sonder dat hulle deel van die Unie se regsorde vorm. Dus wou die VK sy soewereiniteit terugkry, en sy eie wette beheer. Daarmee is van die EU verwag om beheer en toepassing van hul eie wette prys te gee. Hierdie eis was vir die EU uiteraard onaanvaarbaar.

Die tydsberekening en inhoud van eerste minister May se standpunt oor die EG is meer deur faksies in die regerende Konserwatiewe Party as deur die werklikheid bepaal. Sy het slagspreuke tot beleidstandpunte verhef, en hierdie strategie was rampspoedig. Toe die politieke stryery oor die Hof versterk, het dit duidelik geword dat die EG sy eie stel bepalings na die proses gebring het om finaliteit rakende Brexit te bewerkstellig – ongeag die aard van die uiteindelijke verhouding tussen die VK en die EU. Vir die EU was hierdie gevolge wesenlik en onvermydelik. Vir die VK was dit 'n kwessie van onderhandeling dat die EG geen rol in hul toekomstige verhouding met die EU sal speel nie. Daar was nie 'n oorkoepelende plan nie. Een van mev. May se kenmerkendste eienskappe wat haar uiteindelik in die steek gelaat het, was dat sy op 'n dag-vir-dag oorlewing staatgemaak het en geen langtermynstrategie gehad het om te volg nie. Twee vooraanstaande deskundiges oor internasionale verhoudings, Kahl en Brands definieer so 'n oorhoofse strategie as

... the conceptual architecture that lends structure and form to foreign policy. A leader who is 'doing grand strategy' is not handling global events on an ad hoc or case-by-case basis. A grand strategy, rather, represents a more purposeful and deeply held set of concepts about a country's goals and orientation in international affairs.¹⁶

Eerste minister May se benadering tot Brexit en die interaksie met die EU spreek nie hiervan nie. Toe die werklikheid tot haar deurgedring het dat die VK nie die betrokkenheid van die Hof heeltemal sou kon ontsnap nie het sy probeer om die rol daarvan dermate te verfyn dat die impak versag sou word. Tuis is sy beskuldig van valsheid, en in Europa was die argument gewonne.

Die grootste ironie het in Desember 2018 gekom toe die EG bepaal het dat die VK wel eensydig die besluit om die EU te verlaat, kan terugtrek. Daarmee is die weg vir die Parlement gebaan om 'n groter en veelseggender rol te speel te midde van die eerste minister se toenemende onpopulariteit en pogings om politiek te oorleef.

¹⁵ Parikh (2019).

¹⁶ Kahl & Brands (2017).

REDES VIR HIERDIE BENEPENHEID MET DIE EUROPESE GEREGSHOF

Om die VK se oordrewe fokus op die EG te verstaan, is dit belangrik om die gebeure voor en na die referendum in ag te neem. Namate die onbekende betree is, het die kwessie van die EG voortdurend prominent opgeduik in die aanloop tot beide die referendum van Junie 2016 en die algemene verkiesing van 8 Junie 2017. Hierdie kwessie het toenemend die eerste minister se *bête noire* geword. Nadat die verkiesing vir haar so rampspoedig skeepgeloop het, sy haar parlementêre meerderheid verloor het en voortaan op lede vanuit NI moes staatmaak om aan bewind te bly, het mev. May nogtans voortgegaan om haar mantra te herhaal dat geen ooreenkoms¹⁷ beter was as 'n slegte een¹⁸ – laasgenoemde verwys na 'n ooreenkoms wat, onder andere, 'n rol vir die EG sou voorsien. Met hierdie rooilyn oor die EG wou sy gehad het dat die Hof se beheer oor VK-aangeleenthede moes eindig die oomblik wanneer die EU verlaat word. Slegs dan sou sy tevrede wees dat sy korrek was met haar credo van “Brexit beteken Brexit”.

Die EG is bekend vir sy aktiewe strewe na Europese integrasie en die las van sy beslissings op die VK het al hoe swaarder geword. In wese is die onoorkomelike onenigheid tussen die EU en die VK die gevolg van die konflik tussen die EU-verdrae se afhanklikheid van die EG in die interpretasie van alle EU-wette en die VK se rooilyn rakende die jurisdiksie van die Hof. Die minister wat aanvanklik verantwoordelik was vir onderhandelings met die EU het op rekord gestel dat die VK nie [wil] “fossilise past decisions of the EC”¹⁹ na Brexit nie. Maar dit is en sal altyd futiel wees om van die EU te verwag – wat nog te sê van aandrang daarop – dat hulle moet instem tot enige verhouding met die VK waarin die EG geen rol gaan speel sodra die VK die Unie verlaat nie. Die EU het sy eie ferm standpunte oor sy Hof en daaroor is eenvoudig voet neergesit.

'n Vroeë EG-probleem vir die VK het 'n paar maande voor die Brexit-stem gekom. Dit het sy eie mate van skok vir die VK bevat en grootliks bygedra tot die toenemende verwynt teenoor die Hof in die aanloop tot die referendum. In Februarie 2016 het die Hof beslis dat die VK nie 'n Marokkaanse ma met 'n Brits-gebore seun kon deporteer nie – selfs al het sy 'n kriminele rekord in die VK. Die Hof se besluit is deur die Euroskeptiese kampvegters gesien as bewys van ongevraagde inmenging deur die EU in die gesag van die Minister van Binnelandse Sake (Theresa May op daardie stadium), wat die uiteindelijke mag gehad het om te besluit oor die deportasie van individue en dus ook van buitelandse kriminele. Vir hardkoppige aanhangers van Brexit het dit 'n gevaarlike presedent geskep. Dit is die rede waarom die referendum-debat oor Brexit so skerp op VK-soewereiniteit gefokus het – om die

¹⁷ Geen ooreenkoms beteken nie dat die VK lidmaatskap van die EU sal behou nie. Sy bande met die EU sal eerder skielik en bitterlik verbreek word. Geen ooreenkoms sal 'n groot skok vir die VK se ekonomie beteken. Die VK is baie meer afhanklik van handel met die EU as deel van sy BBP as wat die EU is van die VK. Dit sou ook onmiddellike, maar baie minder ernstige, gevolge vir die EU hê. Gemiddeld doen die EU-lidstate omtrent 8 persent van hul handel met die VK, in vergelyking met die VK se 44 persent met die EU. Niemand weet presies wat sou gebeur as daar geen ooreenkoms is nie, maar dit sal enorme politieke dobbelary wees om te probeer uitvind. Wat egter sonder twyfel seker is, is dat so 'n uitkoms gevolge vir beide die VK en die EU sal hê. Die hervestiging van tariewe en grensposte sal handel aan beide kante van die Engelse Kanaal ernstig belemmer en ontwrig.

¹⁸ Dertig maande later verander eerste minister May haar standpunt in Desember 2018. Nou is 'n slegte ooreenkoms (wat sy onderhandel het en die Parlement by drie geleenthede as te swak beskou het om goed te keur) beter as 'n geen-ooreenkoms!

¹⁹ Khan (2017).

VK eens en vir altyd te verlos van die jurisdiksie van die EG. Na die referendum het verwyte teen die Hof in regeringskringe aanhou weergalm en sterker geword. Die EG is toenemend gesien as nadelig vir die VK se vermoë om sy eie sake te hanteer en te beheer, en dit alleen het dit vir die regering moeilik gemaak om die voordele van EU-lidmaatskap verder te probeer verdedig. Die VK se Minister van Justisie ten tyde van die referendumveldtog, Michael Gove, was 'n voorstander van Brexit en uitermate krities en vyandig teenoor die EG. Hy het die Hof openlik daarvan beskuldig dat die VK se intelligensiediens se vermoë om vermeende terroriste te monitor ondermyn word en aangevoer dat dit skadelik vir VK-belange is.

In die mylpaalbesluit van 21 Desember 2016 spreek die EG die aspek van databehoudvoorsiening in die VK se Wet op Onderzoekmagte aan. Hierdie wet is deur die Minister van Binnelandse Sake ("Home Secretary"), wat op daardie stadium Theresa May was, geloods. Die Hof het beslis dat die algemene en deur die bank-behoud van elektroniese kommunikasie onregmatig is. Wat die VK-leiers die meeste gebelg het, was die snydende opmerking waarmee die Hof die wet afgekeur het. Volgens die Hof kan oorskryding van die streng beperkinge wat die wet neerlê nie in 'n demokratiese samelewing geregverdig word nie! As eerste minister was sy nou meer vasberade as ooit dat die EG nie enige jurisdiksie oor die VK moet behou in enige toekomstige verhouding met die EU nie. Haar antagonisme en verwyte teenoor die EG het verder verdiep. Die opskrif van 'n artikel oor hierdie onderwerp wat in *The Telegraph* van 22 Desember 2016 verskyn het, sê alles – "The European Court of Justice ruling on state surveillance is exactly why we are leaving the European Union".²⁰ In November 2017, te midde van die UK/EU-onderhandelinge oor Brexit, vryf die EG nog verder sout in die wonde van die VK. Die Hof beslis dat 'n Somali-burger met 30 kriminele oortredings in die VK mag aanbly. Daarbenewens vergoed die Hof die geweldenaar met £78,500 omdat die Minister van Binnelandse Sake hom onregmatig vir 445 dae in die tronk gehou het terwyl daar pogings was om hom te deporteer. Dit het mev. May erg verbitterd gelaat. Dit was 'n ewe groot slag vir die regering en het die Brexit-aanhangers se standpunt oor die EG versterk. Groot konsternasie het in die VK geheers. Hierdie beslissings het die VK as blatante skendings van sy soewereiniteit beskou. Dat VK-wette steeds onderhewig aan EG-beoordeling en beslissings sou bly, het net verdere verwyte teen die Hof laat posvat. Gevolglik het die EG 'n groter impak op die verhouding tussen die VK en die EU as enige ander aspek gehad.

STRUKTURERING VAN DIE UITTREDINGSOOREENKOMS

Teen hierdie agtergrond en Brexit nou 'n *fait accompli* moes die regering sy uittrede en toekomstige verhouding met die EU struktureer. Dit het 'n onbegonne taak geblyk te wees met die VK se wensdenkery dat die EG gesystap sou kon word. Daarenteen het die EU enige poging om die EG se rol en betrokkenheid te minimaliseer deurgaans standvastig teengestaan. Die leierskap van die EU voel dat die Unie se posisie oor die algemeen, en oor hierdie spesifieke punt in besonder, steeds nie deur die VK se onderhandelingspan begryp is nie. Die VK blyk nie te verstaan dat 'n verhouding met die EU, of selfs samewerking op verskeie gebiede, soos Europese Lasbriewe en die Europese Atoomgemeenskap (Euratom), vereis dat die EG uiteindelik jurisdiksie moet hê en dat EU-wette moet geld nie. In die meer as twee jaar wat mev. May met die EU onderhandel het, is sy dikwels daarvan beskuldig dat sy geen werklike begrip vir die EU, sy strukture en funksionering ontwikkel het nie.²¹ Dit het die besef versterk

²⁰ Johnston (2016).

²¹ Wintour (2019a).

dat die VK eintlik nooit in 'n omvattende verbintenis met die EU belang gestel het nie. Die verhouding het eerder meer oor handel gegaan.

Die eerste Witskrif wat die eerste minister in Februarie 2017 aan die Parlement voorgelê het, het die volgende afdeling ingesluit: "Taking control of our own laws – We will take control of our own statute book and bring an end to the jurisdiction of the Court".²² Een van die subafdelings is getitel: "Ending the jurisdiction of the Court of Justice of the European Union in the UK". In hierdie afdeling regverdig die regering sy vasberadenheid om eens en vir altyd die invloed van die EG oor die VK te beëindig. Hierin word dit dan ook duidelik waarom die Hof so onpopulêr geword het as gevolg van twee kernbeginsels wat die Hof in die terme oppergesag ("supremacy") en direkte gevolg ("direct effect") toepas wanneer dit by EU-wetgewing en verdrae kom. Die EG het hierdie twee beginsels onderskeidelik in die beslissings Van Gend & Loos in 1963 en E.N.E.L in 1964 gevestig – 'n volle nege jaar voor die VK by die EU aangesluit het. Met ander woorde, toe die VK in 1972 by die EU aangesluit het, moes dit toe reeds ten volle bewus gewees het van hierdie twee beginsels asook die invloed en trefwydte daarvan. Deur by die EU aan te sluit, het die VK dus die beginsels as deel van hul lidmaatskapoooreenkoms aanvaar. Nou, 45 jaar later, vind die VK dit laakbaar. Die VK verwag nou van die Hof om daardie beginsels nie meer op die VK toe te pas nie. Die VK wil nie meer daaraan onderhewig wees nie!

Die VK ervaar die EG as 'n soewereiniteitsbedreiging. Dusdanig het die Hof 'n uiters verdelende faktor in VK-politiek geword. Eerste minister May en haar party het van een posisie na die ander rondgeval. 'n Scenario wat die VK van 'n EG-vrye toekoms verseker, sal die VK definitief hoog en droog met onberekenbare gevolge vir die land in elke sfeer van menslike aktiwiteit laat. Terwyl mev. May haar voorstelle sonder direkte EG-jurisdiksie probeer bevorder het, het die EU geen belang getoon om enige nuwe meganisme te skep wat haar sou help om haar standpunt oor die Hof te verfyn nie. Tuis het hierdie standpunt haar tydelik gewild gemaak onder die heethoofde in haar party. Die kanniedood Brexit-aanhangers wat aangedring het op totale wegbreek van die EU was aanvanklik tevrede. Weldra, toe haar planne verder uitgekristalliseer het, is sy gevolglik daarvan beskuldig dat sy haar eie siening van die EG, asook presies waaroor Brexit gaan, verraai het. Die pro EU-lede van haar party wou die impak van die VK se uittrede versag. Die eerste minister was uiteindelik tussen die hardkoppige voorstanders van Brexit en die EU-onderhandelaars verdeeld, wat min aan haar versoeke toegegee het. Sy het heen en weer tussen die twee groepe standpunt ingeneem, met die gevolg dat sy beide vervreem het. Daaruit spruit dus die rede waarom sy nie haar onttrekkingsvoorstel deur die Parlement goedgekeur kon kry nie, en hieraan kan al die oorlopery, bedankings en rebellies onder haar partylede toegeskryf word. Die VK se posisie is deurgaans vererger deur haar besluit dat Brexit nie net Brexit beteken nie, maar ook verskeie ononderhandelbare voorwaardes insluit – verlating van die enkelmark, beëindiging van vrye beweging en beëindiging van die EG se jurisdiksie.

Currently, the PM still harbours hopes that with one last heave she will get her deal over the line. But suppose she does. It will be based on the grudging votes of MPs who don't truly support it. The perfect legacy of a PM who thinks it pointless to look beyond the immediate task will be the years of bitter disputes it will engender.²³

²² CM 9417 2017:130.

²³ Grey (2019).

ERKENNING VAN DIE EUROPESE GEREESHOF SE BETROKKENHEID

Die impak van Brexit op die regstruktuur van die VK se verhouding met die EU is beduidend.²⁴ Algaande het die besef tot die eerste minister deurgedring dat betrokkenheid van die EG onvermydelik was. Stadig maar seker het sy begin erken dat die VK die EG in een of ander vorm sal moet aanvaar – indien nie sy beslissings nie, dan wel 'n betrokkenheid op een of ander wyse – met betrekking tot lugvaart, medisyne, Europol, Euratom, of enige ander area waar dit steeds aan EU-agentskappe wil deelneem. Die hele kwessie van Europese lasbriewe onderstreep hierdie feit kragtig. Uitlewering sluit aspekte van buitelandse aangeleenthede *ipso facto* in. Die aard van die VK se uitleweringsverhouding met die EU na Brexit is onbekend. Die (huidige) Minister van Binnelandse Sake hou aan om die stelsel van Europese lasbriewe as 'n prioriteit vir die VK in die Brexit-onderhandelings te beskou. Dit gee aanleiding tot 'n baie belangrike vraag: Watter rol sal die EG speel in regulering van die VK se toekomstige uitleweringsverhouding met die EU? Die waarskynlikheid van die VK as deel van die stelsel selfs sonder invloed in hoe dit bestuur word, is teenstrydig met die VK se behoefte om bande met die Hof te verbreek.²⁵

Na twee jaar van onderhandeling het dit duidelik vir die VK geword dat dit nie moontlik is om die EU en sy Hof te skei nie en dat laasgenoemde steeds 'n prominente rol sal speel in die interpretasie van alle verdrae en wetgewing wat die Unie vorm en in stand hou en wat sodoende dus ook 'n bepalende invloed op buitelandse aangeleenthede uitoefen en wat lidstate nog altyd aanvaar en onvoorwaardelik gehoorsaam. Namate die druk van verskeie oorde op haar toegeneem het, het eerste minister May meer vasberade geword om eenheid in haar party te verseker. In hierdie proses het sy haar eie geloofwaardigheid as 'n betroubare gespreksgenoot groot skade berokken. Haar aanslag het regerings in Europa en EU-instellings ontnugter. Vir 'n aantal maande was sy tog in staat om haar party bymekaar te hou en het sy die tydelike ondersteuning van die Brexit-bittereinders gewen. Hoe verder die onderhandelinge egter gevorder het om die VK se uittrede te struktureer, hoe meer het die party verbrokkel en het 15 Ministers reeds al in die proses bedank. Die EU het eenvoudig voet by stuk gehou en geweier om kompromieë te bespreek en daar is aangedring daarop dat alle aspekte van uittrede gefinaliseer moet word voor enigiets anders selfs oorweeg kon word.²⁶ Die EU het die VK in onomwonde taal laat verstaan dat dit die VK is wat die Unie wil verlaat en nie die EU wat die VK vra om weg te stap nie. Baie van mev. May se standpunte en optredes het die indruk geskep dat sy hierdie basiese uitgangspunt net nie wou besef nie. By geleenthede waar sy nie haar sin kon kry nie het sy die EU daarna van ontrou beskuldig.

ELEMENTE IN DIE ONDERHANDELINGSFASES

Met die maak van toegewings oor die EG het eerste minister May se kritici haar daarvan beskuldig dat sy die VK openlik verder aan Europese wette bind terwyl verwydering daarvan – en veral van die Hof – juis een van die hoofredes was hoekom Brexit in die referendum gekies is. Uiteindelik het sy ernstige politieke gevolge begin ly. Haar onbuigbare standpunte en onbereikbare rooilyne moes sy uiteindelik aanpas ten einde 'n ooreenkoms met die EU te bereik. Die hele Brexit-oefening en die eerste minister se insluiting van die EG as 'n dispuutpunt

²⁴ Hawkes (2017).

²⁵ Sternberg (2017).

²⁶ Hopkin (2018).

is beslis 'n vername voorbeeld van die feit dat buitelandse aangeleenthede tuis begin en dat buitelandse beleid 'n weerspieëling van binnelandse aangeleenthede is. Sy was so behep met pogings om haar kritici tuis te paai dat sy versuim het om die groter prentjie te sien van kritieke buitelandse beleidskwessies waaruit die EG nie gehaal kon word nie. Uiteindelik is die fundamentele bepalinge van die debat rondom Brexit verskuif. 'n Onbekende uitkoms en onplesierige werklikhede vir beide die VK en die EU het gevolg.

Die eise wat aan eerste minister May gestel is om haar Brexit meer presies te definieer sonder om net haar slagspreuke tot vervelens toe te herhaal, het ondraaglik begin word. Die kompleksiteit van Brexit het verby die slagspreukstadium van die referendum beweeg wat dit veroorsaak het. Namate onderhandelings met die EU voortgeduur het, het meer Gordiaanse knope verskyn. Verlating van die EG het beteken dat die VK van byna elke regulatoriese meganisme wat die EU van dwelmveiligheid tot lugvaartreëls geskep het ook moes afsien.²⁷ Maar die regstrukture van die Europese agentskappe waaraan die VK steeds wil deelneem, val almal onder die toesig van die EG.²⁸

In haar wildste nagmerrie kon die eerste minister seker nie die onstuimige politieke storm voorsien het wat oor haar pogings losgebars het om aan die referendum te voldoen nie. In die proses is sy polities noodlottig gewond en word sy gevolglik bloot verdra in plaas van aanvaar te word. Vertroue in haar het 'n nuwe laagtepunt bereik – tuis, sowel as in die EU. Na vernederende gebeure in die Parlement en in haar eie party moes sy menige kere na Brussel terugkeer het in smeekpogings om meer konkrete toegewings te probeer bekom waarvoor die EU nie te vinde was nie. Eers was dit met betrekking tot die Ierse terugval-opsie en daarna verskeie geleenthede om meer en nuwe spertye te probeer bekom. Met eersgenoemde het sy by herhaling nie haar sin gekry nie. Haar gespreksgenote by die EU was pynlik eerlik met haar. Hul antwoord was elke keer kort en saaklik: die ooreenkoms wat onderhandel is, sal nie weer onderhandel word nie. Vir die EU is daardie ooreenkoms die beste wat bereik kon word. Derhalwe bly dit die enigste moontlike opsie. Teen die einde van elk van hierdie ontmoetings was sy polities verslae. Elke moontlikheid wat te voorskyn gekom het, het sy eie stel probleme geskep. Die onderhandelinge tussen die VK en die EU was

... of a scale and complexity unmatched by any other negotiations the UK has undertaken, at least since it negotiated its accession to the European Economic Communities (EEC) in the early 1970s.²⁹

Vir mev. May het selfs groter struikelblokke aan die begin van Desember 2018 voorgelê wat na die eerste maande van 2019 oorgespoel het. Sy moes aanhou om die Parlement se ondersteuning vir haar plan te probeer bekom. 'n Regsmening van die Prokureur-generaal oor die Ierse terugval-opsie het grootliks bygedra tot haar moedeloosheid toe sy oor minagting van die Parlement berispe is. Dit was ook die eerste keer dat so iets deur die Parlement aan 'n eerste minister gedoen is. Op 15 Januarie 2019 het die Parlement die ooreenkoms wat sy vir 30 maande lank met die EU onderhandel het met die grootste meerderheid ooit in parlementêre geskiedenis verwerp. In 'n reeks van stemgeleenthede daarna het die Parlement nie net haar Brexit-ooreenkoms by twee geleenthede weer afgekeur nie, maar verder daarop aangedring dat die VK nie die EU met 'n geen-ooreenkoms mag verlaat nie – 'n naelbyt-scenario wat ekonomiese chaos vir beide die VK en Europa kan veroorsaak. 'n Verdere

²⁷ Knight (2018).

²⁸ Payne (2018).

²⁹ Durrant, et al. (2019:10).

parlementêre bydrae tot die sage het op 3 April 2019 gekom toe met 'n enkele stem 'n wetsontwerp goedgekeur is wat die eerste minister forseer om 'n geen-ooreenkoms scenario te vermy deur verdere uitstel van die EU te versoek indien die Parlement nie 'n ooreenkoms teen die sperdatum van 12 April 2019 sou goedkeur nie, maar dit het nie gebeur nie. Dit is 'n duidelike teken van die Parlement se kant af dat daar eintlik geen vertroue meer in mev. May is nie en dat hulle dit goedgedink het om haar in te perk in terme van haar wetgewing. Die EU bly egter ferm by sy standpunt. Daarbenewens het die Speaker op 18 Maart 2019 beslis dat hy nie die eerste minister sou toelaat om haar ooreenkoms, wat bestaan uit die onttrekkingsooreenkoms en die politieke verklaring, weer voor te lê nie – tensy die ooreenkoms “aansienlik” verskil van die ooreenkoms wat toe alreeds twee keer afgekeur is.

In sy beslissing het die Speaker staatgemaak op 'n eeue-oue konvensie wat tot so ver as 1604 terugdateer. Die gebeure wat gevolg het, het die VK in onbekende terrein gelaat en dit was onmoontlik om met enige duidelikheid te bepaal wat die finale uitkoms sou wees. Dat die Brexit-proses ingewikkeld, lank en met tye konfronterend tuis en met die EU sou wees, is verwag. Wat egter verrassend was, is dat die regering enkele weke voor die sperdatum van 29 Maart 2019 steeds nie 'n samehangende ooreenkoms kon bereik oor watter tipe Brexit dit wou hê nie. Hulle het misluk daarin om hul toekomstige verhouding met Europa te definieer. Die politieke krisis het verder voortgeduur en vererger.

Die Parlement se betrokkenheid het ook nie gehelp nie. Trouens, daar was geen meerderheid vir enige voorstel nie.

... In response to the Government's attempts to sideline them in the Brexit process, parliamentarians have become more assertive about their role and authority, exhibiting a greater willingness to challenge conventions and adapt their ways of working to ensure their voices are heard. Questions about the relationship between Parliament and the Executive have been raised before, but the combination of Brexit and a minority government – not to mention the Government's repeated parliamentary mismanagement – has brought this issue into the open in a new, more urgent way.³⁰

Hierdie betrokkenheid het vrese laat ontstaan dat die slegste moontlike uitkoms die VK mag dwing om dalk die EU chaoties met 'n geen-ooreenkoms te verlaat. Alle partye was vreesbevange vir die chaos wat dit sou veroorsaak. Die verskeie permutasies van wat kon gebeur, was talryk en elkeen so verwarrend soos die volgende een. Hoe duidelikheid verkry sou word en wanneer gesonde verstand sou seëvier, was moeilike vrae wat byna eindelose spekulasie en frustrasie tot gevolg gehad het.

GEVOLGE VAN AL DIE VERTRAGINGS OM BREXIT AF TE HANDEL

Die diplomatieke mislukkings het onvermydelik tot 'n verlies aan geloofwaardigheid gelei en vrae oor die voortgesette geo-strategiese waarde van die VK het begin opduik. Eerste minister May se visie van 'n “Globale Brittanje” kon geensins realiseer nie.

If “Global Britain” sounded vaguely plausible in the generally benign international environment of the early months of 2016, it sounds much less so at a time when post-Brexit Britain would find itself in a much less favorable geopolitical situation – and in the midst of trade wars between the United States and the EU, as well the United States

³⁰ Lloyd (2019:5 en 36).

and China. ... The idea of a Global Britain always rested on shaky premises. Imperial nostalgia aside, the U.K. economy is going to remain tightly integrated with the European continent by virtue of economic gravity.³¹

Die VK het getoon dat dit nie in beheer van die hede of die toekoms is nie.³² Wat almal buite die VK aanskou het, was 'n regering met 'n eerste minister wat so behep met interne politieke stryery was dat sy onbewus was van wat besig was om rondom haar en ook op die vasteland te gebeur. Die Brexit-onderhandelinge het getoon dat die VK se politieke en diplomatieke energie baie meer deur Brexit opgeneem is as deur ander kern internasionale vraagstukke. Selfs meer tyd en aandag is deur VK-amptenare en diplomate aan Brexit afgestaan as deur hul EU-eweknieë.³³ Vir die RI het die werklikheid van grens- en doeanebeheer op die grens met NI, en al die ysingwekkende gevolge wat dit kan veroorsaak, ingesink. Vir die VK lê daar ook 'n wesenlike gevaar in die nienakoming van die referendumbesluit. Dit is naamlik besig om die VK se demokratiese regeeringsstelsel te benadeel.³⁴

Hoe, wanneer, en selfs óf die VK die EU verlaat, is al vir maande onduidelik. Wat wel duidelik is, is dat wanneer dit uiteindelik gebeur, die aard daarvan die VK se toekomstige verhouding met die EU sal bepaal.³⁵ Dit is onvermydelik dat hulle nog vir jare aan mekaar gebind sal wees. Die uitgerekte en omstrede onderhandelings van die laaste twee jaar het groot skade aan die vertroue tussen die EU en die VK aangerig. Laasgenoemde se reputasie in veral Europa is geskaad. Die weersin van die voorstanders van Brexit is aangevuur. Selfs die welwillendheid tussen die VK en die RI het 'n knou weg. Die ekonomiese gevolge van Brexit en die lesse vir die toekoms van Europese en globale integrasie is onderwerpe wat beriggewing en vakkundige besprekings gaan domineer en politieke kopsere vir die afsienbare toekoms gaan veroorsaak.³⁶ Die VK verteenwoordig ongeveer 3,5% van wêreldhandel en is 'n belangrike handelsvennoot vir baie ontwikkelende lande. Die VN se Konferensie oor Handel en Ontwikkeling (UNCTAD) waarsku in die jongste navorsingsverslag:

As the UK is set to exit the European Union, its trade policy will likely be adapted to better reflect its national priorities. ... changes in UK market access conditions could have important consequences for some developing countries.³⁷

'n Voormalige Direkteur-generaal van die Wêreldhandelsorganisasie (WTO) meen dat mev. May eers die terme van die skeiding met die EU en die toekomstige handelsverhouding saam met die Unie moes bespreek het in plaas daarvan om in die samesprekings oor onttrekking in te storm. Vir hom was dit 'n fout. Hy praat van ondervinding wanneer hy beklemtoon dat dit jare neem om 'n handelsooreenkoms te beding. Hy raak ook in hierdie opsig 'n ander belangrike punt aan:

What is fundamental is how you exit as much as possible politically and as little as possible economically. That is the basic question of Brexit. ... inability to resolve a conflict between the desire to leave Europe politically, but to remain economically.³⁸

³¹ Rohac (2019).

³² Paduano (2019).

³³ Whitman (2018).

³⁴ Lawlor (2018).

³⁵ Sloat (2019).

³⁶ Sampson (2017).

³⁷ UNCTAD (2019:1).

³⁸ Wintour (2019b).

Daar is geen afdoende antwoord op die vraag oor hoekom Brexit plaasvind nie. Elkeen in die VK kan 'n ander antwoord hê. 'n Google-soektog bied meer as 300 miljoen verwysings vir Brexit op die huidige oomblik. Die EG het verdeling in belangrike segmente van die politieke gemeenskap in die VK oor baie jare veroorsaak. Die Hof het 'n *cause célèbre* in die aanloop tot die referendum van Junie 2016 geword. Dit het een van die hoofkrete van die voorbokke van Brexit geword. Na die referendum het die regering sy onversetlike beleid teenoor die EU ontwikkel, wat ondeurdag en chaoties was.

Die EU staan verenig oor Brexit soos nog nooit vantevore nie; die VK, aan die ander kant, is 'n skerp verdeelde entiteit en onderhandelingsvennoot. Dit het alte duidelik geword dat die VK-regering konsekwent die EU se vasberadenheid om verenig te bly, onderskat het. Die EU het die agenda reg van die begin af bepaal en met betrekking tot die VK enduit daarby gehou. Die EU was onwrikbaar in hul standpunte. Die VK is nie toegelaat om te kies en te keur om mev. May te laat vermag wat sy wou nie. Hoe meer die VK probeer het om 'n wig tussen lidstate en die EU-Kommissie in te dryf, hoe meer het dit misluk. Die Ministers van die VK het hulself en die VK-publiek mislei om te glo dat die EU sou ingee as gevolg van hul handelsurplus met die VK, die VK se geo-politiese belangrikheid, of die spesiale status wat die VK kwansuis as 'n toekomstige eks-lidstaat sou geniet.³⁹ Ministers is óf nie deeglik genoeg ingelig nie óf hulle het inligting oor kritieke kernfaktore wat die EU gedryf het in sy benadering en ambisie om verenig te bly en om uit een mond te praat, geïgnoreer. Selde voorheen het 27 state so verenig opgetree. Niemand het uit hul beurt gepraat nie. Niemand het mekaar weerspreek nie. Ook het hulle hul leier vertrou en gevolg. Op al hierdie gebiede het die VK sleg gevaar en die toetse gedruip.

Wanneer gestel word dat die EU verenig staan, ontsê dit nie die feit dat die Unie ook sy eie wesenlike probleme ondervind wat groot eise aan samehorigheid stel, soos immigrasie en groter integrasie nie.⁴⁰ Een kommentator stel die situasie binne die EU *vis-à-vis* Brexit soos volg:

While the EU is still waiting on Westminster, the story emerging over the past 34 months is of a union that was on the rocks over the migration crisis, which found itself, against all expectations, able to contrast EU unity to Westminster's fraction and collapse, despite its own internal schisms and slip-ups along the way.⁴¹

Die volgende perspektief is ook insiggewend:

... the growing trend in Germany – and in other member states – toward defending national interests instead of strengthening the role of the European Commission and creating a

³⁹ Leigh (2019).

⁴⁰ Strategic Forecast (Startfor) skets die volgende oor die fragmentasie wat nou dwarsdeur Europa besig is om plaas te vind:

Across the Continent, there is a widespread feeling that the traditional political forces are out of touch with the reality of millions of families, and voters are looking for new options. The economic crisis of the 2010s damaged the popularity of mainstream political parties and contributed to the emergence of new, sometimes anti-establishment, political forces on the right and the left. The immigration crisis has also contributed to the emergence of nationalist and anti-immigration parties across the Continent. The emergence of more extremist parties has forced centrist parties to move further to the right or to the left to compete, deepening polarization in many countries. (Stratfor 2019)

⁴¹ Boffey (2019).

genuine, coherent foreign policy does not bode well for those wanting firm and credible leaders in the institutions in Brussels.⁴²

Beamptes van die VK het van die begin af geweet dat van 'n lid wat verkies om die Unie te verlaat, vereis sal word om die EU-posisie as basis vir onderhandelinge te aanvaar. Die EU het hierdie standpunt skerp onderstreep en daardeur 'n onomwonde boodskap aan die oorblywende lede van die Unie gestuur – dit sal nie maklik vir enige lid wees om uit die EU te onttrek nie. In die Brexit-onderhandeling was dit 27 teen een. Maar die VK het by monde van mev. May en haar Ministers die indruk bly skep dat hulle dieselfde politieke gewig as die EU in die onderhandelinge dra. Hulle het die ingewikkeldheid onderskat en geïmpliseer dat die gesprekke en eindresultaat eenvoudig sou wees.⁴³ Toe die werklikheid insink, het hulle die EU beskuldig van hardkoppigheid en onwilligheid om saam te werk. Hulle het die goeie trou van hul EU-gespreksgenote bevraagteken en oorwinning gesien na elke ontmoeting met die EU-onderhandelaars. Die VK sal baat daarby om die nuwe rondte onderhandelings met 'n nuwe aanslag te benader ten einde stewigheid te verleen aan 'n toekomstige verhouding met die EU – een wat Europese ampgenote as waardige onderhandelaars sien.⁴⁴

WAT IS DAN NA DRIE JAAR BEREIK?

Met al die chaos rondom Brexit het die situasie nog nooit so beroerd gelyk soos nou met die sperdatum van 31 Oktober 2019 nie. Die VK sien nie kans vir 'n geen-ooreenkoms Brexit nie en die Parlement ondersteun ook nie 'n ander plan nie. Die VK sal nie 'n sterk genoeg argument vir nog 'n verdere uitstel kan aanbied nie. Dit is selfs twyfelagtig of die tussentydse sperdatum van 23 Mei 2019 haalbaar gaan wees wanneer mev. May aan die EU moet verslag doen oor haar pogings om die ooreenkoms goedgekeur te kry soos wat die EU op aandrang van die Franse President bepaal het. Die eerste minister het reeds verskeie kere haar saak gestel, maar die EU het steeds nie vertroue in haar vermoëns om 'n ooreenkoms goedgekeur te kry nie. Onsekerheid en wantroue bly seëvier. Sonder 'n onderhandelde onttrekkingsooreenkoms of 'n alternatiewe plan gaan die VK 'n skielike en chaotiese uittrede tegemoet. In April 2019 het die eerste minister die ongewone, amper desperate, stap geneem om Jeremy Corbyn te betrek in 'n finale poging om die goedkeuring van die Parlement te wen en die dooie punt te beëindig. Deur hierdie roete te kies, het sy openlik erken dat haar ooreenkoms onvrugbaar is. Onversetbare lede van haar party was woedend toe sy besluit om met Corbyn saam te werk. Binne 24 uur het twee ministers uit die kabinet bedank en een van haar stoere ondersteuners het die party in afsku verlaat. Tyd sal leer of hierdie politieke dobbelspel haar van 'n aanvaarbare ooreenkoms sal verseker en of sy nog 'n duurder prys gaan betaal vir wat gesien word as bloot politieke opportunisme en wat haar ongewildheid net laat toeneem.

Te midde van haar gesprekke met Corbyn het die eerste minister nog 'n verrassende skuif op 5 April 2019 gemaak deur uitstel tot 23 Mei 2019 van die EU te versoek, ten einde die Parlement tyd te gee om die onttrekkingsooreenkoms goed te keur. Die datum is belangrik omdat dit die afsnydatum is vir die VK om aan die Europese parlementêre verkiesings deel te neem. Hierdie versoek is in terme van Artikel 50 van die verdrag van Lissabon tydens 'n spesiale spitsberaad bespreek. In die eerste week van Mei 2019 moes mev. May reeds toegee

⁴² Dempsey (2019).

⁴³ Leigh (2019).

⁴⁴ Dempsey (2019).

dat die VK wel aan daardie verkiesings gaan deelneem. Vir beide die twee hoofpolitieke partye mag hierdie verkiesing groot ontnugtering meebring. 'n Week later kondig Corbyn aan dat sy party aan die twee partye se gesprekke onttrek. Hy blameer die toenemende swaakheid en gepaardgaande onstabiele van mev. May se regering daarvoor. Sy bly egter vasbeslote om politieke te oorleef en beplan om haar ooreenkoms weer op 3 Junie 2019 aan die Parlement voor te lê. Die kans dat dit goedgekeur sal word, is uiters gering. Terselfdertyd word die druk op haar om te bedank net al hoe dwingender. So word sy dan geforseer om tot 'n tydkaart vir haar bedanking in te stem. Die voorloper in die opvolgstyd, Boris Johnson, is 'n luidkeelse voorstander van Brexit. Hy boesem nie juis vertroue in nie, allermins in die EU.

Toe sy op 21 Mei 2019 haar voorstelle bekendgemaak het om parlementêre goedkeuring vir haar onttrekkingsvoorstelle te probeer verseker, was haar partylede geskok dat sy 'n radikale ommekeer oor 'n tweede referendum voorgestel het. Slegs 'n paar maande tevore was sy nog hewig daarteen gekant. Nou bied sy 'n kardinale punt aan waarop Corbyn en die Arbeiders heeltyd nog aangedring het. Hiermee het sy nog meer van haar partylede vervreem. Sy is blatant beskuldig dat sy daarmee die demokrasie sal verongeluk. Hoeveel opposisie lede haar sal steun, bly 'n ope vraag. Wat wel seker is, is dat sy nog meer steun in eie geledere ingeboet het. Haar politieke toekomst en dié van enige ooreenkoms is nou onsekerder as ooit. Die scenario van 'n nie-ooreenkoms begin al hoe waarskynliker lyk. Met die gevolg dat twee gesoute waarnemers oor Brexit hierdie gevolgtrekking maak:

But if Britain crashes out without a withdrawal deal, there will be no negotiations and hence no agreement leading to a Customs Union. The EU has made it clear that, in the event of a no-deal outcome, it will expect to settle outstanding withdrawal issues with the UK (money, citizens' rights and the Northern Ireland border) before even thinking about talking future trade arrangements. Which in turn means GATT article 24 won't apply. So we would immediately find ourselves trading on WTO terms, with the tariffs and checks that those imply, and no 10-year cushion. And no other major trading nation trades purely on WTO terms.⁴⁵

Dit is onduidelik watter van die onderskeie buitelandse beleidsaspekte van die EU en VK na Brexit voorkeur sal geniet. Eerste minister May se buitelandse beleid is deur Brexit oorskadu. Dit begin lyk asof die VK uit wêrelddebatte getree het.⁴⁶ In 2017 het die VK sy plek onder die wêreld se top vyf industrieë aan Indië afgestaan.

So het die VK se besluit om die EU te verlaat 'n wyer strategiese krisis veroorsaak. Die verbintenis tussen nasionale en EU buitelandse beleid sal aanhou om probleme en spanning te veroorsaak en publieke sentiment sal vorentoe meer skepties word. Dit is egter nie net op politieke gebied wat sake beroerd vir die VK gaan nie. Hierdie aanhoudende onsekerheid veroorsaak verlamming met sosio-ekonomiese besluite. Die bedreiging wat die gebrek aan politieke fokus meebring, vererger ekonomiese uitdagings. Min of geen aandag word aan griewe in hierdie verband gegee, al het hulle dan ook 'n beduidende rol in die uitslag van die destydse referendum gespeel. Die dag-tot-dag bedrywighede van die regering word geïnhibeer. Staatsamptenare wat aandag aan bepaalde sektore, soos gesondheid en sosiale sorg, gegee het, is herontplooi om voltyds aandag aan Brexit te gee. Dieselfde geld vir Ministers in sleutel-

⁴⁵ Barnard, Catherine & Menon, Anand. 2019. 'Clean Brexit' sounds so simple, doesn't it? Trouble is, it doesn't exist. *The Guardian*, 21 May 2019.

⁴⁶ Wintour (2018).

portefeuljes. Korttermynoplossings is aan die orde van die dag. Geen tyd word aan langtermyn-beleidmaatreëls bestee nie.

Leavers are fooling themselves if they believe that concluding trade agreements with economies around the world is a fundamentally different exercise from the process of economic integration with the European continent, from which they want the U.K. to extricate itself. Both entail vexing trade-offs between deeper economic ties and national sovereignty and control over domestic legislation. ... But if the experience of the past three years has taught us anything, it is that Brexit is the most reliable way of ensuring that the U.K. does not take advantage of opportunities that the global economy has to offer and that the country instead spends another decade engaged in unproductive navel-gazing while the rest of the world moves on.⁴⁷

Die EU het een gemeenskaplike doel. Brexit het die EU in eenheid in gegalvaniseer. Hulle is vasberade om te verseker dat die Hof sal aanhou om die beskermers te wees van alles wat deur die Unie vir die welstand van sy lidstate en hul burgers geskep is, ongeag die uitkoms van die onderhandelinge met die VK. Europese integrasie het vrede en voorspoed na Europa gebring en 'n ongekende vlak van samewerking op kwessies van gemeenskaplike belang in 'n vinnig-veranderende wêreld bewerkstellig. Die EG was instrumenteel in die skepping en bevordering van daardie eenheid. Dus is die Unie se oorkoepelende doelwit in sy onderhandelinge met die VK om nie net sy eie belange te beskerm nie, maar ook dié van sy besighede, sy lidstate en al sy burgers – ook die 3.7 miljoen van hulle in die VK. Hiervoor moet die EU baie dankbaar teenoor die EG wees vir sy rol in beleid en besluite, veral in die sfeer van buitelandse beleid. Wanneer die EU se onversetlike standpunt oor die EG geanaliseer word, is die kern van die saak van wesenlike belang vir hierdie hersiening van Brexit: die Hof het 'n invloedryke mag geword, nie net as 'n EU-instelling nie, maar bepaald ook in die Unie se buitelandse aangeleenthede. Die Hof verseker dat alle EU-aksies ooreenstem met en in harmonie is met die EU se verpligtinge. Dit is wat van oorheersende belang is vir die Unie. Oor ses dekades heen het die EG so 'n invloedryke mag geword dat dit die VK geantagoniseer het en tot 'n omstrede kwessie in die interne politieke arena verhef is. In die daaropvolgende Brexit-onderhandelings het die EG 'n groot twispunt gebly. Die EG-skakel tot 'n oplossing was vanselfsprekend. Die oomblik toe die VK besluit het om bande met die EU te verbreek, het elke aspek van Brexit 'n kwessie van buitelandse beleid geword en gebly – vir die VK, sowel as die EU. In die proses was die EG 'n aangeleentheid waaroor die EU nie bereid was om te skik nie. Die eenvoudige rede is dat die Unie se Hof nog altyd betrokke was – en steeds sal wees – om die noodsaaklike toesig oor die EU se verdrae, ander internasionale verpligtinge en wetgewing te hou.

Van al haar rooilyne en die aanvanklike ferm standpunt dat “Brexit beteken Brexit” het nog niks gekom nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Eerste minister May se onverbidde standpunte, wat sy herhaaldelik as rooilyne getrek het, is sonder klaarblykbare begrip vir die afsonderlike en gesamentlike implikasies daarvan. Noodwendig moes dit lei tot onvermydelike afwatering van voorheen oënskynlik ononderhandelbare voorwaardes – die gevolg was beskuldiging van troubreuk deur haar vurige opponente in haar party. Sou sy 'n strategiese plan in plek gehad het, sou sy geweet het dat afwykings onvermydelik sou wees. Ook haar taktiese denke het haar dogmatiese besluite laat neem wat sy later moes omkeer. Die aankondiging van die onttrekkingsdatum wat niemand op haar geforseer het nie; die saak in die Britse Hoërhof oor Artikel 50 van die Verdrag van Lissabon waarin beslis is dat die

⁴⁷ Rohac (2019).

Parlement en nie die regering nie die kennisgewing aan die EU oor onttrekking moet magtig;⁴⁸ dat Brexit-dag 29 Maart 2019 sal wees en geen uitstel ondenkbaar is; dat die eerste fase van die onderhandelinge met die EU voor einde 2017 afgehandel moes wees. Haar tydraamwerke was altyd net te idealisties en onprakties om haalbaar te wees.

Almal sidder vir wat volgende gaan gebeur. Tyd sal leer watter finale politieke prys mev. May uiteindelik gaan betaal en hoe gou. In vele opsigte is haar dae as eerste minister getel; ook na die besluit van haar party dat sy nie die volgende algemene verskiesing as leier sal aanvoer nie. Sy is eintlik polities verwoes. Haar antagoniste in die VK skroom ook nie om almal daaraan te herinner dat die eerste minister 'n sterk ondersteuner van die bly-groep in die referendum van 2016 was nie. Brexit-aanhangers beskuldig haar openlik van wat hulle nog heeltyd vermoed – haar toewyding tot Brexit is slegs voorgee.

In 'n kwessie van enkele weke het die hele Brexit-proses ontrafel. Die eerste minister en haar regering het 'n droewige nalatenskap verseker – geen beslissende gebeure of bepalende besluite nie, maar eerder 'n onvermoë om enige aanvaarbare onderhandelingsooreenkoms rondom Brexit te bereik. 'n Reeks foute het gelei tot die mees katastrofiese mislukking in die geskiedenis van die VK die afgelope sewe dekades.

Van Junie 2016 tot April 2019 het die hele Brexit-oefening en onderhandelingsproses waardevolle lesse opgelewer. Een wat besonder moeilik was vir mev. May om te aanvaar, was die hoë premie wat die EU op die integriteit van sy regsorde gestel het en hoe onlosmaaklik die EG deel van die hele bestel van die EU is wat deur die gepaardgaande solidariteit van al die ander lidlande onvoorwaardelik gesteun is. Die ander een was om suksesvol te wees, beleid rakende buitelandse aangeleenthede vereis dat eenheid binnelands deurslaggewend is.

SLOT

Toe die referendum in Junie 2016 plaasgevind het, is kiesers wysgemaak dat Brexit sal beteken dat die VK demokrasie, soewereiniteit en identiteit sal terugwin. Die pogings om met die EU tot 'n vergelyk te kom wat vir die Parlement aanvaarbaar sou wees, het teen die einde van April 2019 net die teenoorgestelde aangedui. Derduisende reëls en regulasies van die EU reguleer onderwerpe soos handel, boerdery, bankwese, intellektuele eiendom, verbruikersveiligheid, die omgewing, menseregte, energie en vele ander. Brexit beteken dat die VK al hierdie reëls en regulasies moet herskryf om alles in ooreenstemming met dié van die EU en 180 ander lande wêreldwyd te bring ten einde ekonomiese verhoudinge met almal te kan handhaaf.

Na byna drie jaar is die einde van Brexit nog nie in sig nie. Die VK het nog nie eers die eerste fase van die hele proses voltooi nie. Wat die VK het om te wys vir al sy pogings is dat geloof in die demokrasie op 'n laagtepunt is en dat veragting vir die Parlement toeneem.⁴⁹ Netso belangrik is die kiesers se tamheid met hoofstroom politieke partye. Gevolglik het daar 'n hele aantal bewegings ontstaan en het straatproteste toegeneem. 'n Nuwe politieke party is ook gestig – die Brexit Party. Noudat die VK aan die Europese parlementêre verkiesings gaan deelneem, word die kanse al hoe groter dat lede van hierdie nuwe party wat verkies sal word nie net groot konsternasie in daardie Parlement kan veroorsaak nie, maar inderdaad ook tuis heelwat ongemaklikhede aan mev. May kan besorg. Hulle sal 'n afbrekende betrokkenheid handhaaf wat die funksionering van die instelling en sy prosesse, veral die aanvaarding van

⁴⁸ Die gevolg van hierdie beslissing het later ook duideliker geword toe die Parlement 'n al groter rol in besluitneming oor die onttrekkingsooreenkoms begin neem het. R (on the application of Miller and Dos Santos) v. Secretary of State for Exiting the European Union (2017).

⁴⁹ Green (2019).

begrotings en die goedkeuring van hangende hervormingsvoorstelle, erg kan ontwig.⁵⁰ In die laaste gedeelte van April 2019 het die kruispartysamesprekings tussen die eerste minister en Corbyn voortgeduur om 'n weg vorentoe te bedink; agterbankers van mev. May se party was steeds besig om planne te beraam om op een of ander wyse van haar ontslae te raak; haar ministers veg moedig voort teen haar vervanging – eintlik meer oor hul eie politieke oorlewing as hare; en intussen dreig die Europese verkiesing wat vernietigend vir groot partye mag wees. Wanneer die finale onttrekkingsooreenkoms deur die Parlement in Londen goedgekeur is, moet dit daarna ook aan die Europese Parlement vir bekragtiging voorgelê word. Oor watter standpunte nuwe partye hieroor in daardie debat sal inneem, kan net bespiegel word.

Op die dag van uittrede word daar van die VK verwag om te onttrek aan alle eksterne EU-ooreenkomste, elkeen met sy eie stel eksterne implikasies en gevolge wat verreikend en kompleks vir die VK gaan wees.⁵¹ Wat ook al die uitkoms, 'n post-Brexit gaan aan die VK baie veeleisende uitdagings op talle fronte bied. Noodwendig gaan die VK nie in 'n sterker posisie wees as wat dit was nie of wat die beyweraars vir Brexit die heeltyd voorgegee het dit sou wees nie. Die EU gaan ook nie aan gevolge ontsnap nie. Die huidige verknorsing waarin die VK sig tans met Brexit bevind, vereis spoedige, gefokusde en volhoubare politieke wil wat deur politieke aksie opgevolg word.

BIBLIOGRAFIE

ARTIKELS

- Barnard, Catherine & Menon, Anand. 2019. 'Clean Brexit' sounds so simple, doesn't it? Trouble is, it doesn't exist. *The Guardian*, 21 May 2019.
- Blair, Tony. 2019. Devolution, Brexit and the future of the Union. *Institute for Government*, 29 April 2019.
- Boffey, Daniel. 2019. How May's failed deal shattered EU relations. *The Guardian*, 19 April 2019.
- Dempsey, Judy. 2019. What Brexit Is Doing to Europe. *Carnegie Europe*, 16 April 2019.
- Durrant, Tim, et al. 2019. Negotiating Brexit: Preparing for talks on the UK's future relationship with the EU. *Institute for Government*. 16 April 2019. Bls. 1-49.
- Eksteen, Riaan. 2019. Die Rol van die Hoogste Howe van die VSA, Suid-Afrika en die Europese Unie in Buitelandse Aangeleenthede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(1):1-16.
- Grasso, Costantino. 2018. The European Court of Justice as a bastion of democracy and rule of law. *openDemocracy*, 20 September 2018.
- Grey, Christopher. 2019. Theresa May's tactical guile is rivalled only by her strategic incompetence. *Prospect*, 18 April 2019.
- Harris, John. 2019. My England is in a mess. Scotland's case for splitting away is stronger than ever. *The Guardian*, 29 April 2019.
- Hawkes, Malcolm. 2017. Extradition and Brexit: What comes next? *Malcolm-paper*: 1-8.
- Hillion, Christophe. 2018. Brexit means Br(EEA)xit: The UK withdrawal from the EU and its implications for the EEA. *Common Market Law Review*, 55(1):135-156.
- Hopkin, Jonathan. 2018. Will Brexit Bring Down Theresa May's Government? – The Chequers Plan and Its Discontents. *Foreign Affairs (Snapshot)*, 24 July 2018.
- Johnston, Philip. 2016. The European Court of Justice ruling on state surveillance is exactly why we are leaving the European Union. *The Telegraph*, 22 December 2016.
- Kahl, Colin & Brands, Hal. 2017. Trump's Grand Strategic Train Wreck. *Foreign Policy*, 31 January 2017.
- Khan, Mehreen. 2017. ECJ will have 'no future role' in UK laws after Brexit. *Financial Times*, 30 March 2017.
- Knight, Sam. 2018. Theresa May's impossible choice. *The New Yorker*, 30 July 2018.

⁵⁰ Sloat (2019).

⁵¹ Hillion (2018:156).

- Lawlor, Sheila. 2018. Deal, No Deal? The Battle for Britain's Democracy. *POLITEIA*, October 2018.
- Leigh, Michael. 2019. How Britain got it so wrong on Brexit. *The Guardian*, 27 March 2019.
- Lloyd, Lewis. 2019. The Brexit Effect: How government has changed since the EU referendum. *Institute for Government*, 29 March 2019.
- Matthews, Owen. 2019. Brussels Bets a Delay Until Halloween Will Spook Britons into Staying. *Foreign Policy*. 11 April 2019.
- O'Donoghue, Daniel. 2019. Brexit could push Scottish independence over the line. *The Press and Journal*, 30 April 2019.
- Paduano, Stephen. 2019. This Is What 'Taking Back Control' Looks Like. *Foreign Policy*, 27 March 2019.
- Parikh, Tej. 2019. Britain Can't Afford to Keep Talking About Brexit. *Foreign Policy*, 24 April 2019.
- Payne, Adam. 2018. Theresa May surrenders her Brexit red line on taking back control from EU judges. *Business Insider*, 30 July 2018.
- Rankin, Jennifer. 2017. May's obsession with ECJ over Brexit 'daft', says former senior judge. *The Guardian*, 13 June 2017.
- Rohac, Dalibor. 2019. Taking back control sounded good in 2016. It won't be so easy in the Trump era. *Foreign Policy*. 1 May 2019.
- Sampson, Thomas. 2017. Brexit: The Economics of International Disintegration. *Journal of Economics Perspectives*, 31(4):163-184.
- Sloat, Amanda. 2019. The Brexit Breakup Gets Messier. *Foreign Affairs (Snapshot)*, 27 March 2019.
- Sternberg, Daniel. 2017. Frozen in Time? The Court of Justice of the EU after Brexit. *DELTA – Defence Extradition Lawyers Forum*, 5: 5 May 2017.
- Strategic Forecast (Startfor) Worldview. 2019. Which European Countries Are the Most Politically Fragmented?
- Whitman, Richard. 2018. UK foreign and security policy post-Brexit: The search for a European Strategy. *Ulbrieff (Swedish Institute of International Affairs)*, No. 1, 2018.
- Wintour, Patrick. 2018. Thanks to Brexit, the British voice counts for less at the UN. *The Guardian*, 27 September 2018.
- Wintour, Patrick. 2019a. May 'did not understand EU when she triggered Brexit'. *The Guardian*, 5 March 2019.
- Wintour, Patrick. 2019b. Hard Brexit would be costly chaos, says former head of WTO. *The Guardian*, 21 March 2019.

DOKUMENT VAN DIE EUROPESE UNIE

Lissabonverdrag van 2009

HOËRHOF VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK

R (on the application of Miller and Dos Santos) v. Secretary of State for Exiting the European Union. 2017. UKSC 5, 24 January 2017.

REGSOPINIE VAN DIE ADVOKAAT-GENERAAL VAN DIE EG

Advocate General Sharpston. Request for an Opinion pursuant to Article 218(11) TFEU – Conclusion of the Free Trade Agreement between the European Union and the Republic of Singapore – Allocation of competences between the European Union and the Member States. Opinion procedure 2/15, 21 December 2016.

VERENIGDE NASIES (UNCTAD)

UNCTAD. 2019. Brexit. Implications for Developing Countries. UNCTAD Research Paper No. 31, UNCTAD/SER/RP/2019/3, April 2019.

WITSKRIF VAN DIE VK

Cm 9417 (2017) The United Kingdom's exit from and new partnership with the European Union. Presented to Parliament by the Prime Minister by Command of Her Majesty. Printed in the UK by the Williams Lea Group on behalf of the Controller of Her Majesty's Stationery Office, London. [Eerste Brexit Witskrif]

ADDISIONALE ARTIKELS

- Abulafa, David. 2017. Sovereignty, Parliament and the Supreme Court In: Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament. *POLITEIA*.
- Agerholm, Harriet. 2018. Theresa May 'to refuse any Brexit deal that threatens integrity of UK'. *Independent*, 28 February 2018.
- Arnheim, Michael. 2017. Theresa May's Ill-Advised Hostility To The European Court Of Justice. *Huffpost, UK*, 30 June 2017.
- Bárd, Petra. 2018. The Effect of Brexit on European Arrest Warrants. *CEPS Papers in Liberty and Security in Europe*, No. 2018-02:1-12.
- Beard, Stephen. 2018. Brexit creates problem on Northern Irish border. *Marketplace*, 26 June 2018.
- Blitz, James. 2017. Britain's unhelpful obsession with the European Court of Justice. *The Financial Times*, 5 July 2017.
- Casalicchio, Emilio. 2018. Major blow for Theresa May as EU leaders say the Chequers plan for Brexit 'will not work'. *PoliticsHome*, 20 September 2018.
- Chrysogelos, Angelos. 2016. The EU's Crisis of Governance and European Foreign Policy. *Chatham House: The Royal Institute of International Affairs Research Paper - Europe Programme*: 1-24.
- Clark, Jonathan. 2017. Where does Sovereignty Reside? In: Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament. *POLITEIA*.
- Coates, Sam. 2018. Brexiteers braced for concessions on EU court's role. *The Times*, 18 June 2018.
- Coates, Sam. 2018. All Brexit options would hurt UK economy. *The Times*, 28 November 2018.
- Crisp, James. 2018. 'It will not work' – EU leaders reject Theresa May's Chequers proposals for Brexit. *The Telegraph*, 20 September 2018.
- Crisp, Peter. 2017. Triggering Article 50 and the Independent Judiciary. In: Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament. *POLITEIA*.
- Dempsey, Judy. 2018. Europe after a No-Deal. *Carnegie Europe*, 20 December 2018.
- Eeckhout, Piet. 2017. Brexit and the ECJ red line. *UCL European Institute*, 29 August 2017.
- Fitzgerald, Oonagh; Lein, Eva. 2018. Complexity's Embrace: The International Law Implications of Brexit.
- Fletcher, Martin. 2019. The humbling of Britain. *New Statesman America*, 27 March 2019.
- Forsyth, James. 2018. Theresa May concedes that the European Court of Justice will have a role during the Brexit transition. *The Spectator*, 9 October 2017.
- Hall, Peter. 2018. Brexit and Broken Promises. *Foreign Affairs (Snapshot)*, 16 November 2018.
- Hawkes, Steve. 2018. Theresa May's Brexit deal branded a 'sell-out' as it keeps UK tied to EU and ECJ until 2022 at the cost of £800m a month – on top of £39bn divorce bill. *The Sun*, 28 November 2018.
- Heath, Allister. 2018. If Brexit is not delivered, it will be Theresa May's Iraq WMD moment. *The Telegraph*, 11 July 2018.
- Heath, Allister. 2018. Britain cannot accept this horrific, humiliating surrender to the EU. *The Telegraph*, 14 November 2018.
- Hillion, Christophe. Withdrawal under Article 50 TEU: An Integration-friendly Process. *Common Market Law Review*, 55(2/3): 29-56.
- Howard, David. 2017. Making Constitutional Change A Matter for the Courts or the Commons? In: Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament. *POLITEIA*.
- Jackson, Stewart. 2018. Theresa May is backing herself into a disastrous blind alley. *The Times*, 6 August 2018.
- Kellner, Peter. 2018. Brexit: Time to Drop the Niceties. *Carnegie Europe*, 5 June 2018.
- Kellner, Peter. 2018. Brexit: Who Will Blink First? *Carnegie Europe*, 25 September 2018.
- Kellner, Peter. 2018. Theresa May's Worsening Woes. *Carnegie Europe*, 15 November 2018.
- Kellner, Peter. 2018. Brexit: What Brexit? *Carnegie Europe*, 13 December 2018.
- Kellner, Peter. 2019. Brexit's Endgame. *Carnegie Europe*, 1 April 2019.
- Kettle, Martin. 2018. Brexit: now it's a battle over who governs Britain. *The Guardian*, 19 July 2018.
- Lawlor, Sheila. 2017. Introduction Parliament and the Popular Will: Where Power Lies. (Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament). *POLITEIA*.

- Maddox, David. 2018. Tough-talking May warns she won't let EU 'break up Britain'. *Express*, 21 July 2018.
- Matthews, Owen. 2018. Brexit Is Falling Apart – Slowly. *Foreign Policy*, 5 December 2018.
- McTague, Tom. 2019. How the UK lost Brexit battle. *Politico*, 27 March 2019.
- Nelson, Fraser. 2018. The EU has brutally killed Chequers, and the UK must now brace itself for a 'blind Brexit'. *The Telegraph*, 20 September 2018.
- O'Hara, Glen. 2018. No Brexit, No Exit From Brexit, and Nobody in Charge. *Foreign Policy*, 10 December 2018.
- O'Leary, Brendan. 2019. How Theresa May's Brexit Deal Collapsed: The Return of the Irish Question, *Foreign Affairs (Snapshot)*, 25 March 2019.
- O'Sullivan, John. 2018. Lies, Damned Lies, and Lies for Europe. *National Review*, 20 July 2018.
- O'Toole, Fintan. 2018. Brexit White Paper puts UK on road to nowhere. *Irish Times*, 17 July 2018.
- Parfitt, Tom. 2018. 'It's weak and FEEBLE' Jacob Rees-Mogg LASHES May's Brexit plans in furious rant. *Express*, 15 August 2018.
- Parker, George. 2018. May throws down gauntlet to EU with warning of Brexit standstill. *The Financial Times*, 21 September 2018.
- Samuel, Juliet. 2018. Theresa May and the EU think they can dupe the voters. *The Daily Telegraph*, 11 August 2018.
- Sandbu, Martin. 2019. Brexit and the Future of UK Capitalism. *The Political Quarterly*, 90(2):187-199.
- Sloat, Amanda. 2018. The Brexit endgame: Parliament strikes back. *Brookings*, 5 December 2018.
- Sturgeon, Nicola. 2018. Britain deserves a better Brexit than the one May is offering. *The Guardian*, 21 November 2018.
- Stewart, Heather. 2018. Salzburg humiliation leaves May idling at the Brexit crossroads. *The Guardian*, 20 September 2018.
- Swinford, Stephen. 2018. Secret 'fallback' plan if all May's proposals are rejected by EU. *Independent*, 28 July 2018.
- Tapsfield, James. 2018. Brexiteers berate May for conceding EU judges can STILL get a say by advising a joint committee of UK and Brussels officials on enforcing rules. *Mail Online*, 1 July 2018.
- The Economist*. 2017. Britain may find it hard to escape the European Court of Justice – Every trade relationship needs an umpire, like it or not. 2 March 2017.
- Tilford, Simon. 2018. A No-Deal Brexit Will Destroy the British Economy. *Foreign Policy*, 2 October 2018.
- Timothy, Nick. 2018. This was the week that Brexit died. *The Telegraph*, 4 December 2018.
- Tombs, Robert. 2017 'Brexit means Brexit': Who Decides? In: Triggering Article 50: Courts, Government & Parliament. *POLITEIA*.
- Tominey, Camilla. 2018. Theresa May is 'abandoning Brexit' with latest plan as EU will rule the UK – warns expert. *Sunday Express*, 29 July 2018.
- Walshe, Garvan. 2018. Brexit is Destroying Britain's Constitution. *Foreign Policy*, 18 December 2019.
- Walton, Calder. 2019. The Spies Who Came In From the Continent. *Foreign Policy*. 27 April 2019.
- Woodcock, Andrew & Lister, Sam. 2018. Theresa May's Brexit plans 'dead' after EU's chief Brexit negotiator blows hole in Chequers blueprint. *Independent*, 26 July 2018.
- Wright, Oliver. 2018. Theresa May's credibility takes another bashing. *The Times*, 17 July 2018.

Die ramp van Brexit

LEOPOLD SCHOLTZ

Navorsingsgenoot, Navorsingsfokusgebied Sosiale Transformasie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomse kampus

E-pos: leoscholtz@yahoo.com

LEOPOLD SCHOLTZ het aan die Universiteit van Stellenbosch, die ou Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Leiden gestudeer, waar hy in 1978 in die geskiedenis gepromoveer het. Hy was onder meer adjunkredakteur van *Die Burger* en Europa-korrespondent vir die Media-24-koerante. Hy was lid van die Raad van die SA Akademie, asook buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy sy verbintenis as navorsingsgenoot voortgesit en later vir die Noordwes-Universiteit verruil het. Hy is tans – op papier – afgetree, maar gaan voort as akademikus en ontleder van die internasionale politiek saam met sy vrou.

LEOPOLD SCHOLTZ studied at the University of Stellenbosch, the former Rand Afrikaans University and the University of Leiden, where he received a PhD in history in 1978. He was, inter alia, deputy editor of *Die Burger* and Europe correspondent for the Media24-newspapers. He was a member of the Council of the SA Academy, as well as professor extraordinaire at the University of Stellenbosch, where he continued as research fellow, before he exchanged it for the Northwest University. He is presently – on paper – retired, but he continues as academic and analyst of international politics together with his wife.

INLEIDING

In sy ontleding van die rampspoedige Brexit-sage het dr. Riaan Eksteen by wyse van spreke die meeste note gedruk wat hy moes. Dié antwoord, wat op versoek van die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* geskryf word, moet dus nie gesien word as kritiek op sy artikel nie; eerder as aanvulling op 'n gevolgtrekking waarmee ek volmondig saamstem.

Kom ons begin deur die probleem uit 'n ietwat ander hoek te bekyk, te wete die belange wat op die spel is, asook die verskillende politieke kulture en die gevolglike politieke-ideologiese bril waardeur aan weerskante van die Engelse kanaal na die saak gekyk word. Aan Europese kant kyk ons, om mee te begin, na Europese eenwording as vredesprojek.

Dit is vir Suid-Afrikaners, wat nie die twee wêreldoorloë aan eie lyf meegemaak het nie, moeilik om dié saak ten volle te begryp. Oorlog is in Europa niks vreemds nie – sedert die Middeleeue het die vasteland herhaaldelik verwoestende oorloë en onnoembare menslike ellende meegemaak. Maar selfs rampe soos die Dertigjarige Oorlog in Duitsland (1618–1648) of die Napoleontiese oorloë (1795–1815) het in intensiteit verbleek in vergelyking met die Eerste en Tweede Wêreldoorlog (1914–1918 en 1939–1945).

In die Eerste Wêreldoorlog het tot 10 miljoen soldate gesterf.¹ Oor die gevolge daarvan het Winston Churchill later geskryf: “[W]hen all was over, torture and cannibalism were the

¹ J.M. Roberts: *Twentieth Century. History of the World, 1902 to the Present* (London, Allen Lane, 1999), p. 266.

only expedients that the civilised, scientific Christian states had been able to deny themselves.”² Die Tweede Wêreldoorlog het in Europa alleen nagenoeg 45 miljoen lewens geëis.³ Europa was ’n smeulende puinhoop. Talle stede en dorpe was niks meer as ruïnes nie. Die Amerikaanse historikus prof. David Nasaw (City-Universiteit van New York), skryf:

For other Europeans – and we count their numbers in the tens of millions also – the fruits of war were desperation, hunger and homelessness. There was not enough food on the continent, nor would there be for years to come; what food there was could not be transported to those who needed it. ... The Netherlands had lost 60 percent of its road, rail and canal transport. ... A fifth of all German living space – 3,6 million apartments – were no longer habitable; and some 20 million Germans were left homeless. Conditions were even worse in the Soviet Union, where 70 000 villages, almost 2 000 towns and cities, 32 000 factories, and 40 000 miles of track were ruined; some 25 million people left homeless; and millions more forcibly relocated from their former homes to new ones.⁴

Sy kommentaar is in die kol: “It is infinitely easier to start wars and to fight them than it is to end them. Wars beget war; the signing of treaties and the celebration of victory do not bring about peace. These are but a few of the historical lessons we appear not to have learned.”⁵

’n Aanvanklike emosioneel-wraaksugtige reaksie het gevolg. Duitsland is in vier streke verdeel, en daar is ernstig oorweeg om die land sosiaal-ekonomies tot die vlak van die Middeleeue terug te dwing. Maar verstandiger staatsmanne, veral Winston Churchill van Brittanje, en Charles de Gaulle en Robert Schuman van Frankryk, het die les van die geskiedenis ingesien: Dat dit die vyandskap slegs opnuut sou laat eskaleer en, al was dit pas ná verskeie dekades, wêér tot ’n oorlog – die keer nóg verwoestender as ooit – sou lei. Die patroon van vyandskap en onreg wat met erger vyandskap en onreg beantwoord word, moes deurbreek word. Bowendien het ’n nuwe bedreiging in die ooste, Josef Stalin se Sowjetunie, opgedoem. Dit was tyd vir ’n nuwe begin.

’n Eerste stap was die stigting van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Navo) in 1949. Dat die Bondsrepubliek van Duitsland (die drie Duitse streke wat in 1949 tot Wes-Duitsland saamgevoeg is), ondanks twyfel en onsekerheid, in 1955 die groen lig gekry het om te herbewapen en lid van Navo te word, was ’n deurbraak. Maar meer was nodig: Dit was noodsaaklik dat die tradisionele aartsvyandskap tussen Duitsland en Frankryk beëindig word. In Duitsland was dit veral sy kanselier, Konrad Adenauer, wat die dryfkrag van die versoening sou word. In sy herinneringe het hy só geskryf:

’n Oplossing van die Duitse vraagstuk moes gevind word, wat van organiese aard en dus duursaam sou wees en wat ons Westerse bure sou gerusstel en hulle ’n duursame gevoel van veiligheid sou gee. ... Ek is Duitser, maar ek is en was ook altyd Europeër en het my só gevoel. ... Ek het my besonderlik besig gehou met die probleem van ’n Verenigde State van Europa, waartoe Duitsland moes behoort. In die toekomstige Verenigde State van Europa het ek die beste en mees duursame beveiliging van die Westerse bure van Duitsland

² Aangehaal in Allen C. Guelzo: “The Great War’s great prize” (*National Review*, 12.11.2018, p. 32).

³ National WWII Museum: “Research starters: Worldwide deaths in World War II”, by <https://www.nationalww2museum.org/students-teachers/student-resources/research-starters/research-starters-worldwide-deaths-world-war> (opgeroep op 01.05.2019).

⁴ David Nasaw: “The fruits of World War” (*The Nation*, 25.5.2015, p. 10).

⁵ Ibid.

gesien. ... In die toekomstige Verenigde State van Europa het ek die groot hoop vir Duitsland en daarmee vir Europa gesien: Ons moes Frankryk, Holland, België en die ander Europese lande daaraan probeer herinner dat hulle net so goed soos ons in Wes-Europa lê, dat hulle ons bure is en vir altyd sal bly, dat alle geweld wat hulle ons aandoen ten slotte tot euwels moes lei, dat geweld nooit tot 'n duursame vrede in Europa kon lei nie.⁶

Adenauer se oplossing, wat mettertyd die algemeen aanvaarde rigting in Europa geword het, was om die Europeërs se vrees vir Duitsland te neutraliseer deur dié land as 't ware in Europa onder te dompel. Dit het gelei tot die totstandkoming van die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap in 1950 as voorloper van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) in 1957. Die EEG is wyd gesien as die begin van 'n Verenigde State van Europa, waar 'n herhaling van die twee wêreldoorloë heeltemal onmoontlik sou wees.

Aanvanklik was slegs ses lande lid van die EEG: Wes-Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland, België en Luxemburg. Brittanje het lank aan die deur geklop om ook aan te sluit, maar is telkens geveto deur die Franse pres. Charles de Gaulle. De Gaulle was weliswaar ten gunste van 'n verenigde Europa, maar een waar Frankryk dieselfde leidende rol sou speel as wat Bismarck se Pruise in die verenigde Duitsland van 1871 gehad het.⁷ Twee lande het in die pad van dié ideaal gestaan: Amerika en die land wat De Gaulle as potensieël Amerikaanse perd van Troje in Europa gesien het, Brittanje.

Op 'n perskonferensie op 14 Januarie 1963 in die presidensiële Elysées-paleis in Parys het hy verduidelik dat Brittanje se “natuur, struktuur, omstandighede, eie aan Engeland” anders as dié van die vastelandse lande is. Britse lidmaatskap sal dus die hele aard van die EEG verander: “Dit is voorspelbaar dat die samehang van al sy lede, wat spoedig baie groot en baie divers sou wees, nie lank sal duur nie en dat dit inderdaad sou lyk soos 'n kolossale Atlantiese gemeenskap onder Amerikaanse afhanklikheid en leiding, en dit is glad nie wat Frankryk wou doen en tans doen nie, wat 'n streng Europese konstruksie is.”⁸

Net 'n paar maande later het De Gaulle en Adenauer 'n Frans-Duitse vriendskapsverdrag gesluit, waarmee die tradisionele vyandskap finaal begrawe is.⁹ Sederdien het die EU gedraai om die spil Bonn-Parys – deesdae Berlyn-Parys. Ondanks duidelike benaderingsverskille het dit al tradisie geword dat 'n nuwe staatshoof in Parys al die eerste dag ná sy bewindsoorname besoek aan Berlyn bring en andersom. Oor alle groot internasionale probleme word uitvoerig oorleg tussen die twee hoofstede gepleeg.

In 1969 het De Gaulle van die politieke toneel verdwyn, en op 1 Januarie 1973 het Brittanje tog lid van die EEG geword. Hierna het steeds meer lande toegang gekry, maar dit was die val van die Berlynse Muur op 9 November 1989, die opheffing van die Warschau-Pakt (die kommunistiese teenhanger van Navo) en die uiteenval van die Sowjetunie einde 1991 wat Europa in 'n stroomversnelling gebring het. Die nuwe wêreldorde het die potensiaal gehad om vir groot ontwrigting te sorg as sake nie baie sorgvuldig bestuur is nie. Veral die hereniging van Duitsland op 3 Oktober 1990 het harte in verskeie Europese hoofstede laat fladder. Maar die Duitse bondskanselier, Helmut Kohl, se standpunt, soos hy dit van die begin af gestel het,

⁶ Konrad Adenauer: *Erinnerungen 1945–1953* (Stuttgart, Deutsche Verlags-Anstalt, 1965), pp. 41–42.

⁷ Henry Kissinger: *Diplomacy* (New York, Simon & Schuster, 1994), p. 606.

⁸ Jean Lacouture: *De Gaulle the Ruler: 1945–1970* (Londen, Harvill, 1985), p.358.

⁹ Vgl. 'n interessante perspektief hierop van Corine Defrance: “The Élysée treaty in the context of Franco-German socio-cultural relations” (*German Politics & Society*, 31/1, Spring 2013, pp. 70–91).

was dat die hereniging gebou sou word op “die legitieme belange van ons bure, vriende en vennote in Europa en die wêreld”.¹⁰

Maar meer as dít was nodig. Toe die skares op die dag van die Duitse hereniging voor die *Reichstag* in Berlyn saamdrom, het Kohl later geskryf, “was ek my ook sekerlik daarvan bewus dat ons slegs ’n deel van die visie waarmee ons ná die oorlog aangetree het, verwerklik het. Voor ons het toe gelê, en lê ook vandag nog, die volbrenging van die ander deel: die vereniging van Europa.”¹¹ Dit kon slegs gebeur indien Duitsland sy eie belange ondergeskik aan dié van die res van die vasteland stel en homself onskadelik maak deur sy onderdompeling in die nuwe EU. Dus is die EEG in 1991 omskep tot die Europese Unie (EU), waarmee die EEG-bande geïntensiveer is. Kragtens die Schengenverdrag is die grense tussen die meeste lidlande oopgestel. Dalk nog die belangrikste van alles: Op aandrang van die Franse leier, pres. François Mitterrand het die Duitsers afstand van hul geliefde D-Mark gedoen en ’n gesamentlike munt vir die grootste deel van Europa, die euro, aanvaar.¹²

Die gevolg was die derde groot geopolitieke herskikking in Europa van die 20ste eeu ná dié van 1919 en 1945: Die meeste lande wat voor 1990 onder die Sowjet-heerskappy geval het – Hongarye, Pole, Tsjeggië, Slowakye, Estland, Letland, Litaue, Roemenië, Bulgarye, Kroasië en Slowenië – het saam met Oostenryk, Ciprus, Griekeland, Finland, Malta, Portugal, Spanje en Swede by die EU aangesluit. Die merkwaardigste was dat dit, in teenstelling met die twee vroeëre herskikkings, gebeur het sonder die stort van ’n enkele druppel bloed.

Dit is waar dat die Russe dit alles met groeiende onrus bekyk het. Die gevoel dat Rusland deur ’n oprukkende Navo en EU bedreig word, lê gedeeltelik ten grondslag aan die aggressiwiteit wat president Wladimir Poetin in die algemeen en spesifiek in die Krim en die Oekraïne openbaar. Maar dit is weer ’n ander verhaal.

Sedert die jare negentig het die politieke toneel in Europa weer begin verander, onder meer deur die opkoms van regse en linkse populistiese partye wat geen erg het aan die ideaal van ’n verenigde Europa nie. Trouens, daardie ideaal is by verreweg die meeste leiers prakties dood. Een uitsondering is pres. Emmanuel Macron van Frankryk, wat gereeld vlammende pleidooie vir ’n “soewereine en federale Europa” hou. Weliswaar het Macron en die Duitse bondskanselier, Angela Merkel, begin 2019 die Duits-Franse vriendskapsverdrag van 1963 seremonieel in Aken herbevestig, maar dit verhul die duidelike verskille tussen die twee. Merkel is vir dieper Europese integrasie, maar in teenstelling met haar voorgangers nie vir ’n federale Europa nie. Sy voel hoe die elektorale wind onder haar eie kiesers waai.¹³

Maar ofskoon die steun vir ’n Verenigde State van Europa duidelik sterk afgeneem het, beteken dit nie dat die Europeërs die EU as sodanig die rug toekeer nie. Peilings wys dat daar regoor die vasteland oorweldigende steun vir voortgesette lidmaatskap van die EU is. Die volgende persentasies wys dit: Portugal 92%, Ierland 91%, Nederland 91%, Swede 89%, Duitsland 89%, Pole 89%, Roemenië 89%, Estland 89%, Spanje 88%, België 87%, Denemarke 86%, Slowakye 86%, Bulgarye 83%, Hongarye 81%, Griekeland 75%, Frankryk 74%, Italië

¹⁰ Michael R. Beschloss en Strobe Talbott: *At the highest levels. The inside story of the end of the Cold War* (London, Warner Books, 1994), p. 188.

¹¹ Philip Zelikow en Concolezza Rice: *Germany Unified and Europe Transformed. A Study in Statecraft* (Cambridge, Harvard University Press, 1997), p. 483.

¹² Vgl. Femke van Esch: “Why Germany wanted EMU: The role of Helmut Kohl’s belief system and the fall of the Berlin Wall” (*German Politics*, 21/1, Maart 2012, pp. 34-52).

¹³ Vgl. bv. “Merkels Antwort auf Macron – so will die Bundeskanzlerin Europa verändern” (*Handelsblatt*, 3.6.2018); “Macrons kaum verhüllte Kritik an Merkel” (*Der Tagesspiegel*, 5.3.2019).

72%.¹⁴ Nog 'n peiling het in November 2018 bevind dat 91% van alle EU-burgers die voortbestaan van die organisasie steun.¹⁵ Dit lyk of die politieke chaos waarmee Brexit in Brittanje gepaard gaan, 'n afskrikwekkende uitwerking op burgers elders in die EU het.

Nietemin verander die politieke toneel in 'n ander opsig. Die geslag van Adenauer en Kohl, van De Gaulle en Mitterrand, wat die EEG/EU hoofsaaklik as 'n politieke vredesprojek bedink het, is aan die uitsterf. Merkel is waarskynlik een van die laaste Europese regeringshoofde wat na die Europese integrasieproses as 'n "Friedensprojekt" verwys en dit ook in haar hart bedoel.¹⁶ Ander kan dieselfde woorde gebruik, maar is te jonk om dit mee te maak het. Die Duitse politieke ontleder dr. Anna Sauerbrey het waarskynlik 'n algemene gevoel verwoord toe sy begin 2019 in die Berlynse oggendblad *Der Tagesspiegel* geskryf het dié narratief is agterhaal. Die huidige "Europa regverdig hom daardeur, dat hy die mense van oorlog verlos het. Daarteenoor staan meer en meer 'n funksionele, na buite en op die toekoms gerigte vertelling: Die EU moet in onsekere tye die oorlewing van sy lede verseker."¹⁷ Met ander woorde: Vergeet die verlede, kyk na die hede en die toekoms en bedink 'n nuwe kyk op die belange wat die EU saamsnoer. In dié nuwe narratief pas 'n federale Europa nie.

Teen dié agtergrond het die EU se harde houding teenoor Brexit dikwels die indruk gewek dat die organisasie ander lidlande en hul bevolkings wou ontmoedig om dieselfde pad in te slaan deur harde eise aan die Britte te stel.

BRITTANJE

Die Britte se wêreldbeskouing was altyd eiesoortig. Volgens oorlewering het die Londense koerant *The Times* voor die Eerste Wêreldoorlog 'n beriggie geplaas onder die opskrif: "Heavy fog in Channel. Continent cut off." Dit is dalk apokrief, maar dit vertel wel iets van die manier waarop die Britte hul eie land tradisioneel as die middelpunt van die wêreld beskou.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog, word vertel, het die Britse premier, Winston Churchill, iets aan De Gaulle – toe leier van die Vrye Franse in ballingskap – kwytgeraak wat nogal veelseggend is: "For get this quite clear, every time we have to decide between Europe and the open sea, it is always the open sea we shall choose. Every time I have to decide between you and Roosevelt, I shall always choose Roosevelt."¹⁸ Churchill was ná 1945 wel deeglik ten gunste van 'n Verenigde State van Europa as 'n vredesprojek, maar hy het Brittanje nooit as deel daarvan gesien nie.¹⁹ (Churchill se uitspraak het De Gaulle natuurlik gesterk in sy blokkering van Brittanje se begeerte om by die EEG aan te sluit.)

'n Saak kan daarvoor uitgemaak word dat die Britte inderdaad altyd – steeds – na die see, eerder as na Europa, kyk. Dit gaan natuurlik om die "spesiale band" wat na bewering tussen

¹⁴ "EU membership poll shows no other country would vote to leave" (by <https://www.indy100.com/article/eu-membership-countries-vote-leave-remain-8888956>, opgeroep 3.5.2019).

¹⁵ European Commission: "Public opinion", by <http://ec.europa.eu/commfrontoffice/publicopinion/index.cfm/Chart/getChart/themeKy/3/groupKy/312>, opgeroep 2.5.2019).

¹⁶ "Merkel: Europa ist ein Friedensprojekt – unsere Grundlage ist Kooperation statt Nationalismus", by <https://www.bundestkanzlerin.de/bkin-de/aktuelles/merkel-europa-ist-ein-friedensprojekt-unsere-grundlage-ist-kooperation-statt-nationalismus-1561350> (opgeroep 2 Mei 2019).

¹⁷ Anna Sauerbrey: "Die Sorge vor Krieg reicht nicht als Begründung für die EU" (*Der Tagesspiegel*, 28.1.2019).

¹⁸ Henrik Bering: "The audacity of De Gaulle" (*Policy Review*, 1.2.2013, p. 88).

¹⁹ Paul Johnson: *Modern Times. A History of the World from the 1920s to the 1990s* (London, Orion, 1996), p. 599.

Brittanje en Amerika sou bestaan, maar ook om die gewese Britse Ryk. Laasgenoemde bestaan vir sommige Britte voort in die Statebond.

Die Britse joernalis en politieke ontleder Gary Younge stel dit só:

[W]hile the Brexit vote was certainly underpinned by a melancholic longing for a glorious past, the era it sought to relive was less the Second World War than the longer, less distinguished or openly celebrated period of empire. For if memories of the war made some feel more defiant, recollections of empire made them deluded. Our colonial past, and the inability to come to terms with its demise, gave many the impression that we are far bigger, stronger and more influential than we really are. At some point they convinced themselves that the reason we are at the centre of most world maps is because the Earth revolves around us, not because it was us who drew the maps.²⁰

Een van die leidende voorstanders van Brexit (“Brexiteers”), Boris Johnson, het sy redes om die EU te verlaat só uiteengesit:

And that is why it is such a mistake for us to leave on the Chequers terms, locked in the tractor beam of Brussels. We will not only be prevented from offering our tariff schedules. We will be unable to make our own laws – to vary our regulatory framework for goods, agrifoods and much much more besides. This is politically humiliating for a £2 trillion economy. ... And instead of reasserting our ability to make our own laws, the UK will be effectively paraded in manacles down the Rue de la Loi like Caractacus. ... And if we get it right, then the opportunities are immense. It is not just that we can do free trade deals. In so many growth areas of the economy this country is already light years ahead. Tech, data, bioscience, financial services, you name it. We can use our regulatory freedom to intensify those advantages.²¹

Vir Johnson en die Brexit-entoesiaste gaan dit dus ook om die herwinning van Brittanje se soewereiniteit, wat die land na hul mening aan die EU afgestaan het. Dat Johnson en ander geesgenote tydens die referendumveldtog van 2016 skaamteloos feitelike leuens vertel het,²² verander nie hieraan nie, al roep dit ernstige vrae oor hul eerlikheid op. Feit is dat die leuens- en wêreldbeskouing van die Brexit-voorstanders in die Konservatiewe Party en die UK Independence Party (Ukip) op ’n ouderwetse nasionalisme berus.

NASIONALE SOEWEREINITEIT: ’N FIKSIE

Nasionale soewereiniteit is ’n saak wat al sedert die Vrede van Wesfale in 1618 sentraal in die internasionale politieke regsorde staan.²³ Maar nasionale soewereiniteit is beperk en inderwaarheid in sekere sin ’n regsfigsie. In teorie kan state – binne die beperkings van hul eie wetgewing en

²⁰ Gary Younge: “Britain’s imperial fantasies have given us Brexit” (*The Guardian*, 3.2.2018).

²¹ “Full text of Boris Johnson’s ‘alternative leader’s speech’ at Conservative Party conference fringe”, by <https://inews.co.uk/news/politics/boris-johnson-speech-conservative-conference-fringe/> (opgeroep 2.5.2019).

²² Vgl. James Kirkup: “The lies and liars of Brexit” (*The Spectator*, 19.6.2018); Jonathan Read: “Legal papers lodged against Boris Johnson for ‘lies’ told during EU referendum” (*The New European*, 22.2.2019); Anna Gauto: “Die Lügendetektoren” (*Handelsblatt*, 22.6.2016); Joris Luyendijk: “Brexit op basis van leuens, manipulasie en racistiese gehits” (*NRC Handelsblad*, 29.3.2017).

²³ Kissinger: *Diplomacy*, p. 21.

politieke kultuur – doen wat hulle wil; in die praktyk moet hulle minstens rekening hou met die belange en wense van hul bure, bondgenote en mededingers, en met die volkereg. Namate die wêreld ekonomie meer geïntegreer geraak het, het regerings se beweegruimte afgeneem: Die prys wat hulle vir die oorskryding van dié praktiese grense sou betaal, het steeds verder toegeneem. 'n Goeie voorbeeld was die algemene instelling van invoertariewe ná die Eerste Wêreldoorlog in 'n misplaaste begeerte om die eie ekonomieë teen mededinging te beskerm. Dit het bygedra tot die ineenstorting van internasionale handel en daardeur tot die depressie van die jare dertig. Soos die Amerikaanse regsgeleerde dr. Brink Lindsey dit stel: “In 1930, the disastrous Smoot-Hawley Act raised tariffs sharply just as the nation was falling into the Great Depression. Many countries retaliated with tariff hikes of their own, and world trade plummeted: In the United States, exports as a percentage of total goods production fell more than 20 percent between 1929 and 1933.”²⁴

Dit is maar 'n enkele illustrasie van die grense wat die praktyk aan nasionale soewereiniteit stel. Afgesien van Europa as “vredesprojek” is die EU in al sy lidlande se ekonomiese belang deurdat die opening van die binnegrense vir die beweging van mense en goedere onderlinge handel enorm gestimuleer het. Tussen 2002 en 2018 het die interne handel tussen die 28 EU-lidlande van €150 miljard tot €294 miljard toegeneem, met 'n tydelike skerp insinking tydens die krisis van 2008–2009.²⁵ Luidens amptelike Britse syfers is die EU verreweg Brittanje se grootste handelsvenoot. In 2017 was Britse uitvoer na die res van die EU £274 miljard werd (44% van alle Britse uitvoer) en die invoer £341 miljard (53%).²⁶ Dit wys hoe die Britse ekonomie met dié van die Europese vasteland geïntegreer is sedert die land in 1973 by die destydse EEG aangesluit het.

As die regering van premier Theresa May daarin slaag om 'n behoorlike skeidingsooreenkoms te bereik, sal dit wees soos om 'n arm deur 'n chirurgiese proses van 'n torso te verwyder. Dit is al erg genoeg. Maar as dit sonder 'n skeidingsooreenkoms gebeur, sal dit wees soos 'n arm wat met geweld afgeskéur word. Dit sal gróót trauma en ontwigting veroorsaak – op die vasteland, maar veral in Brittanje self.

Die ironie is dat die Britte dit alles aan hulself te danke het. Toe May se voorganger as premier, David Cameron, in 2016 'n referendum afkondig om oor voortgesette Britse lidmaatskap van die EU te besluit, het hy verwag dat die kiesers vir Europa sou stem. Die probleem was dat sy Konserwatiewe Party tot op die been verdeel was tussen voor- en teenstanders van lidmaatskap. Die party het op 'n skeuring afgestuur. Cameron se dobbelspel was dat 'n oorwinning in die referendum sy pro-Europese hand sou sterk en die teenstanders die swye sou oplê. Dit het klaaglik misluk, want die uitslag was uiteindelik 51,9% vir Brexit en 48,1% vir “remain”.²⁷

Hy het daarop as premier bedank. Sy plek is ingeneem deur Theresa May, wat onmiddellik 'n tweede rampspoedige fout begaan het: Sy het 'n vervroegde algemene verkiesing uitgeskryf in die verwagting dat die Konserwatiewe Party sy meerderheid in die parlement sou vergroot.

²⁴ Brink Lindsey: “A new track for U.S. trade policy” (*Trade Policy Analysis*, 11.9.1998, p. 6).

²⁵ “Intra-EU trade in goods – recent trends”, by https://ec.europa.eu/eurostat/statistics-explained/index.php/Intra-EU_trade_in_goods_-_recent_trends (opgeroep 2.5.2019).

²⁶ House of Commons Library: “Statistics on UK-EU trade”, by <https://researchbriefings.parliament.uk/ResearchBriefing/Summary/CBP-7851> (opgeroep 2.5.2019).

²⁷ “EU referendum results”, by <https://www.electoralcommission.org.uk/find-information-by-subject/elections-and-referendums/past-elections-and-referendums/eu-referendum/electorate-and-count-information> (opgeroep op 2.5.2019).

Ook dit was 'n klaaglike mislukking. Haar party het weliswaar die grootste enkele party gebly, maar sy volstreekte meerderheid verloor. Sedertdien lei sy 'n minderheidsregering wat deur die Noord-Ierse Democratic Unionist Party gedoog word. Haar gesag en geloofwaardigheid in die regering en Konserwatiewe Party en in die land lê aan skerwe.

Sedertdien het May en haar kollegas op 'n amateuragtige en onbeholpe manier met die EU onderhandel. Die rede daarvoor, so lyk dit, is 'n oorskatting van die eie belangrikheid en onderhandelingskrag. Immers, een van die interessante gevolge van die Brexit-debakel is dat die ander 27 lidlande 'n ongekende eenheid openbaar en weier dat die Britte hulle teen mekaar uitspeel.

Dit is waar dat niemand in Europa oor Brexit juig nie. Almal besef dat die Britse afskeid die hele Europa verswak en dat slegs Rusland se Poetin plesier daaruit put. Maar sommige lidlande betreur die vertrek nog meer as ander. Een is Nederland, wat Brittanje altyd as 'n waardevolle bondgenoot teen die Duits-Franse oorheersing van die EU gesien het. In die verwagte afwesigheid van Brittanje het die Nederlandse premier, Mark Rutte, reeds begin met 'n diplomatieke offensief gerig op die kleiner EU-lede in Skandinawië en die Baltiese streek om 'n gesamentlike blok teen die spil Berlyn-Parys te vorm.²⁸

GEVOLGTREKKING

Dat Brexit Europa verswak, is seker. Maar 'n mens moet nie illusies oor Europa se krag hê nie, selfs nie indien Brittanje tog sou bly nie. Die EU is – seker vir die afsienbare tyd – voorbestem om bloot 'n hegte alliansie te wees van state wat dikwels in verskillende rigtings trek. Die vermaarde Duitse kommentator Josef Joffe slaan die spyker op die kop:

Never in our lifetime will this Europe go to war because a majority of member states says so. Nor will elected governments hand over spending and taxation to Brussels – not when their fate at the ballot box hangs on the state of the business cycle. No national parliament will give up the power of the purse, the Holy Grail of democratic governance. Cracking these shells would require fusing 27 post-Brexit states into one, complete with a supreme legislature like Congress and an elected executive like the U.S. president. Yet power in Europe remains rooted in the European Council representing 27 governments jealously guarding their turfs. To list such deficits is not to belittle how many chunks of sovereignty the EU has already pried off. The largest is monetary union, which unites 19 of the 27 in the eurozone. Still, the common currency may well have been one bridge too far, as the recurrent crises of the euro testify – first in Greece, now Italy. While the eurozone will continue to muddle through, the 'ever closer union' of the EU as a whole is receding as we speak.²⁹

Selfs al bereik Theresa May 'n behoorlike skeidingsooreenkoms met Brussel, is Brexit 'n verdere stap in die ondermyning van die stabiele internasionale politieke bouwerk wat ná 1945 en veral ná 1990 met groot moeite opgebou is. Na die ooste is Wladimir Poetin soos 'n skaakspeler op die loer na gapings in die Weste se skansmure wat hy kan oopbreek om, soos sy strategiese doel is, Rusland weer tot die status van groot moondheid te herstel.³⁰ Nóg verder

²⁸ Marc Peeperkorn: "Staat van de Unie: Nederland niet 'second', maar na Duitsland en Frankrijk nummer 3 van Europa" (*De Volkskrant*, 25.1.2019).

²⁹ Josef Joffe: "Europe does not exist" (*Commentary*, 1.2.2019).

³⁰ Vgl. Cristian Nitoiu: "Aspirations to great power status: Russia's path to assertiveness in the international arena under Putin" (*Political Studies Review*, 15/1, 2017, pp. 39-48).

oos is China besig om met sy skouspelagtige ekonomiese groei as nuwe supermoondheid deur te breek. Sy bou van 'n groot vloot en die ekonomiese invloed wat hy wêreldwyd verkry, bring 'n nuwe element in die internasionale politiek waarvan die uitwerking nog onbekend is.³¹ En verder na die weste is pres. Donald Trump besig met 'n ondeurdagte aanslag op die bestaande wêreldorde wat sterk herinner aan 'n bul in 'n porseleinwinkel.³²

Teen dié agtergrond is Brexit uiters negatief vir die internasionale politieke stabiliteit. En, wat dit erger maak: Die onbeholpe, amateuragtige en chaotiese manier waarop Theresa May, haar regering en die Britse politiek in die algemeen die Brexit-proses hanteer, is 'n teksboek-voorbeeld vir staatsmanne hoe om dinge nie te doen nie. As iemand iets hieruit kan leer, kan dit dalk nog 'n nuttige funksie hê. Maar dis moontlik te betwyfel, want as die geskiedenis 'n mens één les leer, is dat die mensdom uiters selde rasonale lesse uit die geskiedenis trek.

³¹ Vgl. "Why China wants a mighty navy" (*The Economist*, 27.4.2019, p. 49); Oriana Skylar Mastro: "The stealth superpower: How China hid its global ambitions" (*Foreign Affairs*, Januarie/Februarie 2019, pp. 31-39); Yan Xuetong: "The age of uneasy peace: Chinese power in a divided world" (*Foreign Affairs*, Januarie/Februarie 2019, pp. 40-49).

³² Keren Yarhi-Milo: "After Credibility: American foreign policy in the Trump era" (*Foreign Affairs*, Januarie/Februarie 2018, pp. 68-77).

Nog klein jakkalsies

My vorige rubriek het ek afgesluit met “Dis die klein jakkalsies wat soms ’n groot verskil kan maak!”. In hierdie rubriek bespreek ek kortliks drie ander klein jakkalsies wat ek onlangs in die pers teëgekom het (in die pers sien ek dikwels sommer groot jakkalse ook, maar dit eers daar gelaat). Is dit dalk ’n aanduiding van ’n toenemende onvermoë by Afrikaansskrywendes om presies te onderskei?

1. Die eerste een handel oor ’n eenvoudige, maar hier wesenlik belangrike, koppelteken in ’n samestelling. Reël 12.7 in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (2017) lui dat as die betekenisverhouding tussen die dele van ’n samestelling weergegee kan word met *en, of, per, tot, tussen* of *van ... tot*, ’n koppelteken tussen die dele geplaas word. Bekende voorbeelde van so ’n *en*-betekenisverhouding is *skriba-kassier* en *Khoi-San*, want eersgenoemde beteken die betrokke persoon is skriba **en** kassier, en laasgenoemde dui daarop dat die bevolkingsgroepering die Khoi **en** die San insluit. Nog ’n algemene geval is *sê-vra*, wat die WAT definieer as “tegelykertyd sê en vra, of op ’n vraende manier sê”.

Prof. Gerhard van Huyssteen, voorsitter van die Taalkommissie en gerekende Afrikaanse morfoloog, sê dié soort samestellings word “neweskikkende samestellings” genoem. Die twee lede word dus naas mekaar gelykgestel, op dieselfde vlak gestel.

In ’n onregistreëse verwysing na juis die Khoi-San word toe in ’n koerantartikel geskryf van “die **jagterversamelaars** van Afrika” – koppeltekenloos. Dit gee ’n heeltemal ander betekenis aan die samestelling (en in dié bepaalde geval ’n betekenis wat deur moedswilliges misbruik kan word). Vergelyk dit met byvoorbeeld *seëlversamelaar*, wat iemand is wat seëls versamel. *Jagterversamelaars* kan (moet?) dus vertolk word as iemand wat jagters versamel, wat klink soos ’n gruverhaal uit ’n koloniale tydperk of ’n ander vorm van koppesnellery! (Sulke samestellings, sê prof. Van Huyssteen, word “onderskikkende samestellings” genoem, wat verreweg die grootste kategorie by samestellings is. By hulle het die eerste lid gewoonlik ’n bepalende funksie by die tweede lid, wat die kern genoem word.)

Hier moes klaarblyklik ’n koppelteken ingevoeg gewees het: *jagter-versamelaars*, want die mense was, sosiologies gesproke, immers sowel jagters as versamelaars. Die klein koppelteken maak dus ’n groot betekenisverskil.

Die volgende twee gevalle – nogal deur iemand wat in die koerantartikel as ’n vryskutskrywer geïdentifiseer word – behels woordpare wat skynbaar maklik verwar word, al het hulle volkome verskillende betekenisse.

2. Die tweede klein jakkalsie behels die werkwoorde *aanvoer* en *aanvoor*. In die WAT word vyf betekenisonderskeidings vir *aanvoer* gegee, maar die een wat hier ter sake is, is: “(figuurlik) Ter stawing bybring; aanhaal: *Bewyse, redes, omstandighede, argumente, ens. aanvoer.*” As ’n mens dus byvoorbeeld *redes aanvoer*, dan verstrek of gee of opper jy die redes, en as jy *bewyse aanvoer*, sê maar in ’n hof, dan lê jy die bewyse aan die hof voor of verstrek of verskaf jy dit.

Daarenteen gee die WAT twee betekenisonderskeidings vir *aanvoor*, en die tersaaklike een hier is “’n Begin maak met iets: *’n Werkie aanvoor. ’n Brief mooi aanvoor en afsluit.*” Die sesde uitgawe van die HAT definieer dit as “(met iets) begin: *’n taak/plan aanvoor; ’n nuwe denkrigting aanvoor.*”

In die sin “Die motief is aangevoer dat die ontdekkings kon lei tot nuwe speserygebiede binne die Spaanse invloedseer” is die bedoeling duidelik nie dat daar met ’n nuwe motief begin is nie. Wat die skrywer seker beoog het, is om die beweegrede vir duur ontdekkingsreise te verstrek – hy/sy wou dus die motivering daarvoor verduidelik. Die sin moes dus gelui het: “Die motief is aangevoer dat ...”

3. By ’n werkgewer ’n dekaede of drie, vier gelede het ons ’n interne personeelblaadje gehad waarin by geleentheid ’n boekbeskouing geplaas is. Die skrywer daarvan het die boek sterk aangeprys, maar toe afgesluit met die sinnetjie: “Helaas, lekker lees!” Klaarblyklik het hy gedink *helaas* beteken iets soos ‘ten slotte, heel laaste’.

Bogenoemde skrywer wat aangevoer het wat hy/sy moes aangevoer het, het skynbaar dieselfde foutiewe indruk gehad, want hy/sy skryf: “Magellaan was steeds op soek na die versteekte deurgang/seeweg en het *helaas* sy skepe deur ’n gevaarlike nou, kronkelende seestraat, vernoem tot die Straat van Magellaan, gelei.”

Indien hierdie keuse van Magellaan daartoe gelei het dat sy klompie skepe vergaan en hulle bemannings omgekom het, en ’n stelling te dien effekte op bostaande sin (effens aangepas) gevolg het, sou *helaas* wel gedeug het, want dan het die skrywer daarmee te kenne gegee dat dit jammer is dat Magellaan so ’n noodlottige besluit geneem het. Die konteks van die artikel maak dit egter duidelik (soos ook die feit dat die seestraat na Magellaan vernoem is) dat dit juis die teenoorgestelde is wat die skrywer bedoel.

Magellaan het naamlik verskeie mislukte pogings aangewend om ’n deurgang na die Stille Oseaan te vind en einde ten laaste deur die “gevaarlike, nou, kronkelende seestraat” sukses behaal het. Die skrywer kon verskeie ander stelwyses gebruik het, soos *op die ou end*; *uiteindelik*; *einde ten laaste*; *mettertyd*; *ten slotte* of iets dergeliks, maar ek raai dat hy/sy waarskynlik *oplaas* in gedagte gehad het. (Terloops, die verdringing van al die maniere waarop ons idiomaties “uiteindelik” of “per slot van rekening” kan sê, deur die gruwelike “op/aan die einde van die dag” en al die mutasies daarvan is nie net onnodig nie, maar werklik betreurenswaardig.)

Helaas, sê die WAT, kan “’n Uitroep van smart, leed, bekommering, droefheid, teleurstelling” wees wat ook bywoordelik gebruik kan word, en die HAT sê dié bywoord beteken ‘tot iemand se spyt’. Daarenteen beteken *oplaas* eenvoudig ‘eindelik, uiteindelik’.

As ’n mens dink aan watter belangrike rol die Afrikaanse pers in die vestiging, standaardisering en uitbouing van Standaardafrikaans gespeel het, is dit nogal kommerwekkend dat hedendaagse subredakteurs (die pers se taalversorgers) nie meer foute soos bogenoemdes raaksien en regmaak nie.

JD (Tom) McLACHLAN
tommcl@whalemail.co.za

BRONNE

- Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.F. Botha [hoofred.]). 2014. *Elektroniese WAT: A tot skooi*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.
Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 6de uitg. Kaapstad: Pearson.

Kwesbare individue en groepe in die samelewing

Ons nooi u graag uit om 'n artikel voor te lê vir 'n temanommer oor kwesbare individue of groepe individue in die Suid-Afrikaanse samelewing,

Ons beoog om deur middel van 'n multi-dissiplinêre aanpak die soeklig te laat val op kwesbare groepe in ons samelewing en die sosio-ekonomiese belemmerings waarmee hulle daaglik te kampe kry. Hopelik sal sodanige ondersoek nie net lei tot groter begrip van die aard en omvang van kwesbaarheid in die samelewing nie, maar ook aanleiding gee tot moontlike maatreëls.

Kwesbare individue en groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing behels onder meer:

- armoediges wat werk- en dakloos is
- kroniese siekes, wat fisiek of geestesongesteld is
- ontheemdes soos immigrante en vlugteling
- verswaktes en onversorgdes soos baie bejaardes

Binne die strukture van die Suid-Afrikaanse samelewing word kwesbaarheid ook in mindere of meerdere mate aangetref by groepe soos

- straatkinders
- vullis-herwinners
- dagloners
- motorwagte
- bedelaars
- mense wat op maatskaplike toelaes aangewese is
- huiswerkers

Indien u belang stel in die onderwerp, tree asseblief in verbinding met gasredakteurs:

DERICK BLAAUW

**Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom**

E-pos: derick.blaauw@nwu.ac.za

RINIE SCHENCK

Departement Maatskaplike Werk
Universiteit van Wes-Kaapland
E-pos: cschenck@uwc.ac.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. HOOFOPSKRIFTE verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag